

6140 925 54

U.O.V.S. BIBLIOTEK

IERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
EEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001167307

Universiteit Vrystaat

# **DIE VERBAND TUSSEN KONSERWATISME EN PSIGOLOGIESE WELSTAND BY ADOLESENTE**

**Johannes Mackenzie Pienaar**

Proefskrif

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad Philosophiae Doctor in  
die Fakulteit Geesteswetenskappe, Departement Sielkunde,

(in Kindersielkunde en Aanverwante Terreine)

aan die Universiteit van die Vrystaat

Januarie 2002

PROMOTOR: Dr. R.B.I. Beukes

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

21 OCT 2002

UGVS SASOL BIBLIOTEEK

## BEDANKINGS

By die aanbieding van hierdie proefskrif spreek ek graag my opregte dank en waardering uit teenoor die volgende persone en instansies:

- My promotor, dr. Roelf Beukes vir sy uiters bekwame leiding en deurlopende ondersteuning.
- Dr. Karel Esterhuyse vir die statistiese verwerkings.
- Die datatikers van die Universiteit van die Vrystaat vir die insleutel van die vraelyste.
- Dr. Manie Wolfaardt vir noukeurige hulp met taal- en tegniese versorging.
- Die skoolhoofde en leerders van die skole waarby die vraelyste afgeneem is.
- Louise Boshoff vir die afneem van die vraelyste in die Gauteng-provinsie.
- My ma vir haar telefoniese ondersteuning en my pa vir sy geestelike teenwoordigheid.
- My vrou Ida vir haar hulp en kameraadskap.

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

BEDANKINGS.....	(ii)
INHOUDSOPGAWE.....	(iii)
LYS VAN FIGURE.....	(x)
LYS VAN TABELLE.....	(xi)
OPSOMMING.....	(xiii)
SUMMARY.....	(xvi)

## HOOFSTUK 1 – PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK

1.1. Inleiding.....	1
1.2. Probleemstelling.....	1
1.3. Navorsingsvrae.....	2
1.4. Navorsingsdoelstellings.....	3
1.5. Begripsomskrywing.....	4
1.5.1. Konserwatisme.....	4
1.5.2. Psigologiese welstand.....	5
1.6. Uiteensetting van die verloop van die navorsingsprojek.....	5

## HOOFSTUK 2 – KONSERWATISME

2.1. Inleiding.....	7
2.2. Definisie van houdings.....	8
2.2.1. Kognitiewe komponent.....	9
2.2.2. Affektiewe komponent.....	10
2.2.3. Konatiewe komponent.....	10
2.2.4. Sosiale komponent.....	10
2.3. Teoretiese bespreking van houdings.....	11
2.3.1. Leerteorieë.....	11
2.3.1.1. Assosiasie.....	12
2.3.1.2. Versterking.....	12
2.3.1.3. Nabootsing.....	13

	<b>Bladsy</b>
2.3.2. Kognitiewe-konsekvente teorieë.....	13
2.3.3. Funksionele teorieë.....	13
2.3.4. Selfpersepsieteorie.....	14
2.3.5. Sosiale konstruksionisme.....	15
2.4 Houdings ten opsigte van sosiale verandering.....	17
2.4.1. Radikalisme.....	18
2.4.2. Liberalisme.....	18
2.4.3. Gematigheid.....	19
2.4.4. Konserwatisme.....	19
2.4.5. Reaksionêr.....	19
2.5. Konserwatisme.....	20
2.5.1. Definisie van konserwatisme.....	20
2.5.2. Konserwatisme as 'n waarde.....	23
2.5.3. Konserwatisme as 'n verdedigingsmeganisme.....	25
2.5.4. Generasionele aard van konserwatisme.....	27
2.5.5. Konserwatisme en outoritarisme.....	28
2.5.6. Aard van konserwatisme: houdingsgroeperinge van Konserwatisme.....	28
2.5.6.1. Godsdienstige fundamentalisme.....	28
2.5.6.2. Behoudende politieke sienings.....	30
2.5.6.3. Aandrang op streng reëls en strawwe.....	30
2.5.6.4. Militarisme.....	32
2.5.6.5. Etnosentrisme en onverdraagsaamheid teenoor minderheidsgroepe.....	32
2.5.6.6. Voorkeure vir konvensionele klere drag, kuns en instellings.....	33
2.5.6.7. Anti-hedonistiese uitkyk en beperking van seksuele gedrag.....	33
2.5.6.8. Teenstand teen wetenskaplike vooruitgang.....	34
2.5.6.9. Bygelowigheid.....	34

	<b>Bladsy</b>
2.5.7. Veranderlikes wat verband hou met konserwatisme.....	34
2.5.7.1. Geslag.....	35
2.5.7.2. Taal en kultuur.....	36
2.5.7.3. Ouderdom.....	37
2.5.8. Konserwatisme en die funksionering van die individu.....	37
2.6. Samevattende gevolgtrekkings.....	39

### **HOOFSTUK 3 – PSIGOLOGIESE WELSTAND**

3.1. Inleiding.....	42
3.2. Konseptuele verklaring van psigologiese welstand op die metateoretiese vlak.....	44
3.2.1. Salutogenese.....	45
3.2.2. Fortogenese.....	46
3.2.3. Psigofortologie.....	46
3.3. Konstrkte geassosieer met psigologiese welstand op hipotesevlak.....	47
3.3.1. Koherensiesin.....	47
3.3.2. Lewenstevredenheid.....	48
3.3.3. Fortaliteit.....	48
3.3.4. Coping.....	49
3.3.5. Gehardheid.....	49
3.3.6. Selfaktualisering.....	50
3.3.7. Potensie.....	50
3.3.8. Psigologiese Weerbaarheid.....	51
3.4. Strukturele modelle van psigologiese welstand op hipotesevlak.....	51
3.4.1. Multidimensionele sisteemmodel van Crose et al. (1992).....	52
3.4.1.1. Samevatting.....	54
3.4.2. Holistiese model vir welstand en voorkoming oor die lewenspan (Witmer & Sweeney, 1992).....	54
3.4.2.1. Samevatting.....	57
3.5. Funksionele model vir psigologiese welstand op hipotesevlak en die empiriese bespreking van konstrkte geassosieer met psigologiese welstand.....	58

	<b>Bladsy</b>
3.5.1. Kumpfer (1999) se transaksionele model.....	58
3.5.1.1. Die akute stressor of uitdaging.....	60
3.5.1.2. Eksterne omgewingskonteks (risiko en beskermende faktore).....	61
3.5.1.3. Persoon-omgewing-interaksionele proses.....	64
3.5.1.4. Interne weerbaarheids eienskappe of weerbaarheids- faktore.....	66
3.5.1.4.1. Weerbaarheids (beskermings) –faktore.....	66
3.5.1.4.1.1. Interne individuele weerbaarheidsfaktore.....	66
3.5.1.4.1.2. Interne psigologiese weerbaarheidsfaktore.....	68
3.5.1.4.2. Risikofaktore.....	74
3.5.1.5. Die weerbaarheidsproses.....	74
3.5.1.6. Positiewe lewensuitkomste.....	76
3.5.1.7. Samevatting.....	77
3.6. Bespreking van modelle.....	77
3.7. Gevolgtrekking.....	78

## **HOOFSTUK 4 – ADOLESSENSIE**

4.1. Inleiding.....	80
4.2. Ontwikkelingsteorie van Erikson (1968).....	82
4.3. Ontwikkelingstake by adolessensie.....	86
4.3.1. Ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte.....	87
4.3.2. Ontwikkeling van geslagsrolle.....	89
4.3.2.1. Kulturele element van geslagsrolle.....	89
4.3.2.2. Fisieke element van geslagsrolle.....	90
4.3.3. Aanvaarding van fisieke veranderinge.....	92
4.3.4. Die soeke, aanleer en aanvaarding van sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag.....	93



**Bladsy**

4.3.5. Ontwikkeling van 'n eie waardesisteem.....	94
4.3.5.1. Kohlberg (1975) se teorie van morele ontwikkeling.....	95
4.3.6. Verkryging van onafhanklikheid vanaf die ouerlike subsisteem en ander volwassenes.....	97
4.3.7. Keuse van en voorbereiding tot 'n beroep.....	98
4.3.8. Voorbereiding tot 'n huwelik met gepaardgaande gesinsverantwoordelikhede.....	99
4.3.9. Aanleer van intellektuele vaardighede wat vir effektiewe funksionering nodig is.....	100
4.3.9.1. Piaget (1972) se teorie van kognitiewe ontwikkeling.....	100
4.4. Gevolgtrekking.....	103

**HOOFSTUK 5 – ONDERSOEKMETODE**

5.1. Inleiding.....	106
5.2. Kriterium en voorspeller veranderlikes.....	107
5.2.1. Kriteria vir bepaling van psigologiese welstand (kriterium- veranderlike.....	107
5.2.2. Kriteria vir bepaling van konserwatisme en biografiese veranderlikes (voorspeller veranderlikes).....	107
5.3. Meetinstrumente.....	107
5.3.1. Instrumente vir die meting van psigologiese welstand (kriterium).....	108
5.3.1.1. Die lewenstevredenheidskaal (Diener et al., 1985).....	108
5.3.1.1.1. Ontwikkeling en rasionaal.....	108
5.3.1.1.2. Aard, administrasie en interpretasie.....	108
5.3.1.1.3. Geldigheid en betroubaarheid.....	108
5.3.1.1.4. Motivering vir gebruik.....	109
5.3.1.2. Die fortaliteitvraelys (Pretorius, 1997).....	109
5.3.1.2.1. Ontwikkeling en rasionaal.....	109
5.3.1.2.2. Aard, administrasie en interpretasie.....	110
5.3.1.2.3. Geldigheid en betroubaarheid.....	110
5.3.1.2.4. Motivering vir gebruik.....	110

	<b>Bladsy</b>
5.3.1.3. Die lewensorientasieskaal (Antonovsky, 1987).....	111
5.3.1.3.1. Ontwikkeling en rasionaal.....	111
5.3.1.3.2. Aard, administrasie en interpretasie.....	111
5.3.1.3.3. Geldigheid en betroubaarheid.....	112
5.3.1.3.4. Motivering vir gebruik.....	112
5.3.1.4. Betroubaarheidsondersoek: taalgroepe.....	112
5.3.2. Instrumente vir die meting van die voorspeller veranderlikes.....	113
5.3.2.1. Instrument vir die meting van konserwatisme.....	113
5.3.2.1.1. Ontwikkeling en rasionaal.....	113
5.3.2.1.2. Aard, administrasie en interpretasie.....	115
5.3.2.1.3. Geldigheid en betroubaarheid.....	116
5.3.2.1.4. Motivering vir gebruik.....	116
5.3.2.1.5. Onttrekking van ses faktore van konserwatisme.....	116
5.3.2.2. Biografiese vraelys.....	119
5.4. Onderzoekgroep.....	119
5.5. Insameling van gegewens.....	121
5.6. Navorsingsvraag.....	121
5.7. Statistiese prosedure.....	121

## **HOOFSTUK 6 – RESULTATE EN BESPREKING VAN RESULTATE**

6.1. Inleiding.....	125
6.2. Beskrywende statistiek.....	125
6.3. Voorkoms van konserwatisme.....	127
6.3.1. Godsdienstige fundamentalisme.....	128
6.3.2. Etnosentrisme.....	130
6.3.3. Anti-hedonisme.....	131
6.3.4. Tienergedrag.....	132
6.3.5. Konformerende houding teenoor outoriteit.....	133
6.3.6. Aandrang op straf/reëls.....	134
6.4. Resultate van hiërargiese regressie-ontledings.....	139
6.4.1. Opsomming.....	144

	<b>Bladsy</b>
6.5. Samevatting.....	147
6.5.1. Biografiese veranderlikes se invloed op die subskale van konserwatisme.....	148
6.5.2. Subskale van konserwatisme as voorspellers van psigologiese welstand.....	148
6.6. Samestelling van 'n konserwatismeskaal vir adolessente.....	150
 <b>HOOFSTUK 7 – SAMEVATTINGS EN GEVOLGTREKKINGS</b>	
7.1. Inleiding.....	151
7.2. Navorsingsvrae.....	151
7.2.1. Wat is die teoretiese beskrywing van konserwatisme as 'n konstruk in die literatuur daaroor?.....	151
7.2.2. Wat is die teoretiese beskrywing van psigologiese welstand as 'n konstruk in die literatuur daaroor?.....	152
7.2.3. Wat is die invloed van konserwatisme op psigologiese welstand soos dit in die literatuur daaroor aangedui word?.....	153
7.2.4. Wat is die aard en die ontwikkelingstake van adolessensie, met spesifieke verwysing na die invloed van konserwatisme op die adolessent en die omgewingsfaktore wat psigologiese welstand by adolessente beïnvloed?.....	153
7.2.5. Wat is die empiriese verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente in die ondersoekgroep van hierdie studie?.....	154
7.2.6. Watter rol speel geslag en taalgroepering as voorspeller- veranderlikes in die verband tussen konserwatisme en psigo- logiese welstand by adolessente in die ondersoekgroep van hierdie studie?.....	156
7.3. Die bydrae van hierdie studie.....	156
7.4. Aanbevelings vir verdere navorsing.....	157
 <b>BRONNELYS</b> .....	159
<b>BYLAES</b> .....	187

## LYS VAN FIGURE

Bladsy

<b>Figuur 2.1:</b>	Houdings ten opsigte van verandering.....	18
<b>Figuur 3.1:</b>	Croze et al. (1992) se sisteemmodel van psigologiese welstand (Aangepas deur Van Eeden, 1996:85).....	53
<b>Figuur 3.2:</b>	Die wiel van welstand en voorkoming van Witmer en Sweeney (1992) (Aangepas deur Van Eeden (1996:77).....	55
<b>Figuur 3.3:</b>	Weerbaarheidsraamwerk van Kumpfer (1999:185).....	60
<b>Figuur 3.4:</b>	Weerbaarheidprosesmodel (Kumpfer, 1999:213).....	76

# LYS VAN TABELLE

Bladsy

<b>Tabel 5.1:</b>	Cronbach se $\alpha$ -koëffisiënte vir die meting van psigologiese welstand vir die drie taalgroepe.....	113
<b>Tabel 5.2:</b>	Spesifieke items waaruit subskale van konserwatisme saamgestel is.....	118
<b>Tabel 5.3:</b>	Cronbach se $\alpha$ -koëffisiënte vir die ses subskale van konserwatisme.....	119
<b>Tabel 5.4:</b>	Frekwensiedistribusie van ondersoekgroep volgens geslag en taalgroepering.....	120
<b>Tabel 6.1:</b>	Gemiddeldes en standaardafwykings vir die totale ondersoekgroep.....	125
<b>Tabel 6.2:</b>	Samestelling van skaalindekse vir die subskale van konserwatisme.....	128
<b>Tabel 6.3:</b>	Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op godsdienstige fundamentalisme volgens taal en geslag.....	129
<b>Tabel 6.4:</b>	Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op etnosentrisme volgens taal en geslag.....	130
<b>Tabel 6.5:</b>	Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op anti-hedonisme volgens taal en geslag.....	131

## Bladsy

<b>Tabel 6.6:</b>	Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op tienergedrag volgens taal en geslag.....	132
<b>Tabel 6.7:</b>	Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op konformerende houding teenoor outoriteit volgens taal en geslag.....	133
<b>Tabel 6.8:</b>	Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op aandrang op straf/reëls volgens taal en geslag.....	134
<b>Tabel 6.9:</b>	Interkorrelasies vir die totale groep.....	136
<b>Tabel 6.10:</b>	Bydraes van die verskillende veranderlikes tot $R^2$ vir lewenstevredenheid.....	140
<b>Tabel 6.11:</b>	Bydraes van die verskillende veranderlikes tot $R^2$ vir fortaliteit.....	141
<b>Tabel 6.12:</b>	Bydraes van die verskillende veranderlikes tot $R^2$ vir koherensiesin.....	143

# OPSOMMING

## DIE VERBAND TUSSEN KONSERWATISME EN PSIGOLOGIESE WELSTAND BY ADOLESSENTE

**KERNWOORDE:** Konserwatisme, sosiale houding, psigologiese welstand, koherensiesin, lewenstevredenheid, fortaliteit, ontwikkelingstake, adolessente, Suid-Afrikaanse konteks, Konserwatismeskaal vir Adolessente.

Die primêre doel van hierdie studie was om die verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente te ondersoek. **Konserwatisme** is beskryf as 'n **sosiale houding**, wat gekenmerk word deur die internalisering van die dominante waardes van die sosiale omgewing waarin 'n persoon funksioneer en wat sy/haar gedrag in ooreenstemming met samelewingsverwagtinge rig. **Psigologiese welstand** word beskryf as 'n staat of toestand wat gekenmerk word deur aspekte soos **koherensiesin**, **lewenstevredenheid**, **fortaliteit**, coping, gehardheid, selfaktualisering, potensie en psigologiese weerbaarheid.

Verskeie **ontwikkelingstake** is by **adolessente** geïdentifiseer. Dit word aangetoon dat die suksesvolle afhandeling van hierdie ontwikkelingstake positief tot adolessente se psigologiese welstand kan bydra. Verskeie risikofaktore is in die **Suid-Afrikaanse konteks** geïdentifiseer, wat die suksesvolle afhandeling van bogenoemde ontwikkelingstake en dus ook die psigologiese welstand van adolessente negatief kan beïnvloed. Konserwatisme se invloed op bogenoemde ontwikkelingstake en die hantering van risikofaktore is teoreties as oorwegend positief aangedui.

Die ondersoekgroep van hierdie studie het bestaan uit 1238 adolessente. Daar is van die trossteekproeftrekkingsmetode gebruik gemaak om ses skole in die Oos-Kaap-provinsie en vyf skole in die Gauteng-provinsie te identifiseer, wat aan die navorsing sou meedoen. Die Graad 12-leerders van hierdie skole is genader om vraelyste te voltooi.

Vir die doel van hierdie navorsing is psigologiese welstand vasgestel deur die toepassing van die volgende vraelyste: Die Lewenstevredenheidskaal van Diener, Emmons, Larsen en Griffin (1985), die Fortaliteitvraelys van Pretorius (1997) en die Lewensoriëntasieskaal van Antonovsky (1987). Die vlak van konserwatisme van die ondersoekgroep is bepaal deur die toepassing van 'n aangepaste weergawe van die Konserwatismeskaal van Wilson en Patterson (1970).

Ses houdingsgroeperinge van konserwatisme is by adolessente geïdentifiseer, naamlik: godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme, konformerende houding teenoor outoriteit, etnosentrisme en aandrang op streng reëls/strawwe.

Die Afrikaanssprekende adolessente in die ondersoekgroep het oor die algemeen hoër vlakke van konserwatisme as die Engels- en Afrikataalsprekende adolessente getoon. Adolessente seuns was meer konserwatief ten opsigte van etnosentrisme, terwyl dogters meer konserwatief was ten opsigte van godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en tienergedrag.

Godsdienstige fundamentalisme en anti-hedonisme het statisties beduidende bydraes tot die verklaring van die variansie vir al drie psigologiese welstandsfaktore (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) gelewer. Die konserwatismekomponent, houding teenoor outoriteit, het 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir fortaliteit en koherensiesin gelewer. Tienergedrag het statisties beduidende bydraes tot die verklaring van die variansie vir lewenstevredenheid gelewer. Etnosentrisme het 'n negatiewe verband met al drie die psigologiese welstandsfaktore getoon.

Die biografiese veranderlike geslag het statisties beduidende bydraes tot die verklaring van die variansie vir al drie die psigologiese welstandsfaktore (koherensiesin, lewenstevredenheid en fortaliteit) gelewer. Taalgroepering het nie 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir enige van die drie psigologiese welstandsfaktore gelewer nie.



Die resultate van hierdie studie toon aan dat adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme, konformerende houding teenoor outoriteit en tienergedrag openbaar, ook hoë vlakke van psigologiese welstand kan ervaar. Verder toon die resultate dat adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende etnosentrisme openbaar, geneig sal wees om laer vlakke van psigologiese welstand te ervaar.

Voorstelle vir verdere navorsing word gemaak, terwyl 'n **Konserwatismeskaal vir Adolessente**, wat ook deur verdere navorsing gestandaardiseer kan word, voorlopig saamgestel is.

## SUMMARY

### THE RELATIONSHIP BETWEEN CONSERVATISM AND PSYCHOLOGICAL WELL-BEING IN ADOLESCENTS

**KEYWORDS:** Conservatism, social attitude, psychological well-being, sense of coherence, satisfaction with life, fortitude, developmental tasks, adolescents, South African context, Conservatism Scale for Adolescents.

The primary goal of this study was to investigate the relationship between conservatism and psychological well-being in adolescents. **Conservatism** is described as a **social attitude**, characterised by an internalisation of the dominant values of the social environment in which the individual functions, and which directs the individual's behaviour in accordance with the expectations of society. **Psychological well-being** is described as a state that is characterised by aspects such as a **sense of coherence, satisfaction with life, fortitude**, coping, hardiness, self-actualisation, potency and psychological resilience.

Numerous **developmental tasks** applicable to **adolescents** were identified. It was demonstrated that the successful completion of these developmental tasks may have a positive effect on the psychological well-being of adolescents. Numerous risk factors, which may negatively influence the completion of the above-mentioned developmental tasks and therefore the psychological well-being of adolescents, were identified within the **South African context**. The influence of conservatism on the above-mentioned development tasks and the handling of risk factors were theoretically indicated as predominantly positive.

The research sample of this study consisted of 1238 adolescents. The cluster sampling method was used to identify six schools in the Eastern Cape province and five schools in the Gauteng province. The Grade 12-students of these schools were approached to complete the relevant questionnaires.

For the purpose of this study The Satisfaction With Life Scale (Diener, Emmons, Larsen & Griffin, 1985), The Fortitude Questionnaire (Pretorius, 1977) and The Sense of Coherence Scale (Antonovsky, 1987) were used to determine the level of psychological well-being of the research sample. The level of conservatism of the research sample was determined by administering an adapted version of The Conservatism Scale of Wilson and Patterson (1970).

Six attitude groupings of conservatism were identified for adolescents, namely: religious fundamentalism, anti-hedonism, conforming attitude towards authority, teenage behaviour, ethnocentrism and insistence on strict rules/punishment.

The Afrikaans-speaking adolescents in the study generally exhibited higher levels of conservatism than the English- and African language-speaking adolescents. Adolescent boys were more conservative regarding ethnocentrism, while the girls were more conservative regarding religious fundamentalism, anti-hedonism and teenage behaviour.

Religious fundamentalism and anti-hedonism made significant statistical contributions to the explanation of the variances for all three factors of psychological well-being (sense of coherence, satisfaction with life, fortitude). The conservatism component, conforming attitude towards authority, made significant statistical contributions to the explanation of the variances for fortitude and sense of coherence, Teenage behaviour made a significant statistical contribution to the explanation of the variance for satisfaction with life. Ethnocentrism showed a negative relationship to all three factors of psychological well-being.

The biographical variable gender made significant statistical contributions to the explanation of the variances for all three factors of psychological well-being (sense of coherence, satisfaction with life, fortitude). Language grouping did not make any significant statistical contribution to the explanation of the variances for any of the factors of psychological well-being.

The results of this study indicate that adolescents with high levels of conservatism regarding religious fundamentalism, anti-hedonism, conforming attitude towards authority and teenage behaviour may also experience high levels of psychological well-being. The results further indicate that adolescents who exhibit high levels of conservatism regarding ethnocentrism may be inclined to experience low levels of psychological well-being.

Certain recommendations for further research were also suggested. A **Conservatism Scale for Adolescents** was provisionally compiled, which could be standardised through further research.

# HOOFSTUK 1

## PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

Hierdie studie vorm deel van 'n navorsingsprojek waardeur die psigologiese welstand van adolessente ondersoek word. Die navorsingsprojek fokus veral op die verband tussen sekere psigologiese konstrunkte en psigologiese welstand. Hierdie studie poog om die verband tussen **konserwatisme** en **psigologiese welstand** by **adolessente** aan te toon.

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens op die probleemstelling van die studie gefokus word, waarna die navorsingsvrae en navorsingsdoelstellings bespreek sal word. 'n Begripsomskrywing van die twee hoofkonstrukte in hierdie studie (konserwatisme en psigologiese welstand) sal dan weergegee word. Laastens sal daar 'n uiteensetting van die verloop van die navorsingsprojek gegee word.

### 1.2 PROBLEEMSTELLING

Sedert die demokratiese verkiesing in Suid-Afrika het verskeie politieke, sosiale en ekonomiese veranderinge plaasgevind (Stevens & Lockhat, 1997). Die veranderinge het onder meer gelei tot 'n toename in misdaad, transformasies in die onderwys (Berard, Sennett & Nazeema, 1998), veranderinge ten opsigte van werkskepping en toenemende druk op gesinstrukture (Stevens & Lockhat, 1997). Saam hiermee word seksuele gedragpatrone sedert die laaste helfte van die vorige eeu beïnvloed deur die menslike immuniteitsgebrek-virus (MIV) (Whitelaw & Lovgren, 2000). Hierdie veranderinge het die aanpassing van adolessente bemoeilik, omdat baie meer stressors as voorheen teenwoordig is, wat hul algemene psigologiese welstand kan beïnvloed.

In die praktyk blyk dit dat sekere adolessente hierdie veranderinge beter hanteer as ander. Daar kan verwag word dat sekere psigologiese faktore adolessente positief of negatief sal beïnvloed rakende die impak van bogenoemde veranderinge. Navorsing verwys na die positiewe invloed van psigologiese faktore op die individu se funksionering as "psigologiese welstand". Aangesien hierdie 'n betreklik nuwe begrip is, bestaan daar relatief min navorsing daarvoor.

Uit die literatuur (Katz, 1987; Wilson, 1973) wil dit voorkom asof konserwatisme, as 'n sosiale houding, ook die psigologiese welstand van die individu positief of negatief kan beïnvloed. Wilson (1973) dui die volgende kenmerke van konserwatisme aan: godsdienstige fundamentalisme, behoudende politieke sienings, aandrang op streng reëls en strawwe, militarisme, etnosentrisme, onverdraagsaamheid teenoor minderheidsgroepe, voorkeure vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings, anti-hedonistiese uitkyk, beperking van seksuele gedrag, teenstand teen wetenskaplike vooruitgang en bygelowigheid. Heelwat navorsing beskryf die algemene faktor wat bogenoemde kenmerke van konserwatisme onderlê as 'n weerstand teen verandering (Katz, 1987; Maltby, 1997; Wilson, 1973). Uit die gebrek aan literatuur oor die psigologiese aspekte van konserwatisme by adolessente, asook die invloed daarvan op hul psigologiese welstand, wil dit voorkom asof daar 'n leemte bestaan. Navorsing op hierdie gebied sal dus waardevolle inligting verskaf.

### 1.3 NAVORSINGSVRAE

Die **primêre navorsingsvraag** van hierdie studie is:

- Wat is die verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente?

Die volgende **spesifieke navorsingsvrae** kan ook gevra word:

- Wat is die teoretiese beskrywing van konserwatisme as 'n konstruk in die literatuur daarvoor?

- Wat is die teoretiese beskrywing van psigologiese welstand as 'n konstruk in die literatuur daaroor?
- Wat is die invloed van konserwatisme op psigologiese welstand soos dit in die literatuur daaroor aangedui word?
- Wat is die aard en ontwikkelingstake van adolessensie, met spesifieke verwysing na die invloed van konserwatisme op die adolessent en die omgewingsfaktore wat psigologiese welstand by adolessente beïnvloed?
- Wat is die empiriese verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente in die ondersoekgroep van hierdie studie?
- Watter rol speel geslag en taalgroepering as voorspeller veranderlikes in die verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente in die ondersoekgroep van hierdie studie?

#### 1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS

Die **primêre doelwit** van hierdie studie is om 'n verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente aan te dui.

Die **spesifieke doelwitte** van hierdie studie kan vanuit die navorsingsvrae soos volg uiteengesit word:

- Om 'n kontemporêre literatuurstudie rakende konserwatisme en die teoretiese raamwerk waarin dit geplaas kan word te onderneem.
- Om 'n kontemporêre literatuurstudie rakende psigologiese welstand en die teoretiese raamwerk waarin dit geplaas kan word te onderneem.
- Om die invloed van konserwatisme op psigologiese welstand vanuit bestaande literatuur aan te dui.

- Om die aard en die ontwikkelingstake van adolessensie in die literatuur aan te dui, met spesifieke verwysing na die invloed van konserwatisme op die adolessent, asook die omgewingsfaktore wat adolessente se psigologiese welstand beïnvloed.
- Om die empiriese verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente in die ondersoekgroep van hierdie studie aan te dui.
- Om die rol van geslag en taalgroepering as voorspeller veranderlikes in die verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente in die ondersoekgroep van hierdie studie aan te dui.

## 1.5 BEGRIPSOMSKRYWING

Konserwatisme en psigologiese welstand, wat die hoofkonstrukte in hierdie studie is, sal breedvoerig in Hoofstuk 2 en 3 bespreek word. Daar sal nou slegs 'n kort beskrywing van hierdie twee konstrukte verskaf word, ten einde oriëntasie ten opsigte van hierdie konsepte te vergemaklik.

### 1.5.1 KONSERWATISME

Konserwatisme word oor die algemeen in die literatuur aangedui as 'n **sosiale houding** wat 'n **weerstand teen verandering** verteenwoordig (Honderich, 1990; Joe, 1974; Katz, 1987; Kerlinger, 1984; Maltby, 1997; Wilson, 1973). Wilson dui verder die volgende houdingsgroeperinge van konserwatisme aan: **godsdienstige fundamentalisme, behoudende politieke sienings, aandrang op streng reëls en strawwe, militarisme, etnosentrisme, onverdraagsaamheid teenoor minderheidsgroepe, voorkeure vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings, anti-hedonisme en beperking van seksuele gedrag, teenstand teen wetenskaplike vooruitgang en bygelowigheid.**

Vanuit die resultate van hierdie studie sal daar weer gekyk word na die daarstelling van 'n nuwe definisie van konserwatisme.



## 1.5.2 PSIGOLOGIESE WELSTAND

Psigologiese welstand is 'n **staat of toestand** wat gekenmerk word deur aspekte wat fokus op **gesondheid**, eerder as op patologie. Die begrip "psigologiese welstand" sluit ook die volgende verbandhoudende begrippe in: koherensiesin, lewenstevredenheid, fortaliteit (*fortitude*), coping, gehardheid, selfaktualisering, potensie (*potency*) en psigologiese weerbaarheid. In hierdie studie is **koherensiesin, lewenstevredenheid en fortaliteit** as bepalende aspekte van psigologiese welstand gebruik.

## 1.6 UITEENSETTING VAN DIE VERLOOP VAN DIE NAVORSINGSPROJEK

Die indeling van die hoofstukke is soos volg:

In **Hoofstuk 2** sal 'n definisie en teoretiese bespreking van **houdings**, met spesifieke verwysing na **konserwatisme**, verskaf word. Die veranderlikes wat 'n rol by konserwatisme speel, asook die houdingsgroepeeringe van konserwatisme, sal in hierdie hoofstuk ook aandag geniet. Die hoofstuk sal afgesluit word met 'n teoretiese beskrywing van die karaktereienskappe van die meer konserwatiewe individu.

In **Hoofstuk 3** sal die teorie van Madsen (1988) gebruik word om 'n raamwerk daar te stel, waarbinne **psigologiese welstand** verklaar kan word. Op die metateoretiese vlak sal daar gekyk word na salutogenese en die verskuiwing na 'n meer fortogene fokus, asook die totstandkoming van die begrip "psigofortologie", wat psigologiese welstand insluit. Op die hipotesevlak sal daar gefokus word op teoretiese konstrukte en teorieë wat poog om 'n verklaring te gee van die oorsprong, manifestering en patrone van psigologiese welstand. Op die empiriese vlak sal daar gekyk word na navorsing ten opsigte van die veranderlikes wat 'n rol in psigologiese welstand speel.

In **Hoofstuk 4** sal gefokus word op **adolessensie** as ontwikkelingstadia. Erikson (1968) se psigososiale teorie sal as vertrekpunt gebruik word om 'n samestelling van spesifieke ontwikkelingstake daar te stel. Tydens die bespreking van hierdie ontwikkelingstake sal morele ontwikkeling volgens Kohlberg (1975) se teorie, asook die ontwikkeling van intellektuele vaardighede, volgens Piaget (1972) se kognitiewe teorie, aandag geniet. In hierdie hoofstuk sal deurentyd gefokus word op die invloed van houdings op die ontwikkelingstake van adolessensie met spesifieke verwysing na konserwatisme. Die verband tussen die ontwikkelingstake en psigologiese welstand word ook teoreties aangedui.

In **Hoofstuk 5** word die **ondersoekmetode** aangedui, met spesifieke verwysing na die samestelling van die ondersoekgroep, meetinstrumente wat in die studie gebruik is, die data-insamelingsproses, die navorsingsvraag, asook die statistiese prosedures wat gevolg is.

In **Hoofstuk 6** sal die **resultate** van die ondersoekgroep, aan die hand van die statistiese prosedure wat in Hoofstuk 5 bespreek is, ontleed en bespreek word. Die beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasies) van al die betrokke veranderlikes vir die ondersoekgroep as geheel sal aangedui en bespreek word, asook die kriterium- en voorspeller veranderlikes.

In **Hoofstuk 7** sal die **samevattings** en **gevolgtrekkings** van hierdie studie weergegee word. Die samevattings en gevolgtrekkings sal op grond van die navorsingsvrae weergegee word. Die bydrae van hierdie studie sal ook bespreek word. Laastens sal aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word.

# HOOFSTUK 2

## KONSERWATISME

### 2.1 INLEIDING

Die mens leef in interaksie met sy/haar wêreld. Met die toename in menslike ontwikkeling in kommunikasie en vervoer het die individu se leefwêreld groter geword. Die mens moet dus meer sosiale interaksies as voorheen hanteer. Die houdings waarvoor mense beskik, word gevorm deur interaksie met hul leefwêreld. Om binne die verskeidenheid van die sosiale bestel gesond te wees is dit belangrik om goed aangepas te wees in houdings teenoor so 'n bestel. Individuele en samelewingsaspekte bepaal in 'n groot mate die aard van die houdings wat mense handhaaf. Hierdie houdings kan individueel en groepsgebonde wees. Die individu se houding kan dus ook 'n bepalende rol speel in sy/haar psigologiese welstand, asook die welstand van die samelewing.

In 1935 het Allport verklaar: *...attitude is probably the most distinctive and indispensable concept in contemporary American psychology* (p.798). Tans is houdings nog steeds een van die sentrale, sosiaal sielkundige onderwerpe (Verkuyten, 1998). In Suid-Afrika word die sosiale milieu gekenmerk deur 'n multikulturele omgewing. As gevolg daarvan maak houdings teenoor sosiale aspekte soos minderheidsgroepe steeds 'n belangrike deel uit van die sosiale diskoers.

Aangesien houdings 'n sosiale komponent behels, het mense houdings oor objekte oor die totale sosiale spektrum. Dit sluit in die politiek, ekonomie, sosiale waardes, geregtelike stelsels, opvoedkundige stelsels, vermaak, familiewaardes, verhoudings en talle ander sosiale aspekte. Houdings rig gedrag ten opsigte van sosiale aspekte, asook die rigting van verandering in die samelewing.

Sedert die algemene verkiesing in 1994 het daar verskeie sosiale veranderings in Suid-Afrika plaasgevind, wat die interaksie tussen die mens en sy/haar omgewing verder gekompliseer het. Daar kan aangeneem word dat hierdie veranderings ook beduidende veranderings in houdings meegebring het.

Daar sal vervolgens gekyk word na die definisie van houdings gevolg deur 'n teoretiese bespreking daarvan. Sekere houdings teenoor sosiale verandering sal ook aandag geniet, met spesifieke verwysing na **konserwatisme** wat die fokuspunt van hierdie studie is.

Die definisie van konserwatisme, asook die houdingsgroeperinge daarvan, sal bespreek word. Die veranderlikes wat verband hou met konserwatisme sal uitgelig word. Laastens sal daar gefokus word op 'n samevattende bespreking van die houding, konserwatisme, en die positiewe of negatiewe effek daarvan op die individuele funksionering. Daar sal afgesluit word met 'n samevatting van die belangrikste konsepte en gevolgtrekkings.

## 2.2 DEFINISIE VAN HOUDINGS

In die eerste helfte van die vorige eeu definieer Allport (1935) 'n houding as 'n psigiese en neurologiese gereedheid, wat deur ervarings georganiseer word en 'n direkte of dinamiese invloed het op 'n individuele respons teenoor objekte en situasies. Aangesien Allport (1935) 'n houding dus as 'n meer fisiologiese toestand definieer, is sy definisie in latere jare gekritiseer, aangesien latere navorsing die teoretiese konstruksie van houdings beklemtoon het (Calder & Ross, 1973; Smith & Mackie, 1995; Taylor, Peplau & Sears, 2000).

Fishbein en Ajzen (1975) is van mening dat individuele houdings ten opsigte van objekte (houdingsobjekte) 'n funksie is van hulle oortuigings (*beliefs*) ten opsigte van die objekte. Oortuigings word deur Feather (1979) gedefinieer as aannames wat nie heeltemal feitelik gefundeer kan word nie. Volgens die model van Fishbein en Ajzen (1975) het 'n individu verskeie oortuigings oor 'n objek. Elkeen van hierdie oortuigings word geassosieer met 'n affektiewe, evaluerende respons, wat bekend

staan as 'n houding (Wiggins, Wiggins & Vander Zanden, 1994). Deur kondisionering word die affektiewe, evaluerende respons geassosieer met die houdingsobjek. Hierdie gekondisioneerde, evaluerende response word geïnternaliseer en lei daartoe dat die houdingsobjek dieselfde evalueringsrespons uitlok by toekomstige blootstelling daaraan.

Kerlinger (1984) definieer houdings as volgehoue en georganiseerde strukture van sosiale oortuigings, wat individue ontvanklik maak om selektief te dink, te voel en op te tree teenoor verwysings of kognitiewe objekte van houdings. Volgens Heaven (1982) kan houdings aan mekaar verwant wees en dus in sub sisteme saamgegroepeer word. Houdings blyk stabiel en blywend van aard te wees. Hulle verander dus nie op 'n daaglikse basis nie en moontlike verandering kan 'n lang proses wees (Heaven, 1982; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000).

As gevolg van die kompleksiteit van die begrip "houdings", fokus elkeen van die tradisionele definisies op verskillende aspekte daarvan. (Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000; Wiggins et al., 1994). Dit blyk asof die meeste definisies van houdings die volgende vier komponente insluit, naamlik: kognitief, affektief, konatief en sosiaal.

### **2.2.1 KOGNITIEWE KOMPONENT**

In sy definisie het Allport (1935) verwys na die psigiese en neurologiese prosesse ten opsigte van houdings. Die kognitiewe komponent van houdings verwys na die wyse waarop die houdingsobjek waargeneem word. Dit sluit in die feite, kennis en oortuigings aangaande die objek (Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). Dit is dus duidelik dat die sensoriese waarneming vir die insameling van kennis oor 'n houdingsobjek steeds belangrik is. Die kognitiewe verwerking van die houding deur intellektuele prosesse soos kategorisering, strukturering van data en rasionalisasie is ook belangrik (Kerlinger, 1984; Wiggins et al., 1994). Kognitiewe prosesse soos langtermyngeheue en die oproep van informasie is 'n belangrike kognitiewe aspek van houdings. 'n Verdere kognitiewe komponent by houdings is die aanleer daarvan (Wiggins et al., 1994). Hierdie aanleer kan interaksie met houdingsobjekte en

sosiale interaksie met ander insluit. Hierdie leeraspek van houdings sal later in die hoofstuk by leerteorieë (kyk 2.3.1) oor houdings meer aandag geniet.

### **2.2.2 AFFEKTIEWE KOMPONENT**

Die affektiewe komponent van houdings verwys na ons gevoel omtrent die houdingsobjek (Deaux, Dane & Wrightsman, 1993; Heaven, 1982; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). 'n Individu se waardes, ervarings en emosies lei daartoe dat die persoon die houdingsobjek in 'n positiewe of negatiewe lig evalueer. Houdings varieer dus op 'n kontinuum vanaf positief deur neutraal tot negatief en kan in kwaliteit en intensiteit verskil (Heaven, 1982). Hierdie affektiewe komponent wat emosies oor die houdingsobjek insluit, staan ook bekend as die "evaluerende komponent van houdings" (Taylor et al., 2000).

### **2.2.3 KONATIEWE KOMPONENT**

Die konatiewe komponent van houdings verwys na 'n persoon se gedrag of optrede met betrekking tot die houdingsobjek (Deaux et al., 1993; Heaven, 1982; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). Indien die persoon 'n positiewe of negatiewe evaluering van die houdingsobjek maak, sal hy/sy dus dienooreenkomstig daarteen optree. Houdings is nie self motiewe nie, maar gee slegs aanleiding daartoe. Die interaksie van hierdie motiewe met ander eienskappe soos die omgewing kan aanleiding gee tot waarneembare gedrag (Heaven, 1982; Myers, 1993). Volgens Kerlinger (1984) verteenwoordig die sosiale houding van mense hulle oriëntasie tot die sosiale omgewing. Sosiale houdings verteenwoordig die affektiewe, konatiewe en kognitiewe reaksies van mense teenoor sosiale objekte vanuit die omgewing, asook hul predisposisie om teenoor hierdie sosiale objekte op te tree (Kerlinger, 1984; Myers, 1993).

### **2.2.4 SOSIALE KOMPONENT**

Verskeie navorsers verwys spesifiek na die sosiale aspek van houdings (Kerlinger, 1984; Myers, 1993). Volgens Heaven (1982) kan houdingsobjekte konkreet of

abstrak wees en weerspieël dit die sosiale konteks waarbinne hulle aangeleer word. Sosiale houdings kan getipeer word as houdings waarvan die aanhangers 'n gedeelde, algemene samelewingsrelevansie in sosiale areas het (Kerlinger, 1984; Myers, 1993). Dit beteken dat baie mense gelyksoortige sienings het oor belangrike sosiale kwessies en probleme (Kerlinger, 1984; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). Lalljee, Brown en Ginsburg (1984) beskou houdings meer as diskoerse, wat evaluasie van houdingsobjekte insluit. Nuwe benaderings tot houdings sien houdings nie as individuele interne prosesse nie, maar as analyses en opinies wat gevorm word deur diskoers in die sosiale orde (Potter, 1996; Shorter, 1993). Volgens Verkuyten (1998) bestaan houdings nie uit eenvoudige oordele nie, maar uit standpunte met teenoorgestelde posisies, wat argumentering van die posisies fasiliteer.

## 2.3 TEORETIESE BESPREKING VAN HOUDINGS

Daar bestaan verskeie teorieë wat houdings probeer verklaar. Dit blyk asof die meeste van hierdie teorieë vanaf die vyftiger- tot die tagtigerjare van die vorige eeu gegenerer is. Sedertdien blyk dit uit die literatuurstudie asof daar minder teorieë gegenerer is en die fokus meer op die bespreking van verskillende sosiale houdingsobjekte is. Daar blyk vyf hoofgroepe van teorieë te wees, te wete die leerteorieë, die kognitief-konsekvente teorieë, die funksionele teorie, die selfpersepsieteorieë en sosiale konstruksionisme.

### 2.3.1 LEERTEORIEË

Hierdie teorieë gaan van die uitgangspunt uit dat houdings aangeleer word. 'n Belangrike leerteorie ten opsigte van houdings is die teorie van Hovland, Janis en Kelly (1953). Mense samel inligting en feite deur sosiale interaksie in en leer dan die gevoelens en waardes aan wat met hierdie inligting geassosieer word. Dit beteken dat die basiese prosesse van leer 'n rol sal speel by vorming van houdings (Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000; Wiggins et al., 1994). Daar word onderskei tussen drie basiese prosesse, naamlik: **assosiasie**, **versterking** en **nabootsing** (Sears, Peplau, & Taylor, 1991; Smith & Mackie, 1995).

### **2.3.1.1 Assosiasie**

Assosiasies word gevorm as stimuli in dieselfde plek en tyd plaasvind (Hovland et al., 1953). Hierdie proses hou noue verband met die konsep van klassieke kondisionering. Mense leer positiewe houdings aan, as hulle houdingsobjekte positief ervaar en negatiewe houdings, as hulle dit negatief ervaar (Smith & Mackie, 1995, Taylor et al., 2000). 'n Goeie voorbeeld van hierdie proses is die vorming van houdings ten opsigte van lede van ander rassegroepe. Indien 'n persoon positiewe interaksie met persone van 'n ander rassegroepering het, sal hy/sy meer geneig wees om positiewe houdings teenoor lede van hierdie groepering te ontwikkel. Die teenoorgestelde is ook van toepassing.

In die Suid-Afrikaanse konteks het die instelling van apartheid 'n beduidende effek op die vorming van houdings teenoor ander rassegroepe gehad. In die apartheidsera is lede van oor die multikulturele spektrum aangemoedig om nie sosiale interaksie met mekaar te hê nie (Esterhuysen, 1982). Segregasie ten opsigte van woonplek, werkplek en ook vryetydsbesteding is veral hier van kenmerkende belang. Aangesien daar dus min kontak tussen rassegroepe was, kon positiewe interaksie nie plaasvind nie. Positiewe interaksie kon daartoe gelei het dat positiewe houdings teenoor mekaar gevorm word. Apartheid kon dus daartoe bydra dat meer negatiewe houdings weens onsekerheid en onkunde oor ander rassegroepe gevorm is.

### **2.3.1.2 Versterking**

As die gevolg van 'n persoon se interaksie met 'n houdingsobjek herhaaldelik positief is, sal 'n positiewe houding versterk word (Hovland et al., 1953; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). As 'n persoon dus herhaaldelik positiewe ervarings met lede van ander rassegroepe het, sal 'n positiewe houding teenoor hulle versterk word.



### 2.3.1.3 Nabootsing

Houdings word van kleins af deur nabootsing aangeleer (Hovland et al., 1953; Myers, 1993). Selfs volwassenes boots die gedrag van beduidende ander persone na. 'n Goeie voorbeeld hiervan in die Suid-Afrikaanse konteks is die nabootsing deur kinders van ouers se houdings teenoor etnosentrisme. Hierdie nabootsing kan in kommunikasie en gedrag plaasvind. As die ouers dus positiewe houdings ten opsigte van ander rassegroepe in hul gedrag en kommunikasie uitleef, sal die kind hierdie houdings naboots en dus die positiewe houdings aanleer.

### 2.3.2 KOGNITIEF-KONSEKWENTE TEORIEË

Hierdie teorieë gaan van die uitgangspunt uit dat daar inkonsekwentheid tussen elemente bestaan (Himmelfarb & Eagly, 1974; Wiggins et al., 1994). Dit kan bestaan tussen die persoon se kennis van, en gevoel oor, 'n sekere houdingsobjek. Die konsep van "ekwilibrium" is belangrik in hierdie teorieë. Volgens een van die belangrike kognitiewe-konsekwente teorieë, wat bekend staan as "Festinger (1957) se teorie", probeer die persoon interne harmonie of kongruensie tussen sy/haar menings, waardes en houdings bewerkstellig. Dit is dus belangrik vir persone om kongruensie tussen kognitiewe elemente te handhaaf (Myers, 1993). Sou daar dissonansie tussen hul kennis en gevoel oor 'n houdingsobjek bestaan, sal die persoon hierdie dissonansie verminder deur sy/haar houding teenoor die objek te verander. Dissonansie sal dus psigiese spanning veroorsaak en die persoon sal sy/haar houding verander om hierdie spanning te verminder en dus 'n nuwe houding vorm.

### 2.3.3 FUNKSIONELE TEORIEË

Hierdie benadering behels die uitgangspunt dat houdings sekere funksies vervul en dat daar dus 'n motiverende eienskap daaragter is. Katz (1960) onderskei tussen vier houdingsfunksies:

Die eerste is **instrumenteel** van aard. Dit behels dat mense sal probeer om hul beloning te vergroot en om terselfdertyd straf in die omgewing te verminder. As 'n persoon dus 'n houdingsobjek as nou verwant aan die vervulling van sy/haar doelwitte of behoeftes beskou, sal 'n positiewe houding oor hierdie objek gevorm word. Die teenoorgestelde is van toepassing op negatiewe houdings oor houdingsobjekte.

Die tweede funksie van houdings is **ego-verdedigend**. Volgens Katz (1960) beskerm hierdie funksie die ego deur gebruik te maak van verdedigingsmeganismes. Hierdie verdedigingsfunksies sluit in ontkenning, rasionalisasie, projeksie en verplasing. 'n Goeie voorbeeld van ego-verdediging is rassisme, waardeur negatiewe houdings en eie negatiewe selfbeelde op minderheidsgroepe verplaas word. Die individu hoef dus nie bewustelik hierdie kwessies te hanteer nie, aangesien die verplasing hulle houdings negatief beïnvloed en hulle dus kontak met lede van hierdie minderheidsgroepe sal vermy.

'n Derde funksie van houdings kan **waardebepalend** wees. So sal 'n persoon wat hom/haarself as konserwatief beskou, houdings openbaar wat hierdie selfbeeldsiening ondersteun en dus hierdie beeld van hulself versterk.

Die vierde funksie van houdings is 'n **kennisfunksie** waar die persoon kennis soek sodat hulle hul wêreld kan verklaar en struktureer. Deur besliste houdings aan te neem, skep mense vir hulle raamwerke om die wêreld te organiseer en lei dit dus tot die strukturering van kennis.

#### 2.3.4 SELFPERSEPSIETEORIE

Bem (1967) het die selfpersepsieteorie voorgestel as nog 'n verklaring van houdings. Die proses van selfpersepsie word deur Bem (1972) as volg beskryf: *...individuals come to 'know' their own attitudes, emotions and other internal states partially by inferring them from observations of their own overt behaviour and/or the circumstances in which this behaviour occurs* (p. 5).

Volgens hierdie teorie weet individue dus nie werklik wat hul houdings is nie en lei dit slegs af vanuit hul eie gedrag en die omstandighede waarin hierdie gedrag voorkom (Deaux et al., 1993; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). Indien 'n persoon dus verkies om uit 'n mandjie met verskillende vrugte appels te eet, sal die afleiding gemaak word dat die individu appels positief beoordeel. Indien die persoon dan gevra sal word hoe hy/sy oor appels voel, behoort hy/sy positief daarteenoor te staan.

Die selfpersepsieteorie word dikwels as teenstellend gesien tot die kognitiewe-konsekvente teorieë (kyk 2.3.2) wat reeds bespreek is (Deaux et al., 1993; Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000). Kognitiewe-konsekvente teorieë sien houdings as sterk, konstante predisposisies, terwyl die selfpersepsieteorie houdings meer as verbale beoordelings van 'n persoon se eie gedrag sien. Die meeste teoretici aanvaar aspekte van beide teorieë as korrek (Taylor et al., 2000). Uit navorsing blyk dit asof mense meer geneig is om selfpersepsie te gebruik om houdings oor nuwe houdingsobjekte te vorm, veral as hierdie objekte as vaag en onbelangrike ervaar word. Die ontwikkeling van houdings oor meer kontroversiële en belangrike houdingsobjekte word weer meer deur kognitiewe konsekwenheid bepaal (Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000).

### **2.3.5 SOSIALE KONSTRUKSIONISME**

Die vorming van 'n houding word deur sosiale interaksie beïnvloed (Potter, 1996; Shorter, 1993; Verkuyten, 1998). Die mens bestaan in 'n sosio-kulturele konteks, wat bepalend is ten opsigte van hoe die mens in sy/haar wêreld sal leef en met die omgewing omgaan. Die sosiaal-konstruksionisme is 'n teorie wat juis dit ten doel het om die mens, soos wat hy/sy in sy/haar wêreld leef, te beskryf. Wat ons weet (kennis), lei tot 'n konstruksie en wat ons konstrueer, lei tot kennis. Die mens rangskik sy/haar ervarings omtrent gebeurte op so 'n wyse, dat dit 'n refleksie van die self vorm (Anderson & Goolishian, 1988).

Die kennis, en so ook die houdings wat die mens oor die wêreld vorm, is volgens Anderson (1995) sosiaal gekonstrueer. Kennis, en die persoon wat kennis dra, is interafhanklik van mekaar. So kan gesê word dat objektiewe kennis onmoontlik is. Om dan 'n bepaalde kennis as die volle waarheid te ondersteun, is om die res van die persoon in al sy/haar kompleksiteit te reduceer (Von Glasserfield, 1991). Die diversiteit van houdings word juis weerspieël in die verskeidenheid van kennis wat die mens oor sy/haar wêreld het.

Houdings ontstaan in die diskoers (gesprek) tussen mense (Lalljee et al., 1984). Sulke houdings reflekteer 'n sosiale konstruksie van realiteit. Houdings kan nie net gesien word as refleksies van die buitewêreld nie, maar eerder as die individu se belewing van sy/haar realiteit. Erkenning moet dus aan verskeie realiteite en dus ook houdings gegee word.

In die multikulturele Suid-Afrikaanse konteks word die verskeidenheid van houdings deur die verskeie realiteite binne kulturele konteks geopenbaar. Die realiteit in die apartheidsera het negatiewe houdings op grond van rasseverskille onderskryf. Daar kan aangeneem word dat hierdie negatiewe houdings besig is om in die post-apartheidsera na positief te verander, aangesien die sosiale konstruksie ten opsigte van rasseverhoudinge besig is om te verander. Bestaande sosiale realiteite is bevraagteken deur die afskaffing van apartheidswetgewing. Integrasie van rassegroepe in sosiale instansies soos skole behoort ook 'n rol te speel in die proses van verandering.

Ten spyte van positiewe verwagtinge, ontwikkel daar dikwels negatiewe, wat 'n refleksie is van hoe mense hulle realiteit konstrueer. 'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in 'n proses soos regstellende aksie, wat vir sommige positiewe, en vir ander weer negatiewe gevolge het. Dit kan dus 'n positiewe of negatiewe konstruksie van die persoon se houding ten opsigte van rasse-integrasie in die Suid-Afrikaanse konteks veroorsaak.

## 2.4 HOUDINGS TEN OPSIGTE VAN SOSIALE VERANDERING

Mense se behoeftes en omstandighede verander met verloop van tyd. Aangesien die sosiale werklikheid deur mense self gekonstrueer word, sal verandering van hierdie werklikheid dus op 'n kontinue basis plaasvind (Anderson, 1995). In die politieke wetenskap word die volgende terme die meeste gebruik vir die beskrywing van houdings teenoor verandering: radikaal, liberaal, matig, konserwatief en reaksionêr (Baradat, 1979, 1991). Hierdie terme het geen morele waarde nie, want elkeen het 'n spesifieke betekenis en is nie noodwendig goed of sleg nie.

Verandering in die politieke konteks behels 'n **rigtingskomponent** (Baradat, 1979, 1991). Hierdie rigting kan progressief wees, wat 'n verandering vanaf die bestaande sosiale orde na 'n nuwe orde behels. Die rigting kan ook teruggaande verandering insluit, wat 'n verandering na 'n vorige toestand aandui.


Die tweede aspek is die **diepte** van die voorgenome verandering (Baradat, 1979, 1991). Hier is 'n belangrike begrip die "status quo". Die status quo is die huidige situasie, voordat enige verandering plaasgevind het. Hoe verder die persoon dus vanaf die status quo wil verander, hoe dieper of groter sal die verandering wees.

'n Derde aspek van sosiale verandering is die **spoed** waarteen verandering moet plaasvind (Baradat, 1979, 1991). Hoe meer ontevrede mense met die status quo is, hoe ongeduldiger sal hulle wees, wat daartoe aanleiding sal gee dat hulle vinniger verandering verlang. Ekstremiste sal dus vereis dat verandering die vinnigste geskied, terwyl gematigdes weer sal vereis dat verandering stadig en stelselmatig moet geskied.

Die laaste aspek by sosiale verandering is die **metode** waardeur verandering teweeg gebring word (Baradat, 1979, 1991). Hierdie metodes kan strek vanaf amptelik tot nie-amptelik, wettig tot onwettig en vreedsaam tot gewelddadig. Hier is dit belangrik om in ag te neem dat geweld dwarsoor die volle spektrum van houdings jeens verandering kan plaasvind en nie net by ekstremiste nie. Doodstraf, onteining van eiendom en oorlogvoering kan by enige van die standpunte of houdings voorkom. So kan 'n konserwatiewe persoon dus 'n voorstander van die

doodstraf wees, terwyl die ekstremis ook fisieke geweld ten opsigte van terreur voorstaan.

Houdings teenoor sosiale verandering kan soos volg voorgestel word:



**Figuur 2.1: Houdings ten opsigte van verandering**

### 2.4.1 RADIKALISME

Die individu met radikale houdings is ongelukkig met die huidige sosiale orde en is dus ongeduldig om dit te verander (Baradat, 1979, 1991). Hierdie verandering is progressief van aard, wat baie verskil van die huidige sosiale orde. Die beoogde verandering is groot en ingrypend, daar is 'n behoefte dat dit vinnig moet geskied en is dus radikaal. 'n Goeie voorbeeld van radikale verandering kan gesien word in die Suid-Afrikaanse politieke konteks tydens die apartheidsera, toe die swart jeug die afskaffing van apartheid geïnisieer het, deur radikale optrede soos betogings en versetting. Die radikale persoon sal ook geweld of ander onwettige aktiwiteite gebruik om verandering teweeg te bring.

### 2.4.2 LIBERALISME

'n Persoon met liberale houdings ondersteun die huidige sosiale orde, maar erken swakhede in die bestaende bestel en wil dus verandering voorstaan om hierdie swakhede te verbeter (Baradat, 1979, 1991). Liberale persone ondersteun dus

verandering in die sosiale orde, maar staan enige radikale veranderinge teë, omdat hulle wel met sommige aspekte van die bestaande orde saamstem. Die veranderingsmetode wat hulle voorstaan, sal dus amptelik, wettig en vreedsaam wees. Die liberale persoon sal egter verandering redelik vinnig wil laat geskied en 'n geringe versteuring van die sosiale orde as aanvaarbaar beskou.

### **2.4.3 GEMATIGHEID**

Gematigdes is basies tevrede met die samelewing. Hulle stem egter saam dat daar ruimte vir verandering is en herken spesifieke domeine waar verandering nodig is (Baradat, 1979, 1991). Hulle dring egter daarop aan dat hierdie veranderinge geleidelik moet plaasvind en dat geen verandering so ekstreem sal wees, dat dit die samelewing versteur nie. Die verandering moet dus oppervlakkig wees en baie stadig geskied om sodoende nie die sosiale orde of huidige bestel te ontwig nie. Geen geweld of onwettige meganismes van verandering word deur die gematigde persoon geduld nie.

### **2.4.4 KONSERWATISME**

Net soos gematigdes is persone met konserwatiewe houdings basies tevrede met die huidige sosiale orde. Konserwatiste staan egter enige beduidende verandering teë (Baradat, 1979, 1991). Hulle sal baie stadige, oppervlakkige verstelling van die sisteem ondersteun, maar sal partykeer selfs klein veranderinge teenstaan. Konserwatiewe persone sal dus nie aktief verandering voorstaan nie en eerder die huidige bestel verdedig teen enige beduidende verandering wat dit bedreig. Aangesien hierdie studie op die konsep "konserwatisme" fokus, sal die konsep later meer indringend bespreek word.

### **2.4.5 REAKSIONÊR**

Die persoon met reaksionêre houdings jeens verandering, ondersteun terugwerkende verandering na 'n vorige sosiale orde (Baradat, 1979, 1991). In Suid-Afrika is hierdie posisie veral kenmerkend van wit Afrikaanssprekendes, wat weer na die ou politieke bestel, met die gepaardgaande sosiale en politieke norme, wil terugkeer. Die gewillige hervestiging van Afrikaanssprekende blankes in die gebied Orania is 'n goeie voorbeeld hiervan.

## 2.5 KONSERWATISME

Die belangrikheid van die konsep "konserwatisme" word onderstreep deur die groot aantal studies wat daaroor gedoen is (Becoña, 1985). Dit blyk egter asof die meeste navorsing oor konserwatisme as 'n sosiale houding in die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu gedoen is (Feather, 1979; Joe, 1974; Kerlinger, 1984; Wilson, 1970, 1973). Na hierdie oplewing was daar 'n afname in navorsing oor hierdie onderwerp, wat daartoe lei dat die meeste bronne oor konserwatisme redelik verouderd is.

### 2.5.1 DEFINISIE VAN KONSERWATISME

Konserwatisme word algemeen in die literatuur aangedui as 'n houding (Ray, 1995; Wilson, 1973). Verder word ook beklemtoon dat konserwatisme meer spesifiek 'n **sosiale houding** is (Becoña & Gomez-Durán, 1985; Feather, 1979; Honderich, 1990; Kerlinger, 1984; Maltby, 1997; Wilson, 1973). 'n Algemene definisie van die woord "konserwatisme" is problematies, as gevolg van al die verskillende kontekste waarin dit gebruik word. Hierdie kontekste kan polities, ekonomies, religieus en sosiaal van aard wees.

Joe (1974) het weens navorsing onder studente die volgende tiperings van die konserwatiewe persoon daargestel:

- 'n Groot behoefte om standarde te handhaaf,
- 'n hoë strewe na prestasie,
- afkeer aan dubbelsinnige of onduidelike informasie,
- die vermyding van die risiko van liggaamlike skade,
- 'n afkeer aan disorganisasie,
- 'n hoë strewe na sosiale erkenning,
- 'n soeke na beskerming en versekering van ander,
- 'n lae outonomieiteitsbehoefte,
- 'n afkeer aan verandering,
- om nie impulsief te wees nie en om nie plesier na te jaag nie.



Kerlinger (1984) definieer konserwatisme as 'n stel politieke, ekonomiese, religieuse, opvoedkundige en ander sosiale oortuigings, wat gekenmerk word deur die beklemtoning van die status quo en sosiale stabiliteit, religie en moraliteit. Scruton (1984) is van mening dat konserwatisme ontstaan vanaf die wete dat jy aan 'n kontinue en reeds opgestelde sosiale orde behoort. Hierdie behorendheid help ons om ons aksies te rig.

Volgens Ray (1995) word konserwatisme gedefinieer as 'n houding of filosofie wat groot klem lê op tradisie. Konserwatisme bevorder die behoud van tradisionele instansies, waardes en idees. Konserwatiewe persone beoefen vooruitgang deur by die beproefde waardes van die verlede te hou (Ray, 1995).

In die Suid-Afrikaanse konteks word die term "konserwatisme" gewoonlik in 'n politieke konteks gesien. In die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booysen, 1984) word konserwatisme beskryf as "verkleefdheid aan die bestaande orde en behoudsug".

Dit blyk asof bogenoemde definisies van konserwatisme 'n gemeenskaplike faktor het, deurdat dit oor die algemeen dui op 'n **weerstand teen verandering** (Wilson, 1973). Verskeie ander studies het ook konserwatisme as 'n weerstand teen verandering omskryf (Baradat, 1979, 1991; Honderich, 1990; Joe, 1974; Katz, 1987; Maltby, 1997). Dit blyk asof hierdie verandering ook meer fokus op sosiale verandering. Die konserwatiewe persoon sal dus ook terugval op tradisie en bestaande instellings en gebruike. Die konserwatiewe persoon glo dat die bestaande, bekende situasie goed genoeg is en verandering dus nie nodig is nie (Wilson, 1973).

Katz (1987) het 'n studie onder Afrikaans en Engelssprekende Suid-Afrikaanse onderwysstudente gedoen. In hierdie studie is bevind dat die algemene faktor van konserwatisme (weerstand teen verandering) ook van toepassing is op die Suid-Afrikaanse bevolking. Hierdie algemene faktor van konserwatisme is ook deur navorsing onder die volgende groepe bevestig: Brittanje, Nederland, Nieu-Seeland (Wilson, 1970), Australië (Feather, 1975a), Amerika (Joe, 1984), Suid-Afrika (Wilson

& Schutte, 1973), Israel (Katz, 1988; Katz, 1989; Katz & Ronen, 1986), Korea (Wilson & Lee, 1974) en Japan (Wilson & Iwawaki, 1980).

Die algemene faktor van konserwatisme is 'n dimensie van persoonlikheid (Wilson, 1973) en reflekteer 'n dimensie soortgelyk aan fascisme en outoritarisme. Die term "konserwatisme" is egter 'n beter beskrywing, omdat dit nie 'n benadelende waarde of stigma het nie.

'n Algemene wanbegrip is dat konserwatisme en liberalisme as teenpole van mekaar gesien kan word (Lakoff, 1998). Gedurende die grootste deel van die negentiende eeu is hulle as polêre teenoorgesteldes beskryf (Lakoff, 1998). Die woord "liberalisme" is afgelei van die latynse woord *liber*, wat "vry" beteken. Liberalisme impliseer dus 'n vry persoon (Dreyer, 1977). Volgens Ray (1995) is liberalisme 'n politieke en ekonomiese filosofie, wat vryheid en gelykheid beklemtoon. Liberale persone glo in die beginsel dat mense inherent goed is en dat die meeste probleme deur die omgewing, eerder as deur inherente aspekte, veroorsaak word.

In die Suid-Afrikaanse konteks is liberalisme histories as negatief onder die blanke bevolking gesien, as gevolg van die konserwatiewe politieke klimaat wat geheers het (Hanekom, 1965; Hart, 1978; Kotzé & van Wyk, 1986; Scholtz, 1965; Vigne, 1997). Die konserwatiewe klimaat se weerstand tot verandering vanaf die status quo, wat magsverlies tot gevolg sou hê, het grootliks tot hierdie negatiewe persepsie bygedra. Liberalisme sou dus die status quo, wat vir wit Suid-Afrikaners mag ingehou het, versteur.

Dit is dus uit die verskillende houdings teenoor verandering duidelik dat konserwatisme en liberalisme langs mekaar op die kontinuum van verandering voorkom. Dit is waarom die twee begrippe nie as teenpole in hierdie navorsing gebruik word nie, maar dat daar eerder verwys sal word na minder of meer konserwatiewe persone.

## 2.5.2 KONSERWATISME AS 'N WAARDE

Konserwatisme word soms in die literatuur in verband gebring met waardes (Victor, Kostyla & Jones, 1985). Volgens Feather (1979) kom spesifieke houdings eerste na vore, terwyl algemene waardes eers later ontwikkel as abstraksies van persoonlike ervarings. Veral die ervaring van persone se eie houdings en gedrag, hulle verhouding tot die houdings en gedrag van ander persone, asook ander se oordeel oor wat aanvaarbaar is of nie, is belangrik. Mettertyd word hierdie houdings volgens hulle relatiewe belangrikheid in 'n waardesisteem georganiseer. Wanneer hierdie sisteem gevorm word dien dit as 'n verwysing of kriterium, wat denke en aksies in verskillende kontekste lei. Hierdie waardesisteem kan gewysig en verfyn word in die lig van nuwe ervarings en is 'n belangrike komponent van 'n persoon se selfkonsep (Feather, 1979). Al die waardes van 'n persoon word opgestel om hom/haar te help om by die realiteit aan te pas en om hom/haar teen onsekerheid te beskerm (Rokeach, 1973).

Rokeach (1973) definieer 'n waarde en waardesisteem as volg:

*A value is an enduring belief that a specific mode of conduct or end-state of existence is personally or socially preferable to an opposite or converse mode of conduct or end-state of existence. A value system is an enduring organization of beliefs concerning preferable modes of conduct or end-states of existence along a continuum of relative importance. (p.5)*

Voorts onderskei Rokeach (1973) tussen twee groepe instrumentele waardes. Die eerste groep is waardes met 'n morele fokus, terwyl die tweede groep waardes is wat verband hou met bevoegdheid en selfaktualisasie. **Morele waardes** behels dat, indien daar nie daarvolgens opgetree word nie, dit kan lei tot skuldgevoelens. Morele waardes het 'n interpersoonlike fokus en sal waardes soos eerlikheid en medemenslikheid insluit.

**Bevoegdheidswaardes** se fokus is meer persoonlik. As daar nie by hierdie waardes gehou word nie, is teleurstelling oor jou eie bevoegdheid, eerder as skuldgevoelens, die primêre gevoel. Waardes soos volharding en ambisie kan beskou word as voorbeelde van bevoegdheidswaardes.

Waardes en dus ook konserwatisme kan 'n morele komponent verteenwoordig (Rokeach, 1973). Volgens Kohlberg (1975, 1984) onderskei mense aanvanklik tussen reg en verkeerd weens die onmiddellike gevolge wat dit vir hulle sal hê, met min agting vir ander persone. Kohlberg (1984) het hierdie fase as die **pre-konvensionele fase** (vlak een) van morele ontwikkeling genoem. Hierdie fase kan die vorm aanneem van die **vermyding van straf** (stadium een) of die verhoging van **persoonlike satisfaksie** (stadium twee). Later verander die persoon se perspektief om ook ander se belange en opinies in te sluit. In hierdie fase, wat die **konvensionele fase** (vlak twee) genoem word, fokus mense op hulle onmiddellike **familie** (stadium drie), of op die **gemeenskap** as 'n geheel (stadium vier). Konserwatisme word geassosieer met die vierde stadium van morele redenering, weens die sosiale en samelewingswaardes waarop dit fokus (Feather, 1975b).

In die laaste fase van morele ontwikkeling beweeg die persoon se perspektief verby groepstandaarde tot 'n besorgdheid oor geregtigheid, regte, menslikheid en alle ander mense. Hierdie stadium staan bekend as die **post-konvensionele fase** (vlak drie). Hierdie fase word gekenmerk deur die vasstelling van 'n rasionaal vir die daarstelling van 'n sisteem van wette tussen konflikterende konsepte en behoeftes (Kohlberg, 1984).

Dit blyk dus asof houdings deel uitmaak van mense se waardesisteme. Houdings word gevorm en later in waardesisteme gegroepeer. Konserwatisme as 'n houding sal dus 'n wesenlike rol in 'n persoon se waardesisteem speel en dus ook 'n bepalende aspek in iemand se morele ontwikkeling en siening wees.

### 2.5.3 KONSERWATISME AS 'N VERDEDIGINGSMEGANISME

Konserwatisme word ook by tye as 'n veilige ingesteldheid gesien (Wilson, 1973). Volgens hierdie konsep is die konserwatiewe persoon geneig om bedreig en onseker te voel in komplekse onbekende situasies. Die konserwatiewe persoon sal dus teen verandering gekant wees, omdat dit tot meer komplekse en onbekende situasies kan lei. Die verwerping van nuwe innovasies is ook sentraal tot hierdie konsep. Konserwatiewe persone konformeer tot die sosiale orde, want dit verminder onsekerheid by hulle (Maltby, 1997).

Volgens Wilson (1973) hou die konserwatiewe-houdingsindroom nouliks verband met genetiese en omgewingsfaktore, wat gevoelens van onsekerheid en minderwaardigheid bepaal. Die konserwatiewe persoon vermy beide stimulus- en responsonsekerheid wat gereflekteer word in verbale houdings, asook ander aspekte van gedrag. Konserwatisme het dus 'n verdedigingsfunksie. Dit vereenvoudig, struktureer en kontroleer sowel die eksterne (perseptuele en stimulus prosesse) as die interne wêreld (behoefte, gevoelens en drange) van die persoon. Orde word afgedwing op innerlike gevoelens en behoeftes, deur hulle te onderwerp aan rigiede en simplistiese eksterne beginsels van optrede. Hierdie sosiale beginsels sluit wette, waardes, pligte en verpligtinge in. Dit lei daartoe dat innerlike konflik verminder en die angstigtheid wat met vryheid van keuse gepaardgaan, vermy word.

Maltby en Price (1999) het bevind dat konserwatisme inpas in die teoretiese model van verdedigingstyl. Volgens hulle ontwikkel konserwatiewe houdings weens ego-verdedigende gedrag. Hierdie bevinding word onderskryf deur die werk van Katz (1960), wat reeds voorheen by die funksionele teorieë oor houdings (kyk 2.3.3) bespreek is. Konserwatiewe houdings laat die persoon toe om sy/haar eksterne wêreld, perseptuele prosesse en innerlike gevoelens te beheer. Die persoon kontroleer dus sy/haar behoeftes deur eksterne beginsels. Hierdie proses kan ook interne konflikte veroorsaak (Maltby & Price, 1999).

Steiner en Feldman (1995) het bevind dat verdedigingstyl 'n rol speel in die geestesgesondheid van jeugdige. Deur navorsing is bevind dat die nie-psigiatrisse groepe volwasse verdedigingstyle openbaar, terwyl psigiatrisse groepe grootliks onvolwasse verdedigingstyle openbaar (Sammallathi & Aalberg, 1995; Schmidt, Slone, Tiller & Treasure, 1993). Vaillant, Bond en Vaillant (1986) suggereer dat daar tussen drie algemene verdedigingstyle onderskei kan word:

- **Volwasse verdedigingstyl**

Hierdie styl sluit sublimering, humor, afwagting en onderdrukking in. Volgens Vaillant et al. (1986) is die volwasse verdedigingstyl 'n suksesvolle gebruik van verdedigingsmeganismes.

- **Neurotiese verdedigingstyl**

Hierdie styl sluit ongedaanmaking, idealisasie, reaksieformasie en pseudoaltruïsme in. Vaillant et al. (1986) is van mening dat die neurotiese verdedigingstyl op die kort termyn slegs gedeeltelik effektief is.

- **Onvolwasse verdedigingstyl**

Hierdie styl sluit projeksie, passiewe aggressie, isolasie, ontkenning, rasionalisasie, somatisasie en verplasing in. Vaillant et al. (1986) verklaar dat die onvolwasse verdedigingstyl grootliks onsuksesvol is en tot wanaanpassing kan lei.

Deur hul navorsing het Maltby en Price (1999) bevind dat meer konserwatiewe persone groter geneigdheid toon tot onvolwasse verdedigingstyle as minder konserwatiewe persone. Dit blyk dus asof konserwatisme in sommige literatuur as 'n onvolwasse verdedigingstyl aangedui word.

#### 2.5.4 GENERASIONELE AARD VAN KONSERWATISME

Volgens Wilson (1973) kan konserwatisme gesien word as 'n refleksie van die verskil in houdings en waardes tussen generasies. In sy argument demonstreer Wilson (1973) dat konserwatismetellings op sy skaal met ouderdom toeneem. Feather (1979) het ook bevind dat ouer persone meer konserwatief in hulle response op konserwatismeskale is. Volgens Feather (1979) is houdings- en waarde-inkongruensie tussen adolessente en hulle ouers 'n sentrale komponent van die generasiegaping.

Intergenerasionele verskille in sosiale houdings en waardes word deur verskeie invloede vasgestel (Feather, 1979). Dit sluit die onvermydelike veranderinge in, wat mettertyd in 'n persoon se lewensspan plaasvind. Biologiese veranderinge en die aanleer van nuwe rolle en verantwoordelikhede is hier van kardinale belang. Soos 'n persoon ouer raak en familieverantwoordelikhede en die gepaardgaande probleme van kinders grootmaak opneem, word vorige waardes aangepas om meer sekuriteit en struktuur te verskaf. Die historiese tydperk waarin die individu gebore word en lewe bepaal ook die sosiale waardes waaraan hulle blootgestel word.

Volgens Boshier (1973) sal mense in verskillende eras 'n stel waardes en houdings internaliseer, wat tot elke generasie uniek is. Krisisse soos oorloë, skielike tegnologiese en intellektuele vooruitgang (soos rekenars en nuwe kunsvorme), asook verandering in die sosiale struktuur (soos verstedeliking) forseer persone wat in die betrokke era opgroei om waardes en houdings te ontwikkel wat verskillend is van dié van die ouer generasie.

Hierdie tendens is veral belangrik in die Suid-Afrikaanse konteks, wat gekenmerk word deur grootskaalse verstedeliking van veral swart Suid-Afrikaanse jeug. Die weg beweeg vanuit die plattelandse konteks na 'n meer stedelike gebied, het 'n groot veranderende impak op die sosiale houdings van swart Suid-Afrikaners gehad. Daar kan verwag word dat die meer tradisionele en konserwatiewe waardes wat meestal in die platteland aangetref word, plek gemaak het vir houdings en waardes wat minder konserwatief is.

## 2.5.5 KONSERWATISME EN OUTORITARISME

Wilson (1973) het bevind dat tipiese konserwatiewe houdings die outoritêre persoonlikheid verteenwoordig. Al twee is rigied in hulle uitgangspunte, opponeer verandering en verkies die bestaande orde en outoriteite (Wilson, 1973). Altemeyer (1988) verwys na outoritarisme as die respek van, en onderdanigheid aan, outoriteit, konvensies, tradisie en aggressie.

Volgens Adorno, Frenkel-Brunswik, Levinson en Sanford (1950) vertoon outoritarisme die volgende kenmerke: onderdanigheid, aggressie, anti-intrasepsie (verwerping van self-refleksie), bygelowigheid, magsoriëntasie, siniesheid, projektering en oordrewe fiksasie op seksualiteit. In latere studies is etnosentrisme ook as 'n eienskap van die outoritêre persoonlikheid geïdentifiseer (Van Ijzendoorn, 1989).

Outoritarisme word gesien as 'n persoonlikheidseienskap (Mehrabian, 1996). Dit blyk dus asof konserwatiewe houdings deel kan uitmaak van die verwysingsraamwerk van 'n outoritêre persoon. Deur navorsing is bevind dat persone met konserwatiewe houdings nie outoriteit bevraagteken nie (Feather, 1979). Navorsing het ook 'n sterk verband tussen konserwatisme as 'n houding en outoritarisme aangetoon (Gilbert, 1982).

## 2.5.6 AARD VAN KONSERWATISME: HOUDINGSGROEPERINGE VAN KONSERWATISME

Die multi-dimensionaliteit van konserwatisme kom in die literatuur daarvoor na vore. Wilson (1973) dui in die sewentiger jare van die vorige eeu reeds die volgende nege houdingsgroeperings van konserwatisme aan:

### 2.5.6.1 Godsdienstige fundamentalisme

Godsdiens word as 'n sterk konserwatiewe beweging in die samelewing beskou (Joe, 1984; Muller, 2000; Wilson, 1973). Godsdienstige fundamentalisme sluit die



sosiale kerklike aspek van godsdiensbeoefening, asook 'n spirituele gerigtheid in. Histories het die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse kerke hul sterk uitgespreek teen liberale kwessies binne die samelewing. Hierdie kwessies het aborsie, seksuele gedrag en die behoud van waardes ingesluit (Kelly, 1988).

Wallace en Forman (1998) het bevind dat religie 'n positiewe invloed het op die gesondheid van die Amerikaanse jeug. Volgens hulle is die primêre gevare vir adolessente se gesondheid nie net biomedies van aard nie, maar ook sosiaal-, omgewings- en gedragsgerig. Hulle fokus veral op die gebruik van tabak, alkohol, dwelms en seksueel riskante gedrag (MIV), asook die onthoudende effek wat sterk godsdienstige sieninge op hierdie gedrag het. Hierdie bevindinge korreleer met 'n studie van George, Larson, Koenig en McCullough (2000). Hierdie navorsers het onder andere die positiewe verband tussen religieuse affiliasie, geskiedenis, deelname, praktyke, ondersteuning, asook religieuse waardes en gesondheid aangedui.

In Suid-Afrika is daar 'n algemene verteenwoordiging van verskillende godsdienste. Hierdie verteenwoordiging sluit in die tradisionele Christelike godsdienste, asook Oosterse godsdienste, spiritualisme en die aanbidding van voorvadergeeste.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk) sal as voorbeeld van godsdienstige praktyke in Suid-Afrika bespreek word. Die NG Kerk het in die laaste dekade verskeie veranderinge ondergaan (Hervormer, 1997). Louw (2000) noem dat jonger mense 'n soeke na spiritualisme in die kerk toon. Hierdie tendens gee daartoe aanleiding dat die kerk aanpassings moet maak om jonger lidmate te behou en dus vorige fundamentalistiese sienings verander. Hierdie tendense kan geïnterpreteer word as 'n verandering in die houdings van die NG Kerk. Hierdie veranderinge is sosiaal gekonstrueer, aangesien dit aanpas by die behoeftes van die kerklike samelewing. Ten spyte van die veranderinge in dié kerk, kan die vraag tog gevra word of die mate van behoudendheid, wat inherent deel is van godsdienstige fundamentalisme, nie steeds radikale verandering sal teenstaan nie.

### 2.5.6.2 Behoudende politieke sienings

Die verbondenheid tot politieke organisasies wat die status quo, of die bestaande orde handhaaf, word ook as 'n belangrike aspek van konserwatisme beskou (Buckley, 1992; Muller, 2000; Wilson, 1973). In die definisie van "konserwatief" in Odendal et al. (1984) word daar gefokus op die volgende: "Voorstaander van konserwatisme en ook lid van die Konserwatiewe Party." Die Konserwatiewe Party (KP) was histories die opposisie in die Suid-Afrikaanse parlement gedurende die bewind van die Nasionale Party (NP). Die gebruik van die benaming "Konserwatiewe Party" het dus 'n politieke kleur aan die verstaan van konserwatisme in Suid-Afrika gegee.

Vanaf 1948 tot 1994 was die NP in Suid-Afrika aan bewind. Sedert die verkiesing in 1994 het die *African National Congress* (ANC) die bewind oorgeneem en is vandag nog steeds die regerende party (Barber, 1999; Weekly Mail & Guardian, 2001). Na die verkiesing in 1994 het daar veranderinge in die oorwegend blank ondersteunde partye, naamlik die NP, KP en die Demokratiese Party (DP), plaasgevind. Die KP het in 2000 ontbind (Gunning, 2000; Jonker, 2000). Die Vryheidsfront verteenwoordig tans die politieke konserwatiewe inwoners van Suid-Afrika. Die NP het in die jaar 2000 saamgesmelt met die DP om die Demokratiese Alliansie (DA) te vorm (Beeld, 2000). Die leier van hierdie party, Tony Leon, was voorheen die leier van die DP wat beskou word as 'n minder konserwatiewe party (Barber, 1999). Dit wil dus voorkom asof daar 'n beweging na minder konserwatiewe politieke sienings onder blanke Suid-Afrikaners is sedert die eerste algemene verkiesing van 1994.

### 2.5.6.3 Aandrag op streng reëls en strawwe

Die tendens dat die konserwatiewe persoon streng wette en strawwe voorstaan, is sentraal tot die ideale van konserwatisme (Wilson, 1973). Die konserwatiewe persoon sal ook die gebruik van lyfstraf, doodstraf en ferm optrede deur die polisie, regters, onderwysers en ander gesagspersone aanhang. So 'n persoon sal weerstand toon teen enige verandering van bestaande wetgewing oor morele aangeleenthede.

In Suid-Afrika het wetgewing oor morele sake verander na die algemene verkiesing van 1994. Hierdie wetgewing sluit in die wettiging van aborsie, die afskaffing van die doodstraf, asook die afskaffing van lyfstraf in skole (Keeton, 1995; Ngcai, 1997). Onder die swart bevolking word daar somtyds van gemeenskapshowe gebruik gemaak, waar die gemeenskap die "oortreder" verhoor en vonnis. Die gebruik van lyfstraf kom algemeen by hierdie howe voor (Engelbrecht, 1997; Ngakane, 1997).

Tans is daar 'n toename in misdaad in Suid-Afrika (Stuart, 1999a; Wigget, 2001). Daar kan verwag word dat hierdie toename daartoe kan lei dat baie inwoners strenger reëls en strawwe sal ondersteun om sodoende misdaad te bekamp. Dit blyk asof baie mense en organisasies voel dat die doodstraf weer heringestel moet word (Stuart, 1999b, 1999c; The Citizen, 2001; Wigget, 2001). Dit blyk dus asof die sosiale konteks in Suid-Afrika ten opsigte van misdaad en geweld daartoe kan lei dat selfs minder konserwatiewe individue die herinstel van die doodstraf sal ondersteun.

Werêldwyd is daar steeds 87 lande wat die doodstraf ondersteun. Die meeste teregstellings in die jaar 2000 het in China, Irak, Saudi Arabië, Iran en die Verenigde State van Amerika (VSA) plaasgevind (Sancton, 2001). In die VSA is die doodstraf in 1976 heringestel en is sedertdien toegepas in 31 van die state, met die meeste teregstellings in Texas (Sancton, 2001).

Die VSA is tans die enigste groot Westerse demokrasie wat steeds die doodstraf handhaaf (Sancton, 2001). Tot dusver het 108 lande die doodstraf afgeskaf. In Europa het al 15 van die lidlande van die Europese Unie, insluitend Brittanje, dit gedoen. Volgens Blinken (2001) ondersteun meer as twee-derdes van die Britse bevolking egter die doodstraf. Hy maak die afleiding dat hierdie 'n meer politieke tendens is en dat die afskaffing van die doodstraf slegs die houdings van politici weerspieël. Hy maak die volgende stelling met verwysing na die Europese Unie: *...if these countries' political cultures are morally superior to America's, it is because they are less democratic* (p. 33).

Badinter (2001) voer egter aan dat die toepassing van die doodstraf in die VSA berus op rassisme en vooroordeel, aangesien die meeste van die prisoniers in dodeselle deel van minderheidsgroepe is en gewoonlik ook van swak sosio-ekonomiese afkoms is. Hy voel ook dat die doodstraf nie 'n effektiewe afskrikmiddel vir geweldmisdade is nie.

Dit blyk dus asof daar wêreldwyd verskeie houdings teenoor die doodstraf bestaan. Die politieke en sosiale konteks van die verskillende lande blyk 'n bepalende rol in hul siening oor die doodstraf te wees. In die interpretering van persone se houding teenoor reëls en strawwe moet die sosiale en kulturele konteks waarin die individu funksioneer, dus in ag geneem word.

#### **2.5.6.4 Militarisme**

Konserwatiewe persone is groot ondersteuners daarvan dat 'n land 'n sterk militêre mag moet onderhou (Wilson, 1973). Die gebruikmaking van militêre mag om die nasie en hulle waardes te beskerm is vir hulle aanvaarbaar. In Suid-Afrika het hierdie ingesteldheid 'n groot bydrae gelewer tot die militêre betrokkenheid in die swart woonbuurte (Van Zyl Slabbert, 1989), wat daartoe kon gelei het dat 'n weersin teen militêre mag by 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse samelewing ontwikkel het (Hugo & Kotzé, 1983). Sedert die verkiesing in 1994 blyk dit asof daar 'n afname in militarisasie in Suid-Afrika plaasgevind het as gevolg van integrasie en rasionalisasie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (Kasrils, 1995; Pretorius, 1995).

#### **2.5.6.5 Etnosentrisme en onverdraagsaamheid teenoor minderheidsgroepe**

Die voorkeur vir eiesoortigheid is belangrik vir die konserwatiewe persoon (Wilson, 1973). Daar kan sterk negatiewe gevoelens teenwoordig wees teen mense wat "anders" is. Hierdie andersheid sluit nasionaliteit, rassegroeperings, seksuele voorkeure, godsdiens, asook talle ander verskille in. In die sestigerjare van die vorige eeu het konserwatiewe Amerikaners moeilik die hippie-era en gepaardgaande sosiale waardes aanvaar (Wilson, 1973). In Suid-Afrika was rassisme histories 'n algemene politieke en sosiale verskynsel (Duncan, 1996; Hugo & Kotzé, 1983; Kotzé

& van Wyk, 1986; Vigne, 1997). Die totstandkoming van apartheid en apartheidswette het grootliks bygedra tot die voortsetting van rassisme in Suid-Afrika. Hierdie wetgewing is voor die verkiesing in 1994 afgeskaf (Die Burger, 1991; Sowetan, 1991; The Argus, 1991; The Citizen, 1991). Dit blyk egter asof daar nog steeds 'n sterk, kollektiewe gevoel van etnosentrisme in Suid-Afrika teenwoordig is (Gunning, 2001; Weekly Mail & Guardian, 2001).

#### **2.5.6.6 Voorkeure vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings**

As daar in gedagte gehou word dat konserwatisme ook gesien kan word as 'n teenstand teen verandering, sal die konserwatiewe persoon grootliks op die tradisionele en bekende fokus (Wilson, 1973). Die konvensionele is ook belangrik ten opsigte van gedrag, insluitende smaak betreffende kuns, musiek, kleremodes en sosiale instellings. Hierdie instellings kan opvoedingsisteme en sosiale klubs insluit. Die konserwatiewe persoon kan dus gekant wees teen nuwe kuns en modes omdat dit, volgens hulle, die morele aspek van die samelewing kan erodeer. Alhoewel die morele sy beklemtoon word, is dit ook belangrik om die aspek van weerstand teen gepaardgaande verandering in gedagte te hou.

#### **2.5.6.7 Anti-hedonistiese uitkyk en beperking van seksuele gedrag**

Die geneigdheid om plesier as onweloweglik te sien is tiperend van ekstreme konserwatisme (Feather, 1979; Joe, 1984; Victor et al., 1985; Wilson, 1973). Dit het veral betrekking op seksuele gebied (Joe, 1984), maar sluit ook aspekte in soos vermaak en vryetydsbesteding.

Die konserwatiewe persoon is gewoonlik 'n voorstander van streng sensorskap van literatuur en ander vorme van vermaak soos films en toneelopvoerings. Enige seksuele gedrag wat dui op plesier en nie op voortplanting nie, is vir die baie konserwatiewe persoon onaanvaarbaar. Seksuele aspekte soos masturbasie, homoseksualiteit en die gebruik van voorbehoeding is veral hier van belang. In die geval van vermaak is pornografie en seksuele temas ook onaanvaarbaar. Materiaal wat 'n moralistiese en godsdienstige tema het, word verkies (Wilson, 1973).

In Suid-Afrika is seksuele gedragspatrone beïnvloed deur MIV. Dit het daartoe bygedra dat daar 'n terugkeer na 'n beperkte aantal seksmaats en die beoefening van veilige seks is. Dit kan verwag word dat hierdie verandering 'n beperking op die seksuele gedrag sal plaas (Calhoun & Friel, 2001; Klitsch, 1994; Steinberg, Kinghorn, Söderlund, Schierhout & Conway, 2000; Turner, 1994).

#### **2.5.6.8 Teenstand teen wetenskaplike vooruitgang**

Histories het die meer konserwatiewe persoon wetenskaplike vooruitgang teengestaan (Wilson, 1973). Dit kan hedendaags die genetiese kloning van diere, ruimteverkenning en die rekenarisering van arbeid insluit.

'n Interessante aspek ten opsigte van hierdie houdingsgroepering is die toename in die gebruik van rekenaars en selfone. Volgens Boshier (1973) sal skielike tegnologiese en intellektuele vooruitgang persone forseer om minder konserwatiewe houdings ten opsigte van wetenskaplike vooruitgang te ontwikkel. Die rekenarisering van informasie sal individue dus dwing om wel hierdie tegnologie te gebruik en kan konserwatiewe individue dus dwing om hul houding teenoor tegnologie te verander.

#### **2.5.6.9 Bygelowigheid**

Hierdie aspek hou verband met religieuse fundamentalisme. Dit sluit die tendens van die konserwatiewe persoon om bygelowig en fatalisties te wees in (Wilson, 1973). Meer bepaald dui dit ook op die geloof dat die individu se toekoms nie deur hom/haarself beheer word nie, maar deur ander bonatuurlike magte. Dit is egter moeilik om tussen geloof en bygelowigheid te onderskei. Dit sal afhang van die geloof of religieuse omgewing waarin die individu hom/haarself bevind. Bygelowigheid toon aansluiting met die religieuse komponent van konserwatisme. Sentraal tot hierdie aspek is die slagofferrol wat geprojekteer word.

## 2.5.7 VERANDERLIKES WAT VERBAND HOU MET KONSERWATISME

Aangesien konserwatisme 'n individuele, asook 'n samelewingshouding is wat sosiaal gekonstrueer word, kan verwag word dat daar verskille tussen sosiale groeperinge kan voorkom. Die volgende veranderlikes hou verband met konserwatisme: geslag, taal, kultuur en ouderdom.

### 2.5.7.1 Geslag

In die literatuur daarvoor word geslag algemeen aangedui as 'n voorspeller van konserwatisme (Berling & Fincham, 1979; Feather, 1979, 1980; Nias, 1973). Berling en Fincham (1979) het in die Suid-Afrikaanse konteks bevind dat dogters oor die algemeen meer konserwatief is as seuns. Verskeie studies het weer bevind dat etnosentrisme meer voorkom onder seuns as dogters (Nias, 1973). In die studie van Berling en Fincham (1979) is hierdie tendens nie gevind nie en maak hulle die gevolgtrekking dat dit in hierdie verband belangriker is om aan 'n etniese groep te behoort, as om bloot manlik of vroulik te wees.

Feather (1979, 1980) het in twee studies in Australië bevind dat vrouens effens meer konserwatief as mans is. Volgens Feather (1979) was vrouens meer konserwatief in die response wat ortodokse godsdiens en hedonisme aandui. Mans was weer meer konserwatief as vrouens betreffende straf en strafgeregtigheid. Hierdie verskille kan verklaar word deur die sosialisering van die verskillende geslagte. Seuns word gewoonlik meer blootgestel aan fisieke straf as dogters (Feather, 1979). Die sosialisering van dogters behels 'n groter klem op seksuele kuisheid as gevolg van swangerskap en negatiewe sosiale waarde-oordele. Hierdie verskille in sosialisering kan dus daartoe lei dat seuns en dogters verskillende houdings sal openbaar teenoor houdingsobjekte soos godsdiens, seksualiteit, moraliteit en strafgeregtigheid.

### 2.5.7.2 Taal en kultuur

Verskeie studies het kultuur en taal as voorspellers van konserwatisme aangedui (Berling & Fincham, 1979; Heaven, 1978; Katz, 1987; Katz & Ronen, 1986; Nieuwoudt & Nel, 1975; Wilson & Schutte, 1973).

In die Suid-Afrikaanse konteks het Berling en Fincham (1979) bevind dat Indiese kinders meer konserwatief oor godsdiens was, as wit kinders. Verder het hulle ook bevind dat wit kinders minder konserwatief as Indiërkinders ten opsigte van seksuele aspekte was. Katz (1987) het bevind dat houdings teenoor anti-hedonisme, strafgeregtigheid en godsdienstigheid onder Engels- en Afrikaanssprekendes ongeveer eenders was. Engelssprekendes het 'n voorkeur vir militarisme getoon, terwyl 'n voorkeur vir tradisionalisme weer meer onder Afrikaanssprekendes voorgekom het.

In 'n ondersoek wat Heaven (1978) gedurende die apartheidsera gedoen het, is bevind dat Suid-Afrikaanse kinders meer konserwatief ten opsigte van etnosentrisme was as hulle Britse geesgenote. Hierdie bevinding gee ondersteuning aan die hipotese van Nieuwoudt en Nel (1975) dat norme van bevooroordeling histories nie deel gevorm het van die kultuur van die Engelssprekendes in Suid-Afrika nie.

Dit blyk dus asof daar verskille in konserwatisme onder verskillende kulture kan voorkom weens verskille in sosiale en kulturele omgewings. Verskeie van die bogenoemde navorsers verwys veral na verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Histories blyk dit asof die proses van Afrikaner-Nasionalisme en apartheid, mag verskuif het na Afrikaanssprekende blankes in die sosiale en politieke konteks (Nieuwoudt, Olivier & Hough, 1979). Aangesien Engelssprekende Suid-Afrikaners nie Afrikaans as hul moedertaal het nie, was hulle dikwels uitgesluit van sosiale en politieke magposisies. Dit kon aanleiding gegee het tot verskille in houdings van Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners teenoor die vorige sosiale en politieke bedeling.



### 2.5.7.3 Ouderdom

In die bespreking van die generasionele aard van konserwatisme is ouderdom reeds as 'n voorspeller daarvan aangedui (kyk 2.5.4). Feather (1980) het bevind dat ouderdom 'n beter voorspeller van konserwatisme is as geslag. Wilson (1973) was vroeër ook al hierdie mening toegedaan. Dit is dus te verwagte dat 'n persoon konserwatiewer raak hoe ouer hy/sy word.

### 2.5.8 KONSERWATISME EN DIE FUNKSIONERING VAN DIE INDIVIDU

Aangesien konserwatisme as houding 'n kognitiewe, affektiewe en konatiewe element bevat, sal dit 'n groot invloed op mense se gemoed, gedrag en funksionering hê. Die vraag kan dus gevra word of die meer konserwatiewe persoon beter aangepas sal wees as die minder konserwatiewe een. Hierdie tendens is reeds deur navorsing ondersoek (Cheung & Kwok, 1996; Furnham, 1990; Maltby & Price, 1999; Marcia, 1980; Nissani, 1994; Van Ijzendoorn, 1989).

Soos voorheen bespreek (kyk 2.5.3), het Maltby en Price (1999) in 'n ondersoek onder studente bevind dat konserwatisme deel is van 'n persoon se verdedigingstyl. Hulle het ook verder bevind dat meer konserwatiewe persone meer geneig is tot onvolwasse verdedigingstyle as minder konserwatiewes. Nissani (1994) meen dat mense konserwatisme gewoonlik as onkunde en lafhartigheid beskryf.

Volgens Cheung en Kwok (1996) is daar verskeie teorieë (Furnham, 1990; Marcia, 1980) wat aandui dat konserwatisme 'n ondergeskikte stadium van ontwikkeling verteenwoordig. Volgens hulle is die konserwatiewe persoon wanaangepas by die omgewing en dui dit 'n vertraging in identiteitsontwikkeling aan. Boshier (1969) het bevind dat subjekte met 'n hoë selfbeeld minder konserwatief is as persone met 'n lae selfbeeld, wat aandui dat konserwatisme 'n swak selfbeeld tot gevolg kan hê.

Dit is dus uit die literatuur daarvoor duidelik dat konserwatisme dikwels as oorwegend **negatief** vir die individu se algemene funksionering gesien word. 'n Teoretiese teenargument kan egter gevoer word, waardeur die **positiewe** aspekte van 'n konserwatiewe houding beklemtoon word.

Konserwatisme word in die literatuur ook aangedui as die tendens om te **konformeer** tot die sosiale orde om onsekerheid te verminder (Maltby, 1997). Hierdie konformering kan daartoe aanleiding gee dat meer konserwatiewe persone hul gedrag in ooreenstemming met die sosiale orde rig. Meer konserwatiewe persone kan dus in sommige gevalle goed aanpas by die bestaande orde (Scruton, 1984). Aangesien 'n aandrag op streng reëls ook deel is van die konserwatiewe persoon se houding (Wilson, 1973), kan dit ook daartoe lei dat meer konserwatiewe persone hul gedrag rig ten opsigte van die reëls en wette van die bestaande orde en dus minder betrokke raak by onwettige aktiwiteite.

Konserwatiewe persone **vereenvoudig, struktureer** en **kontroleer** sowel hul eksterne (perseptuele en stimulus prosesse) as hul interne wêreld (behoefte, gevoelens en drange) (Wilson, 1973). Konserwatiewe houdings kan dus optree as struktuur waarvolgens persone hul gedrag rig. As hierdie struktuur nie te rigied is nie, kan dit positiewe aanpassing fasiliteer.

Aangesien die konserwatiewe persoon versigtig reageer teenoor verandering, kan dit ook daartoe aanleiding gee dat die persoon **nie impulsief sal optree nie** (Joe, 1974). Interne struktuur en konformering sal ook hiertoe bydra. Daar kan dus aangeneem word dat die meer konserwatiewe persoon sosiale aspekte en situasies eers goed sal deurdink, voordat hy/sy optree in situasies. Hierdie kan 'n positiewe invloed op gedrag hê.

**Godsdiens** speel ook 'n belangrike rol in die meer konserwatiewe persoon se houdingsraamwerk (Muller, 2000). Navorsing het reeds die positiewe verband tussen religie en gesondheid aangetoon (Wallace & Forman, 1998). Daar kan dus aangeneem word dat die meer konserwatiewe persoon se positiewe houding ten opsigte van godsdiens 'n positiewe effek op sy/haar funksionering sal hê.

Konserwatisme word ook as 'n **waarde** aangedui (Victor et al., 1985). Daar kan dus aangeneem word dat konserwatisme as 'n morele waarde 'n positiewe effek op persone se funksionering kan hê, aangesien dit hul gedrag positief kan rig en struktureer ten opsigte van die waardesisteem van die samelewing.

Tesame hiermee word konserwatisme ook in verband gebring met 'n anti-hedonistiese uitkyk, wat aanleiding kan gee tot 'n beperking van **seksuele gedrag** (Wilson, 1973). Met 'n toename in MIV/VIGS kan beperking van seksuele gedrag 'n beskermende faktor wees.

## 2.6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

Die volgende samevattende gevolgtrekkings kan nou gemaak word:

Konserwatisme word as 'n **sosiale houding** aangedui. Hierdie houding word sosiaal gekonstrueer en bestaan uit 'n kognitiewe, affektiewe en konatiewe komponent. Daar bestaan verskillende houdings teenoor sosiale verandering, wat radikale, liberale, gematigde, konserwatiewe en reaksionêre houdings insluit. Konserwatisme en liberalisme is nie teenpole van mekaar nie, maar wel onafhanklike houdings.

Dit blyk asof konserwatisme uit die volgende houdingsgroeperinge bestaan: **godsdienslike fundamentalisme, behoudende politieke sienings, militarisme, aandrang op streng reëls en strawwe, etnosentrisme, voorkeur vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings, anti-hedonisme en beperking op seksuele gebied, teenstand teen wetenskaplike vooruitgang en bygelowigheid.** Alhoewel hierdie verskeie houdingsgroeperinge oor konserwatisme bestaan, blyk dit asof konserwatisme oor die algemeen 'n weerstand teen verandering aandui.

**Geslag** blyk 'n goeie voorspeller van konserwatisme te wees, terwyl daar teenstrydigheid is oor **taal en kultuur**. In alle kulture sal daar 'n mate van konserwatisme voorkom, aangesien konserwatisme nie slegs 'n kollektiewe komponent het nie, maar ook 'n individuele impak op mense.

Die vraag kan gevra word of 'n konserwatiewe persoon beter of slegter sal aanpas in die sosiale konteks waarbinne hy/sy leef. Daar is baie navorsers wat konserwatisme as negatief sien. Teoreties kan 'n teenargument hiervoor gevoer word. Hierdie studie sal poog om meer duidelikheid oor hierdie vraag te kry.

Vir doeleindes van die betrokke navorsing word die volgende karaktereienskappe van die meer konserwatiewe individu weergegee:

- Die meer konserwatiewe persoon sal **verandering** in die sosiale en politieke omgewing **teenstaan**. Indien die persoon verander, sal die veranderingsproses stadig geskied.
- Die konserwatiewe persoon sal 'n gerigtheid tot **godsdienst** en spiritualisme toon, wat sy/haar gedrag positief of negatief kan beïnvloed.
- 'n Geneigdheid tot **etnosentrisme** ten opsigte van kulturele en rassegroepering kan die meer konserwatiewe persoon se gedrag ten opsigte van sosialisering rig. Dit kan 'n geneigdheid tot selektiewe sosialisering insluit, wat negatief op die individu se aanpassing in 'n multikulturele samelewing kan inwerk, afhangende van die ekstremiteit daarvan.
- Wetsgehoorsaamheid en die ondersteuning van die bestaande orde sal bydra tot 'n geneigdheid om te **konformeer** tot die status quo. Internalisering van die samelewingswaardes en eienskappe van die outoritêre persoonlikheid, wat respek en onderdanigheid aan outoriteit insluit, kan ook tot konformering bydra.
- 'n Sterk morele **waardesisteem** wat anti-hedonisme en beperkings op seksuele gebied insluit, word deur die meer konserwatiewe persoon ondersteun. Aansluitend hierby is ook 'n voorkeur vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings.

- Meer konserwatiewe persone toon 'n geneigdheid om hul eksterne en interne wêreld te **vereenvoudig, te struktureer en te kontroleer**. Indien hierdie struktuur nie rigied is nie, kan dit daartoe bydra dat die persoon sosiale aspekte en situasies eers goed sal deurdink, voor daar opgetree word. Die meer konserwatiewe persoon sal dus nie tot impulsiewe optrede geneig wees nie.

# HOOFSTUK 3

## PSIGOLOGIESE WELSTAND

### 3.1 INLEIDING

Aangesien die sielkunde 'n dinamiese wetenskap is, word dit gekenmerk deur verskeie veranderinge wat algaande plaasvind. Hierdie veranderinge het die toepassing van sielkunde in die praktyk gerig. Waar daar voorheen in die sielkunde gefokus is op die oorsprong en aard van siektetoestande, is daar tans 'n verskuiwing na die oorsprong en aard van gesondheid (Pretorius, 1997; Van Eeden, 1996; Wissing & Van Eeden, 1998).

Histories was die fokus oorwegend op psigopatologie en die behandeling daarvan. In hierdie patogene oriëntasie is daar gekyk na die simptome, asook oorsake van patologie. Die vraag is gevra: "Wat maak mense siek?" Die patogene oriëntasie gaan van die veronderstelling uit dat siekte 'n organiese en fisieke oorsaak het. 'n Belangrike gevolg hiervan is die mediese model (Pretorius, 1997).

Heelwat kritiek is later teen die mediese model uitgespreek. Volgens Seligman en Csikszentmihalyi (2000) lei 'n eksklusiewe fokus op patologie daartoe dat positiewe aspekte wat die lewe vir mense die moeite werd maak, grootliks ontken word. Thoresen en Eagleston (1985) voel dat die mediese model te veel op die behandeling van siekte fokus en 'n leemte toon ten opsigte van die voorkoming van siekte. Die mediese model fokus ook te veel op die behandeling van simptome, eerder as op die oorsaak daarvan. Fisieke faktore word beklemtoon, terwyl psigiese en sosiale aspekte van patologie onderbeklemtoon word. Laastens voel die genoemde navorsers dat die mediese model te veel op tegnologie fokus, wat lei tot die ontkenning van die menslike komponent by siekte.

Hierdie kritiek het bygedra tot 'n fokusverskuiwing vanaf die mediese model na 'n meer salutogenetiese oriëntasie (Antonovsky, 1979, 1987, 1991, 1993; Strümpfer, 1990). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Adler reeds in 1927 op aspekte van

positiewe sielkunde, met die klem op gesondheid eerder as op patologie, gefokus het (Strümpfer, 2000). Die teoretiese onderbou van salutogenese ten opsigte van gesondheid is dus nie 'n onlangse verskynsel nie. Dit blyk asof dit tans weer 'n oplewing toon.

In die salutogenetiese oriëntasie word die kulturele, sosiale en persoonlike bronne wat bydra tot gesondheid en welstand, bestudeer (Strümpfer, 1990; Van Eeden, 1996). Hierdie oriëntasie is dus 'n weg beweeg vanaf die patogene oriëntasie.

Vanuit die salutogenetiese perspektief kan daar 'n belangrike bydrae gemaak word tot die verbetering van mense se lewenskwaliteit, asook die bemagtiging van individue en gemeenskappe (Van Eeden, 1996). In die Sielkunde is daar later 'n uitbreiding van die konsep "salutogenese" na "fortogenese", ten einde 'n meer verklarende konstruk van die gesondheidsparadigma daar te stel. Fortogenese fokus op die oorsprong van psigiese krag in die algemeen (Strümpfer, 1995).

Wissing en Van Eeden (1998) brei die begrip "fortogenese" uit en gebruik die term "psigofortologie" om die gesonde funksionering van die individu te beskryf. Dit behels psigologiese welstand, met spesifieke klem op die aard, manifestasie en maniere waarop dit bevorder kan word.

In hierdie studie sal die model van Madsen (1988) gebruik word om 'n raamwerk daar te stel, waarbinne psigologiese welstand verklaar kan word. Hierdie model word ook deur Wissing (2000) as 'n raamwerk gebruik om psigologiese welstand mee te beskryf. Die model van Madsen (1988) behandel wetenskaplike teorieë as bestaande uit drie vlakke, naamlik: die **meta-**, **hipotese-** en **empiriese vlak**.

Die **metateoretiese** vlak bied 'n metamodel, of filosofiese beskrywing van die ander twee vlakke. In hierdie hoofstuk sal daar op hierdie vlak gekyk word na salutogenese as fokus op gesondheid, innerlike sterkte, vermoëns en welstand en die verskuiwing na 'n meer fortogene fokus, asook die totstandkoming van die begrip "psigofortologie", wat psigologiese welstand insluit.

Die **hipotesevlak**, wat teoretiese beskrywing insluit, vorm die sentrale kern van dié wetenskap. Op hierdie vlak sal daar gefokus word op teoretiese konstrukte en modelle, wat poog om 'n verklaring te gee van die oorsprong, manifestering en patrone van psigologiese welstand. Die **teoretiese konstrukte** wat bespreek sal word, is die volgende: **koherensiesin, lewenstevredenheid, fortaliteit, coping, gehardheid, selfaktualisering, potensie en psigologiese weerbaarheid**. Die strukturele **modelle** wat op hierdie vlak bespreek sal word, is die **Multidimensionele Sisteemmodel van Crose, Nicholas, Gobble en Frank (1992)** en die **Holistiese model van Witmer en Sweeney (1992)**. Op die hipotesevlak sal die welstandsproses ook ondersoek word deur die gebruikmaking van 'n **funksionele model**. Die **Transaksionele model van Kumpfer (1999)** sal hoofsaaklik gebruik word om die proses van psigologiese weerbaarheid, wat tot welstand lei, te illustreer.

Die **empiriese vlak** behels die spesifieke waarnemings van die persoon (Madsen, 1988). In die bespreking van Kumpfer (1999) se model sal daar op empiriese vlak gekyk word na navorsing oor die veranderlikes wat 'n rol by psigologiese welstand speel.

### **3.2 KONSEPTUELE VERKLARING VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND OP DIE METATEORETIESE VLAK**

Verskeie definisies van psigologiese welstand word in die literatuur weergegee en dit blyk asof die samestelling van 'n enkele definisie daarvan problematies is (Grotberg, 1997; Van Eeden, 1996; Wissing & Van Eeden, 1998). Verskillende breë konstrukte word in die literatuur as sinonieme vir psigologiese welstand gebruik, naamlik: geestesgesondheid, psigologiese gesondheid en psigologiese optimale funksionering (Van Eeden, 1996). Gordon en Song (1994) meen dat psigologiese welstand nie 'n enkele konstruk is nie. Volgens hulle is psigologiese welstand: *...a complex of related processes that deserve to be identified and studied as discrete constructs* (p.30).



Wissing (2000) beskou welstand as die boonste punt van 'n kontinuum van holistiese welstand in die volgende areas van die lewe: kognitief, emosioneel, spiritueel, fisies, sosiaal, beroepsontwikkeling en omgewing. Om 'n konseptuele verklaring van psigologiese welstand op metateoretiese vlak te gee is dit belangrik om sekere verwante begrippe en die ontwikkeling van hierdie begrippe te bespreek.

### 3.2.1 SALUTOGENESE

Antonovsky (1979) het in sy fokus op gesondheid die begrip "salutogenese" daar gestel. Dit is afgelei van twee Latynse woorde (*salus* en *genesis*), wat "oorsprong van gesondheid" beteken. In hierdie salutogenetiese paradigma is die fokus op die oorsprong, aard en verbetering van gesondheid (Antonovsky, 1979). Strümpfer, (1990) gee die volgende beskrywing van Antonovsky (1979, 1987) se salutogenese-konsep:

- Salutogenese fokus op wat die **uitsondering** is op patogene lewenspatrone. Dit bevraagteken waarom sekere persone patologiees word en ander dit weer in dieselfde omstandighede vryspring.
- Salutogenese beskou **stres as 'n normale aspek** van die daaglikse funksionering. Dit is dus nie die afwesigheid van stres wat welstand of gesondheid bepaal nie, maar die aard van die persoon se reaksie op stressore.
- Salutogenese ondersoek **hanteringsmeganismes** wat individue gebruik om weerstand te bied teen stres, of om stres te hanteer.
- Salutogenese het 'n **kontinuum-benadering** tot die siekte-gesondheidsdigotomie. Antonovsky (1979, 1987) stel 'n kontinuum met pole van algehele en optimale gesondheid tot totale siekte en aftakeling voor.

Volgens Strümpfer (2000) dui die begrip "salutogenese" op 'n geneigheidsoriëntasie, wat ten doel het om gesondheid aan te moedig en te versterk. Mens se posisie op hierdie kontinuum, asook faktore wat hul posisie beïnvloed, word in die salutogenetiese paradigma ondersoek (Van Eeden, 1996). Strümpfer (1990) het Antonovsky (1979) se salutogenetiese paradigma bespreek en aanbeveel dat daar eerstens wegbeweeg moet word van hierdie paradigma se digotomiese denkwysse betreffende siekte en gesondheid. Tweedens meen hy dat stressors nie net inherent skadelik is nie, maar dat daar 'n positiewe potensiaal in sekere stressore opgesluit lê. Laastens voel Strümpfer (1990) dat daar ook meer op welstandshulpbronne gefokus moet word.

### 3.2.2 FORTOGENESE

Na aanleiding van die vorige bespreking dui Strümpfer (1995) 'n uitbreiding vanaf salutogenese na fortogenese (fortologie) aan. Die term "fortogenese" (*fortis* = sterk, *genesis* = oorsprong) verwys na die oorsprong van psigiese krag in die algemeen, terwyl salutogenese slegs dui op die oorsprong van gesondheid (Strümpfer, 1995). Fortogenese is dus 'n meer holistiese en omvattende benadering as salutogenese en fokus hoofsaaklik op beskermingsfaktore, terwyl patogene perspektiewe meer fokus op risikofaktore.

### 3.2.3 PSIGOFORTOLOGIE

Wissing en Van Eeden (1998) het die term "psigofortologie" (die wetenskap van psigologiese sterktes), wat voortspruit uit Strümpfer (1995) se term "fortogenese", voorgestel. Psigofortologie fokus op die aard, manifestering, patrone, oorsprong, dinamika en verryking van sterktes op individuele-, groeps- en gemeenskapsvlak. Hierdie begrip het 'n meer psigologiese invalshoek, wat 'n aparte wetenskaplike domein in die sielkunde verteenwoordig. Die begrip "psigologiese welstand" is 'n verskynsel in hierdie wetenskaplike domein van psigofortologie (Wissing, 2001).

### 3.3 KONSTRUKTE GEASSOSIEER MET PSIGOLOGIESE WELSTAND OP HIPOTESEVLAK

Daar sal eerstens gefokus word op konstrunkte wat geassosieer word met psigologiese welstand, waarna drie teoretiese modelle bespreek sal word. Hierdie konstrunkte bied teoretiese verklarings op mikrovlak en sluit die volgende in: koherensiesin, lewenstevredenheid, fortaliteit, coping, gehardheid, selfaktualisering, potensie en psigologiese weerbaarheid.

#### 3.3.1 KOHERENSIESIN

Antonovsky (1979, 1987, 1991) beskryf koherensiesin as 'n dinamiese aspek van psigologiese funksionering en dui dit aan as die sentrale konstruk in sy salutogenemodel. Hy definieer koherensiesin as:

*...a global orientation that expressess the extent to which one has a pervasive, enduring, though dynamic feeling of confidence that (1) the stimuli deriving from one's internal and external environments in the course of living are structured, predictable and explicable; (2) the resources are available to one to meet the demands posed by these stimuli; (3) these demands are challenges worthy of investment and engagement. (p. 19)*

Koherensiesin sluit perseptuele, kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte in en bestaan uit drie verweefde komponente, wat verstaanbaarheid, beheerbaarheid en sinvolheid insluit. **Verstaanbaarheid** behels die sin of wete dat die lewe georden en konsekwent is en ook sin maak. **Beheerbaarheid** verwys na die mate waarin 'n mens waarneem dat die bronne tot jou beskikking gebruik kan word om die vereistes van stimuli, waarmee jy gekonfronteer word, te hanteer. **Sinvolheid** verteenwoordig 'n motiverende element en behels die mate waarin 'n mens voel dat die lewe emosioneel, eerder as kognitief, sin maak (Antonovsky, 1979, 1987, 1991, 1993).

Verskeie navorsers het bevind dat koherensiesin direk aanleiding gee tot individuele aanpassing en suksesvolle funksionering in verhoudings en werksomstandighede (Antonovsky, 1993; Bowman, 1996; Strümpfer, 1995). Koherensiesin sal dus 'n belangrike deel van 'n persoon se psigologiese welstand vorm.

### 3.3.2 LEWENSTEVREDENHEID

Diener (1984) gebruik die begrip *subjective wellbeing* wat, die konstruk "lewenstevredenheid" insluit. Lewenstevredenheid behels 'n kognitiewe beoordelingsproses van 'n mens se lewenskwaliteit wat deur hom/haarself geëvalueer word (Diener, Emmons, Larsen & Griffin, 1985). Persone beoordeel dus hul lewenstevredenheid deur hul omstandighede met 'n eie, innerlike standaard te bepaal. Die evaluering van lewenstevredenheid berus dus nie op eksterne faktore nie, maar op interne verwysings (Myers & Diener, 1996). Na aanleiding van die uiteensetting van lewenstevredenheid, blyk dit dus dat hierdie begrip verband hou met psigologiese welstand.

### 3.3.3 FORTALITEIT

Pretorius (1997) het die konstruk "fortaliteit" ontwikkel op grond van die paradigma van psigologiese welstand. Hy verklaar: *Fortitude in essence, therefore is the strength derived from appraising ourselves and our world positively which enables us to cope with life stress* (p.170).

Hierdie beoordelings (*appraisals*) is veral relevant in die volgende kontekste (Pretorius, 1998):

- 'n Evaluerende bewuswording van die **self**. Dit sluit globale, asook meer spesifieke beoordelings van die self van aspekte soos probleemoplossingsvermoëns, bemeestering en bevoegdhede in.
- 'n Evaluerende bewuswording van die **familie-omgewing**, wat ondersteuning van die familie, vlak van konflik en familiekohesie, asook familiewaardes, insluit.

- 'n Evaluerende bewuswording van die **ondersteuning van ander**. Dit sal kwantitatiewe dimensies (byvoorbeeld, waargenome vlakke van ondersteuning), asook kwalitatiewe dimensies (byvoorbeeld, satisfaksie) van ondersteuning insluit. Aanvullend hierby sal dit ook oortuigings ten opsigte van vermoëns om hierdie ondersteuning te gebruik, insluit.

Dit blyk dus asof fortaliteit die krag (*strength*) is wat verkry word deur die positiewe beoordeling van die self en die wêreld (Pretorius, 1998). Die persoon met fortaliteit word dus gekenmerk deur positiewe beoordeling van die self, die familie, die omgewing, asook ondersteuning van ander. Fortaliteit hou direk verband met psigologiese welstand (Wissing, 2001).

### 3.3.4 COPING

Meichenbaum en Turk (1982) definieer coping as 'n poging om omgewingsuitdagings en interne konflikte te hanteer. Hierdie poging kan intra-psigies en aksiegeoriënteerd wees. Die coping-konstruk word verder omskryf as 'n stabiliserende respons wat poog om psigososiale aanpassing ten tye van eksterne stresvolle situasies te handhaaf (Lazarus & Folkman, 1984). Hierdie stabiliserende respons kan kognitiewe strategieë en/of gedrag behels. Dit blyk asof coping ten doel het om die individu se welstand te verhoog en dus 'n belangrike konstruk by psigologiese welstand is.

### 3.3.5 GEHARDHEID

Gehardheid word as 'n persoonlikheidskonstruk beskou, wat modereer tussen stres en gesondheid (Kobasa, 1979). Strümpfer (1990) beskryf drie komponente wat kenmerkend is van die konstruk "gehardheid":

- **Verbintenis** ('n geloof in die waarheid, belangrikheid en waardevolheid van die self en aktiwiteite wat uitgevoer word).
- **Beheer** ('n geneigdheid om te glo dat die self grootliks die eksterne gebeure in die lewe kan beïnvloed).

- **Uitdaging** ('n verwagting dat veranderinge, eerder as stabiliteit, die norm in die lewe is en dat veranderinge geleenthede vir persoonlike ontwikkeling sal bring).

Volgens Strümpfer (1990) is die kritiek op gehardheid dat dit patogene veranderlikes meet en nie soseer salutogene veranderlikes nie.

### 3.3.6 SELFAKTUALISERING

Selfaktualisering behels die wyses waarop die individu 'n inherente drang na groei, heelheid en persoonlike vervulling laat realiseer (Van Eeden, 1996). Die verwesenliking van potensiaal en doelgerigtheid blyk belangrike prosesse in selfaktualisering te wees (Shostrom, 1974). Maslow (1954, 1968) se hiërgiese behoefte-model dui selfaktualisering as die boonste deel van die behoeftepiramide aan. Rogers (1961) het in sy teorie oor persoonlikheid ook op die selfaktualiseringskonsep gefokus.

Alhoewel daar verskille in die konseptualisering van selfaktualisering voorkom (Maslow, 1968; Perls, 1971; Rogers, 1961), is daar twee aannames wat met mekaar ooreenstem (Van Eeden, 1996). Hierdie aannames is eerstens, dat selfaktualisering 'n wesenskenmerk van psigologies gesonde individue is en tweedens, dat die meetinstrumente wat selfaktualisering meet, ook aspekte van gesonde funksionering en geestesgesondheid meet (Hightower, 1988; Knapp, 1976; Oakland, Freed, Lovekin, Davis & Camirelli, 1978). Daar kan dus aangeneem word dat selfaktualisering deel vorm van psigologiese welstand.

### 3.3.7 POTENSIE

Die konstruk "potensie" verwys na 'n persoon se vertroue in sy/haar eie vermoëns (Ben-Sira, 1985). Potensie is die resultaat van die suksesvolle hantering van stres en dien ook as 'n meganisme om die spanning van onsuksesvolle hantering van stres te voorkom. Dit blyk asof daar duidelike ooreenkomste tussen potensie en koherensiesin is (Strümpfer, 1990). Dit wil egter voorkom asof koherensiesin 'n meer uitgebreide verklaring van psigologiese welstand daar stel.

### 3.3.8 PSIGOLOGIESE WEERBAARHEID

In 1999 gebruik Strúmpfer (1999) die term “psigologiese weerbaarheid” in die Suid-Afrikaanse konteks, waarin die teenwoordigheid van stressors en ‘n persoon se reaksie daarop, beklemtoon word. In die literatuur daarvoor word “psigologiese weerbaarheid” en “veerkragtigheid” (*resilience*) as wissel terme gebruik (Wissing, 2001). Vir die doel van hierdie navorsing sal “psigologiese weerbaarheid” as beskrywende term verkies word.

Wissing (2000) noem dat dit belangrik is om kennis te dra van beskermingsfaktore, positiewe persoonlikheidstreke en konstruksie wat welstand uitbou, maar dat die ontwikkeling van die psigologiese welstandsproses ook ondersoek moet word. Dit kan as die “psigologiese weerbaarheidsproses” beskryf word en is ‘n onderafdeling van psigologiese welstand.

Grotberg (1997) verwys na psigologiese weerbaarheid as die universele menslike vermoë of kapasiteit om negatiewe ervarings te konfronteer, te hanteer en self daardeur versterk te word. Kumpfer (1999) verwys ook na psigologiese weerbaarheid as deel van ‘n proses wat tot welstand kan lei. Masten (1994) beskryf psigologiese weerbaarheid as die suksesvolle aanpassing van ‘n persoon, ten spyte van risiko’s en teenspoed. Dit blyk dus asof “psigologiese weerbaarheid” ‘n sentrale konsep tot psigologiese welstand is en dat die weerbaarheidsproses die mate waartoe iemand welstand ervaar, bepaal.

## 3.4 STRUKTURELE MODELLE VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND OP HIPOTESEVLAK

Verskeie modelle van psigologiese welstand kom in die literatuur daarvoor voor (Croese et al., 1992; Seeman, 1989; Witmer & Sweeney, 1992). Nuwe konstruksie, modelle en perspektiewe word daargestel, sonder dat daar ‘n ontleding gemaak word van ooreenkomste en verskille tussen hulle (Van Eeden, 1996). Wissing en Van Eeden (1998) voel dat daar nog nie ‘n volledige, koherente raamwerk (model) bestaan oor die dinamika van psigologiese welstand nie. Om bogenoemde vraagstuk nader te beskou, sal later in hierdie hoofstuk ‘n samevattende bespreking

van die twee strukturele modelle, asook die funksionele model van Kumpfer (1999) gegee word.

### **3.4.1 MULTIDIMENSIONELE SISTEEMMODEL VAN CROSE ET AL. (1992).**

Verskeie navorsers voel dat 'n sisteemteoretiese benadering 'n goeie raamwerk vir die beskrywing van psigologiese welstand bied (Seeman, 1989; Witmer & Sweeney, 1992). Crose et al. (1992) stel 'n multidimensionele sisteemmodel vir assessering en voorligting met betrekking tot psigologiese welstand voor. In hierdie model word die volgende aspekte beklemtoon: verskille ten opsigte van ontwikkeling, kultuur, geslag en ouderdom, individuele sterktes, probleme, hanteringspatrone, aanpassingsvermoëns en die potensiële groei en verandering in mense. Hierdie model inkorporeer sisteemprosesse van kubernetiese selfregulering en poog om 'n integrasie van sisteemeienskappe te illustreer.


'n Sisteem word beskryf as 'n geheel wat bestaan uit onderafdelings of subsysteme en gekenmerk word deur interaksie daartussen. Interaksie vind tussen dele van die sisteem plaas, ten einde ongelykhede en teenstrydighede te verminder. Daar is dus 'n terugvoerkring, wat die sisteem beheer. Die proses begin deur die invoer van inligting in die sisteem. Sodra invoer plaasvind, word daar 'n vergelyking getref tussen 'n waargenome toestand en 'n spesifieke verwysingsraamwerk of waarde van die subsisteem (Crose et al., 1992).

Indien daar onreëlmatigheid of wanbalans in hierdie vergelyking is, vind daar sisteemproduksie plaas, wat die wanbalans moet korrigeer. Ontvouing is die proses wat plaasvind wanneer nuwe, unieke kenmerke ontvou uit die interaksie tussen die verskeie dele van die sisteem. Ontvouing beklemtoon die belangrikheid om 'n sisteem as 'n geheel te ondersoek en nie slegs die dele daarvan nie (Crose et al., 1992).

Volgens hierdie model word gesondheid volgens die sisteemmodel gedefinieer as die toestand van 'n lewende sisteem, waartydens alle terugvoerkringe intak en ook vry is van steurings en stremminge wat die vloei kan beïnvloed. Welstand word, volgens hierdie model, gesien as 'n dinamiese en voortdurende ontwikkelingsproses.



Croese et al. (1992) se model van welstand fokus op die onderstaande vier beginsels.



**Figuur 3.1: Croese et al. (1992) se sisteemmodel van psigologiese welstand (Aangepas deur Van Eeden, 1996:85)**

1. Gesondheid is **multidimensioneel** en bestaan hoofsaaklik uit fisiese, emosionele, sosiale, beroeps-, geestelike en intellektuele dimensies wat kan oorvleuel. Die benaming van die dimensies is minder belangrik as die konsep dat optimale welstand deur 'n aantal verskillende lewensdimensies (nr. 1 in fig. 3.1) beïnvloed word.
2. Gesondheid is **veranderlik** en nie staties nie en word aangedui as 'n dinamiese fluktuerende toestand. Hierdie proses word deur die silindriese buise (nr. 2) aangedui. Unieke individuele verskille tussen persone en kulture word deur die grade van variasie in elke dimensie geïllustreer.
3. Gesondheid is **selfregulerend binne lewensdimensies**. Hierdie aanname word deur die golfpatroon (nr. 3) geïllustreer. Die golfpatroon begin by 'n middelpunt van variasiewydte wat kan toeneem en uiteindelik weer herstel kan word na die middelposisie deur kubernetiese, selfregulerende prosesse.

4. Gesondheid is **selfregulerend oor verskeie lewensdimensies** heen. Hierdie aspek word geïllustreer deur die verskillende verbindingspyle tussen lewensdimensies (nr. 4). 'n Verandering buite die drempel van een lewensdimensie kan dus ander lewensdimensies ook beïnvloed. Só kan fisiese veranderings soos 'n besering of siekte ook tot veranderings op emosionele, sosiale en spirituele dimensies lei.

Die model van Crose et al. (1992) beklemtoon dat vir optimale menslike funksionering, die sisteem oop en ontvanklik moet wees vir terugvoer en dat daar self-regulerende prosesse moet bestaan, wat regoor die lewensdimensies 'n balans moet handhaaf.

Crose et al. (1992) verskaf talle komponente van die lewensdimensies wat aspekte soos liggaamsbeeld, hanteringstyle, kognitiewe styl, sosiale netwerk, beroepsdoelwitte en lewenstevredenheid insluit. Die meeste van hierdie komponente sal in die model van Kumpfer (1999) meer breedvoerig bespreek word en empiriese bevindings ten opsigte van hierdie konsepte sal ook aandag geniet.

#### **3.4.1.1 Samevatting**


Die model van Crose et al. (1992) bied 'n multidimensionele sisteemmodel vir welstand, wat holistiese gesondheid ondersteun. Multidimensionele beoordeling, sisteemeienskappe en geslagsverskille word in hierdie welstandsmoedel geïnkorporeer. Aspekte soos kultuur en ouderdom word ook in aanmerking geneem. Volgens Van Eeden (1996) is 'n leemte van hierdie model dat dit nie norme aandui vir gedragsmanifestasies wat in elke lewensdimensie 'normaal' is nie. Empiriese navorsing is dus nodig om vas te stel wat die bo- en ondergrense van gesondheid in elke domein is.

#### **3.4.2 HOLISTIESE MODEL VIR WELSTAND EN VOORKOMING OOR DIE LEWENSPAN (WITMER EN SWEENEY, 1992)**

Witmer en Sweeney (1992) se holistiese model bied 'n geïntegreerde paradigma van welstand. Hierdie model maak gebruik van teoretiese konsepte vanuit die psigologie, antropologie, sosiologie, teologie en opvoedkunde. Die verbande tussen

aspekte op 'n kosmiese vlak word beklemtoon. Dit sluit aspekte en eienskappe van die individu op menslike vlak, asook die integrasie (*wholeness*) van psige, liggaam, gees en verhoudings met ander, in.

Die model beskryf eienskappe van 'n gesonde persoon se lewensloop binne die konteks van vyf lewenstake. Hierdie lewenstake is die ontwikkeling van 'n **geestelike ingesteldheid** (spiritualiteit), **self-regulering**, **werkverrigting**, die ontwikkeling van **liefdesverhoudings** en die ontwikkeling van **vriendskapsverhoudings** wat soos volg as 'n welstandswiel (*wheel of wellness*) voorgestel word:



Figuur 3.2: Die wiel van welstand en voorkoming van Witmer en Sweeney (1992) (Aangepas deur Van Eeden (1996:77))

- **Lewenstaak 1: Ontwikkeling van 'n geestelike ingesteldheid (Spiritualiteit)**

In die wiel van welstand is geestelikheid sentraal geleë en beskryf sekere lewensverrykende gelowe omtrent menslike waardigheid, menseregte en eerbied, asook ontsag vir die lewe (Witmer & Sweeney, 1992). Die volgende konsepte is veral hier van belang: die behoefte aan eenheid en 'n innerlike lewe, doelgerigheid, optimisme en waardes.

Die **behoefte aan eenheid** behels 'n strewe en begeerte na innerlike vrede en eenheid met die skepping as sodanig. **Doelgerigheid** behels die sin om te lewe en oor die toekoms te hoop. **Optimisme** word aangedui as 'n uitdrukking van hoop dat die persoon met 'n mate van selfvertroue die beste moontlike uitkoms kan bereik, of op die hoopvolste aspekte van 'n situasie fokus. **Waardes** is reeds in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.2) bespreek. Die persoon wat oor psigologiese welstand beskik, se waardes is universeel van aard en oorskrei die grense van kultuur en tyd (Witmer & Sweeney, 1992).

- **Lewenstaak 2: Selfregulering**

Selfregulering word beskryf as die proses waardeur 'n individu langtermynpatrone van doelgerigte gedrag koördineer (Witmer & Sweeney, 1992). Deur hierdie lewenstaak kry die individu dit reg om die self te rig, te beheer en te bestuur binne die norms van die totale gemeenskap. Kenmerkende konsepte in hierdie lewenstaak is 'n sin vir eie waarde, 'n sin van beheer (*control*), realistiese denke, spontane en emosionele responsiwiteit, intellektuele stimulasie, probleemoplossing en kreatiwiteit, humorsin, fisiese fiksheid en dieetkundige versorging.

- **Lewenstaak 3: Werk**

In hierdie lewenstaak word die psigologiese, sosiale en ekonomiese voordele van werk beklemtoon. 'n Positiewe verband tussen werkstevredenheid en lewensatisfaksie word deur Witmer en Sweeney (1992) voorgestel.

- **Lewenstaak 4: Vriendskap**

Hierdie taak fokus op die sosiale kontakte van die persoon. Die sosiale betrokkenheid, ondersteuning en kontak waaroor iemand beskik, hou verband met beter lewensverwagting, lewensatisfaksie en verbeterde fisieke gesondheid (Witmer & Sweeney, 1992).

- **Lewenstaak 5: Liefde**

Hierdie lewenstaak fokus op intimiteit, vertrouwe, self-openbaring, samewerking en langdurige verbintenisse en sluit ook soms seksuele verhoudinge in. Witmer en Sweeney (1992) toon ook 'n positiewe verband aan tussen die vermoë om blywend lief te hê en psigiese gesondheid.

Die model van Witmer en Sweeney (1992) sluit die volgende **lewenskragte** in die buiterand van die welstandswiel in: familie, geloof, opvoeding, gemeenskap, media, regering en besigheid/industrie. Hierdie lewenskragte en globale gebeure het 'n sistemiese invloed op die lewenstake. Witmer en Sweeney (1992) sluit op hierdie vlak ook globale gebeure en kosmiese bewussyn in, wat 'n impak op die individu se daaglikse funksionering en lewe het. **Globale gebeure** sluit oorloë, droogte, siektes, oorbevolking, werkloosheid en armoede in wat op internasionale vlak probleme kan skep.

### 3.4.2.1 Samevatting

Witmer en Sweeney (1992) se holistiese model fokus op welstand, sowel as op die potensiaal van patologie. Dit kan verder as raamwerk gebruik word vir die ontwikkeling van opvoedkundige, terapeutiese, voorkomende en persoonlike groeimodelle. Van Eeden (1996) voer egter aan dat navorsing nog gedoen sal moet word om die konstruktiviteit van elk van die dimensies te bepaal en die model in 'n bruikbare vorm te operasionaliseer.

### 3.5 FUNKSIONELE MODEL VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND OP HIPOTESEVLAK EN DIE EMPIRIESE BESPREKING VAN KONSTRUKTE GEASSOSIEER MET PSIGOLOGIESE WELSTAND

In die bespreking van die strukturele modelle van psigologiese welstand is aangedui dat daar 'n leemte is vir modelle wat die proses van psigologiese welstand daarstel (Van Eeden, 1996). Wissing (2000) noem dat dit belangrik is om kennis te dra van beskermingsfaktore, positiewe persoonlikheidstrekke en konstrukte wat welstand uitbou, maar dat die **proses** van die ontwikkeling van psigologiese welstand ook ondersoek moet word. Hierdie proses kan as **psigologiese weerbaarheid** beskryf word. Hierdie begrip is reeds voorheen in hierdie hoofstuk (kyk 3.3.8) bespreek.

Die Transaksionele model van Kumpfer (1999) sal gebruik word om die weerbaarheidsproses te illustreer. In die bespreking hiervan sal gepoog word om 'n uiteensetting van die proses en veranderlikes van psigologiese weerbaarheid te verskaf. Soos voorheen aangedui, maak psigologiese weerbaarheid deel uit van psigologiese welstand. Hierdie model fokus ook op die weerbaarheidsproses wat tot welstand lei.

Die teenwoordigheid van stressore is van groot belang in die proses van psigologiese weerbaarheid. In die bespreking van Kumpfer se model sal daar ook op empiriese vlak gefokus word op konstrukte en navorsing wat verband hou met psigologiese weerbaarheid en dus ook psigologiese welstand. Die teoretiese invloed van houdings op psigologiese welstand, met spesifieke verwysing na konserwatisme, sal ook in die bespreking aandag geniet.

#### 3.5.1 KUMPFER (1999) SE TRANSAKSIONELE MODEL


Dit blyk asof Kumpfer se model binne die raamwerk van die sisteemteorie val aangesien sy die invloed van verskillende subsisteme, asook suprasisteme, op die individu se psigologiese weerbaarheid ondersoek. Kumpfer ondersoek ook die dinamiese interaksie (gelykstaande aan invoer en ontvouing) tussen die verskillende subsisteme wat sy "transaksionele interaksie" noem.

Kumpfer maak dit duidelik dat haar model slegs 'n eksploratiewe raamwerk is en nie as definitief en allesverklarend gesien moet word nie. Hierdie raamwerk word gekenmerk deur dinamiese interaksies, wat verskeie eksterne en interne aspekte en prosesse insluit.

Kumpfer onderskei in haar navorsing oor psigologiese weerbaarheid ses voorspeller veranderlikes, naamlik:

1. Akute stressor of uitdaging
2. Eksterne omgewingskonteks
3. Persoon-omgewing-interaksionele proses
4. Interne eienskappe of weerbaarheidsfaktore
5. Die weerbaarheidsproses
6. Positiewe lewensuitkomste

Vier van die bogenoemde voorspellers is domeine van invloed, naamlik: akute stressors of uitdagings, eksterne omgewingskonteks, interne eienskappe of weerbaarheidsfaktore en positiewe lewensuitkomste, terwyl die persoon-omgewing-interaksionele proses en die weerbaarheidsproses transaksionele punte tussen twee domeine is. Op die volgende bladsy word 'n grafiese weergawe van Kumpfer (1999) se weerbaarheidsraamwerk aangebied.



**Figuur 3.3: Weerbaarheidsraamwerk van Kumpfer (1999:185)**

Elkeen van hierdie voorspeller veranderlikes van Kumpfer (1999) se model sal vervolgens bespreek word:

### 3.5.1.1 Die akute stressor of uitdaging

Volgens Kumpfer kan weerbaarheid van 'n individu slegs geopenbaar word as daar 'n akute stressor of uitdaging is. Weerbaarheid is die proses wat bydra tot welstand. Stressors aktiveer die weerbaarheidsproseses en veroorsaak 'n wanbalans in persone se homeostase. Die graad van die stressor hang af van die persepsie, kognitiewe beoordeling en interpretasie van die stressor deur die persoon self. Selfs al is hierdie stressors negatief, kan die persoon deur ervaring leer om aan te pas en dus sy/haar welstand verhoog. Stressors help iemand om deur die ervaring te groei.



Fried (1982) onderskei die volgende drie klassifikasies van spanning wat tot stressors aanleiding gee:

- a. **Katastrofiese spanning** kan veroorsaak word deur rampe, wat die totale omgewing van die individu kan beïnvloed. Natuurrampe en oorloë kan hieronder geklassifiseer word.
- b. **Akute spanning**, wat veroorsaak word deur krisis of negatiewe gebeurtenisse wat onmiddellike hantering verg. Skolastiese probleme, fisieke siekte en skielike veranderings kan as voorbeelde van akute spanning voorgehou word.
- c. **Endemiese spanning** is kenmerkend van aanhoudende verandering of uitdagings wat in iemand se alledaagse lewe voorkom. Sosio-ekonomiese probleme en ontwikkelingstake is voorbeelde hiervan.

### 3.5.1.2 Eksterne omgewingskonteks (risiko en beskermende faktore)

Risiko- en beskermende faktore, asook die balans tussen hulle in die individu se omgewing, is hier van sentrale belang. Risikofaktore word in hierdie konteks gekenmerk deur kroniese nadelige of ongunstige omstandighede in die persoon se omgewing (Kumpfer, 1999). Risikofaktore verskil van akute stressors ten opsigte van die tydsduur van die uitdagings. Stressors blyk meer korttermynuitdagings te wees en hul aard blyk katastrofies of akut te wees. Risikofaktore is langdurige uitdagings en blyk meer endemies van aard te wees. Beskermende faktore is positiewe ondersteuningsfaktore in die persoon se omgewing.

Die omgewingskonteks waarin mense funksioneer, speel 'n belangrike rol in hul psigologiese weerbaarheid (Kumpfer, 1999). Hierdie omgewingskonteks kan verskeie faktore insluit soos: familie, skool, portuurgroep, woonbuurt. Sosio-ekonomiese en kulturele aspekte kan ook hierdie omgewing vergroot.

Dit is moeilik om 'n omvattende lys van al hierdie faktore op te stel, aangesien daar verskillende risiko- en beskermende faktore vir verskillende uitdagings is, wat in verskeie kulturele kontekste van mekaar verskil (Kumpfer, 1999). Dit is ook belangrik om te differensieër of die risikofaktore deur die individu beheer kan word, of buite sy/haar beheer is. Ouderdom, kultuur, waar die persoon hom/haarself bevind, asook die tydperk waarin hy/sy lewe kan bydra tot verandering in hierdie faktore. Die volgende aspekte kan vir die doel van hierdie studie vir adolessente beklemtoon word: **gesin en familie, opleidingsinstansies** soos skole, **ondersteuningsisteme vir die familie**, asook die **kulturele sisteem waarin die persoon en familie funksioneer**.

### Gesin en familie

Die gesin speel 'n belangrike rol in 'n persoon se psigologiese welstand (Pretorius, 1997). Dit kan 'n beskermings- of risikofaktor wees, afhangende van die funksionering van die gesinsisteem. Luthar en Zigler (1991) lig die goed funksionerende gesin en familie as 'n belangrike beskermingsfaktor uit. Die beskermingsfunksie wat die gesin en familie bied, strek verder as net die fisieke versorging van die persoon en sluit emosionele versorging in (Masten & Coatsworth, 1998). Pretorius (1997) dui drie aspekte aan wat 'n belangrike rol by die gesin en familie speel:

- Die **verhoudingsdimensie** beskryf die mate van ondersteuning wat gesins- en familielede aan mekaar bied. Hierdie dimensie bepaal ook die mate waarin familielede aangemoedig word om hulle gevoelens teenoor mekaar uit te druk en die vlak van konflik in die familie.
- Die **persoonlike groeidimensie** fokus op die vlak van onafhanklikheid, prestasie, kompetisie, belangstelling in intellektuele en kulturele aktiwiteite, deelname in vryetydsbestedingsaktiwiteite en die belang van spirituele waardes.

- Die **dimensie van sisteem-instandhouding** sluit inligting oor die struktuur, organisasie en die mate van beheer in die familie in.

Dit blyk uit bogenoemde asof die gesin en familie die individu op verskillende vlakke kan beïnvloed. Goeie gesinsomstandighede sal daartoe aanleiding gee dat die enkeling stressors meer effektief kan hanteer, terwyl negatiewe gesinsomstandighede hom/haar negatief beïnvloed (Engle, Castle & Menon, 1996). Die sosio-ekonomiese toestand van die gesin kan ook die individu beïnvloed, deur die aantal geleenthede wat vir persoonlike verryking en aanpassing geskep kan word. Dit wil dus voorkom asof die gesin en familie 'n belangrike beskermings- of risikofaktor ten opsigte van psigologiese weerbaarheid en dus ook psigologiese welstand in die individu se omgewing kan wees.

### **Opleidingsinstansies soos skole**

Skole word as belangrike sosiale kontekste vir persone se ontwikkeling aangedui (Masten & Coatsworth, 1998). Vir diegene wat in die familiekonteks aan talle stressors blootgestel word, kan die skoolomgewing 'n belangrike beskermingsfaktor wees (Doll & Lyon, 1998). Die skoolomgewing kan dus 'n beduidende beskermingsfaktor wees. In sekere kontekste kan dit egter ook 'n risikofaktor wees. Hierdie aspek sal in die volgende hoofstuk oor adolessensie (kyk 4.3.7) verder bespreek word.

### **Ondersteuningsisteme vir die familie**

Die eksterne ondersteuningsisteme vir die ouers en familie is 'n belangrike omgewingsfaktor. Pretorius (1997) beklemtoon die belangrikheid van sosiale ondersteuning deur die volgende stelling: ... *understanding the beneficial effects of health can only be advanced if research studies take into account the various dimensions of social support as well as the potential effect that individual difference variables might have on this effect* (p. 25).

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die familie deel van 'n groter samelewingsstelsel is. Ondersteuningsstelsels binne hierdie samelewingsstelsel sal dus ook die gesin en familie beïnvloed. Instellings soos religieuse en sosiale ondersteuningsgroepe, asook professionele ondersteuningsstelsels, soos algemene praktisyns, sal 'n beduidende rol in die ondersteuning van die familie en dus ook in die ondersteuning van die individu speel. Goeie sosiale ondersteuning sal dus vir 'n persoon 'n beskermingsfaktor in sy/haar omgewing wees.

### **Kulturele stelsel waarin die individu en familie funksioneer**

Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997) beskryf kultuur as die totaliteit van gedragsreëls, gebruike, taal, wetenskap, kunste, godsdiensbeskouing en politieke sieninge wat 'n persoon van ander individue en ook gemeenskappe van mekaar onderskei. Van Eeden (1996) meen dat kultuur 'n basiese plan of ontwerp vir die individu inhou en 'n belangrike organiseerder van mense se persepsies, kennisies, houdings, waardes en gedrag is. Dit is dus uiters belangrik om die kulturele konteks waarbinne 'n individu leef in gedagte te hou by die bepaling van psigologiese weerbaarheid ten opsigte van beskermings- en risikofaktore.

In Hoofstuk 2 (kyk 2.2.4) is die belang van die sosiale omgewing betreffende houdings uitgewys. Die houding van 'n persoon word beïnvloed deur die sosiale omgewing, wat kultuur insluit (Kerlinger, 1984). Daar kan dus aangeneem word dat die houdingsgroepe eie aan sekere kultuurgroepe 'n belangrike rol in die eksterne omgewingskonteks ten opsigte van risiko- en beskermende faktore kan speel.

#### **3.5.1.3 Persoon-omgewing-interaksionele prosesse**

Hierdie aspek in Kumpfer se model is 'n belangrike transaksionele proses, wat tussen die enkeling en sy/haar omgewing medieer. Dit kan die bewustelike of onbewustelike modifikasie van die persepsie van die omgewing insluit. Pretorius (1997) beklemtoon ook dat die mate waarop die persoon sosiale en omgewingsondersteuning gebruik, 'n belangrike aspek van hul psigologiese

welstand verteenwoordig. Hierdie aspek van Kumpfer se model toon ooreenkoms met Seeman (1989) se model van positiewe gesondheid, waardeur ook melding gemaak word van 'n persoon-omgewingsmatriks, wat 'n persoon-omgewing-transaksieperspektief insluit.

Weerbare adolessente wat in 'n hoë risiko-omgewing bly, mag volgens Kumpfer, miskien aktief probeer om die risiko's te minimaliseer deur meer beskermende aspekte in die omgewing uit te soek. Sommige interaksionele prosesse wat die adolessent kan help om hoë risiko-omgewings te transformeer, is die volgende:

- **Kognitiewe prosesse**

Hierdie sluit die volgende prosesse in: selektiewe persepsie, kognitiewe herstrukturering, beplanning en drome (hoop). Hierdie prosesse speel 'n belangrike rol in 'n persoon se waarneming en kognitiewe strukturering van stressors.

'n Kognitiewe komponent word by houdings in Hoofstuk 2 (kyk 2.2.1) aangedui. Houdings speel 'n beduidende rol in iemand se persepsie van die omgewing. Dit behels ook kognitiewe prosesse soos kategorisering en kognitiewe strukturering van data, asook rasionalisasie (Kerlinger, 1984).

In Hoofstuk 2 (kyk 2.3.3) is daar ook aangetoon dat houdings 'n ego-verdedigende funksie het. Houdings beskerm die ego, deur gebruik te maak van verdedigingsmeganismes (Katz, 1960). Hierdie verdedigingsfunksies sluit in ontkenning, rasionalisasie, projeksie en verplasing wat die individu se kognitiewe persepsie van omgewingsfaktore kan beïnvloed. Daar kan dus aangeneem word dat houdings die kognitiewe prosesse van 'n persoon kan beïnvloed en dus ook 'n invloed kan hê op die persoon-omgewing-interaksionele proses.

- **Identifikasie en binding aan goed aangepaste individue**

Hierdie persone kan deur rolmodellering, onderrig, advies, empatiese sorg, effektiewe toesig en dissipline die adolessent ondersteun. Hulle kan, volgens

Kumpfer (1999), positiewe lewensaanpassing en die versterking van beskermingsfaktore by die persoon fasiliteer deur positiewe sosialisering en versorging. Die rol van die portuurgroep by adolessente sal in die volgende hoofstuk (kyk 4.3.1) bespreek word.

- **Aktiewe omgewingsmodifikasies en hantering deur die individu**

Sommige persone verander hul omgewing aktief deur aktiwiteite aan te neem wat hulle tydelik uit negatiewe omgewingsomstandighede kan neem. So sal mense wat negatiewe familie-omstandighede ervaar, betrokke raak in skoolastiese aktiwiteite wat hul tydsebesteding in die familie sal verminder (Doll & Lyon, 1998).

Die persoon-omgewing-interaksionele proses word ook beïnvloed deur die interne weerbaarheidseienskappe of weerbaarheidsfaktore van die persoon self.

### **3.5.1.4 Interne weerbaarheidseienskappe of weerbaarheidsfaktore**

Mense verskil van mekaar en het sekere sterk en swak eienskappe wat fisiek (biologies), intellektueel, emosioneel en temperamenteel van aard kan wees. Hierdie eienskappe kan beskermings- of risikofaktore wees afhangende van hul aard.

#### **3.5.1.4.1 Weerbaarheids (beskermings) -faktore**

In Kumpfer (1999) se model blyk daar twee hoofkategorieë individuele weerbaarheidsfaktore te wees, naamlik: **interne individuele weerbaarheidsfaktore** (dit sluit genetiese en biologiese faktore soos die genetiese komponent van intelligensie, geslag, temperament en neurologiese verskille in) en **interne psigologiese weerbaarheidsfaktore** (dit sluit spirituele, kognitiewe, sosiale en gedrags-, emosionele, asook fisieke eienskappe in).

##### **3.5.1.4.1.1 Interne individuele weerbaarheidsfaktore**

Heelwat navorsing is gedoen oor die effek van **intelligensie** op 'n persoon se psigologiese weerbaarheid. Baie van hierdie studies het 'n positiewe korrelasie

tussen intelligensie en psigologiese weerbaarheid ontbloom (Long & Vaillant, 1984; Masten, Best & Garmezy, 1990; Werner & Smith, 1982). Daar is egter ook studies wat 'n negatiewe korrelasie tussen intelligensie en suksesvolle interaksie met stressore gevind het (Luthar & Zigler, 1992). Die navorsers het bevind dat intelligensiekwasiënt (IK) 'n risikofaktor in hoogs stresvolle situasie was. Kinders met hoë vlakke van impulsbeheer en innerlike lokus van kontrole was gemotiveer om hulle bo-gemiddelde intelligensie akademies te gebruik. Hierdie individue het egter dramatiese onderpresteer as hulle persepsie van die noodsaaklikheid van skolastiese prestasie ondermyn is. Dit blyk dus asof intelligensie oor die algemeen 'n positiewe weerbaarheidsfaktor kan wees, maar dat dit in sekere, hoogs stresvolle situasies 'n negatiewe effek op 'n persoon se psigologiese weerbaarheid kan hê.

Verskeie ontwikkelingstudies het ten opsigte van **geslag** bevind dat dogters in die vroeë- en middelkinderjare meer weerbaar as seuns is (Werner, 1985). Intellektuele en fisieke ontwikkeling geskied tot in die adolessente fase vinniger by meisies as by seuns (Smith & Carlson, 1997). Aggressiwiteit en 'n lae frustrasietoleransie wat meer by seuns as meisies voorkom, kan ook bydra tot verskille in psigologiese weerbaarheid tussen die geslagte. Schissel (1993) toon ook aan dat die etiologie en reaksie van die geslagte verskillend is ten opsigte van hul waarneming en ervaring van stressore. Navorsing het getoon dat meisies in die adolessente fase van ontwikkeling meer spanningsvolle gebeurtenisse aangedui het en ook hierdie gebeurtenisse meer spanningsvol ervaar het as seuns (Smith & Carlson, 1997). Daar is ook bevind dat sekere beskermende gedrag by seuns (byvoorbeeld strenge toesig) die teenoorgestelde effek as by meisies gehad het.

In navorsing met volwassenes het Briscoe (1982) laer weerbaarheidsvlakke by vroue as by mans gevind. Hy het aangedui dat dit blyk asof hierdie verskille nie 'n suiwer biogenetiese verklaringsfaktor het nie, maar dat dit voorkom asof sosio-psigologiese verskille die deurslaggewende faktor was.

Dit wil voorkom asof daar wel 'n verskil in die psigologiese weerbaarheid tussen die geslagte tydens die vroeë en laat kinderjare is, maar dat hierdie verskil minimaliseer en verander tydens die adolessentefase en volwasse ontwikkelingsfase. Die sosio-

psigologiese invloede, eerder as biologiese verskille blyk die grootste rol in hierdie verskille te speel.

Navorsing het ten opsigte van **ouderdom** bevind dat jonger kinders in die hantering van negatiewe emosies meer sosiale ondersteuning van versorgers en volwassenes benodig as ouer kinders (Bernzweig, Eisenberg & Fabes, 1993). Ouer kinders sal meer onafhanklik en selfstandig as jonger kinders kan optree, weens 'n toename in hul kognitiewe vermoëns.

As daar in gedagte gehou word dat **temperament** en **persoonlikheid** volgehoue gedragstyle is wat deur 'n persoon se ganse lewe voortduur is dit duidelik dat dit 'n belangrike rol in so iemand se psigologiese weerbaarheid speel (Demos, 1989). Dit blyk asof psigologies weerbare persone oor gedragstyle beskik wat positiewe response van ander in hul leefwêreld ontlok (Herbert, 1996). Rutter (1987) het ook bevind dat sekere temperamentstrekke in stresvolle situasies as beskermingsfaktore kan optree.

**Neurologiese verskille** kan, volgens Kumpfer (1999), deur genetiese oorerwing veroorsaak word. Goodwin (1986) het bevind dat alkohol, tabak en ander dwelmmiddels tot neuro-oordrag-wanbalanse kan lei, wat tot verdere dwelmmisbruik aanleiding kan gee. Dit blyk egter asof die rol van neurologiese verskille, soos chemiese wanbalanse, ten opsigte van psigologiese weerbaarheid verder ondersoek moet word, voordat definitiewe aannames gemaak kan word (Kumpfer, 1999).

#### **3.5.1.4.1.2 Interne psigologiese weerbaarheidsfaktore**

Hierdie aspekte behels die organisasie van interne psigologiese eienskappe en weerbaarheid as interne vermoëns of bevoegdhede. Weerbare persone beskik oor vermoëns wat hulle help om stres en negatiewe impakte te minimaliseer. Kumpfer onderskei tussen die volgende interaksionele groeperinge van persoonlikheids- en kognitiewe veranderlikes, wat iemand se psigologiese weerbaarheid kan beïnvloed: (1) Spirituele en motiverende karaktereenskappe, (2) kognitiewe bevoegdhede, (3) gedrags/sosiale vaardighede, (4) emosionele stabiliteit en hantering van emosies en (5) fisieke welstand en vaardighede. Hierdie is die hoofgroeperinge van interne psigologiese eienskappe wat psigologiese weerbaarheid beïnvloed.



- **Spirituele en motiverende eienskappe**

Dit sluit die volgende in: drome/doelwitte, spiritualiteit, onafhanklikheid, interne lokus van kontrole, hoop en optimisme, vasberadenheid en deursettingsvermoë.

Die vermoë om te fantaseer (**dagdroom**) is deur verskeie navorsers uitgewys as 'n positiewe karaktereenskap van weerbare kinders (Bandura, 1989; Quinton, Pickles, Maughan & Rutter, 1993). Die vermoë om **lewensdoelwitte** daar te stel is ook as 'n eienskap van psigologiese welstand uitgewys (Neiger, 1991). Walker (1995) het voorts bevind dat **spiritualiteit** 'n voorspeller van positiewe lewensaanpassing is.

Gordon en Song (1994) het bevind dat individue wat outonoom en **onafhanklik** is, nie deur negatiewe portuurgroepsdruk beïnvloed word nie. Om 'n emosionele afstand vanaf moeilike gesinsomstandighede te handhaaf, kan positief tot die individu se psigologiese welstand bydra (Wolin & Wolin, 1996). Dit blyk dus asof die onafhanklike persoon oor 'n meer interne lokus van kontrole beskik en nie maklik deur negatiewe omgewingsaspekte beïnvloed word nie.

Lokus van kontrole is 'n persoonlikheidsdimensie wat bepaal tot watter mate iemand voel dat hy/sy self (interne lokus van kontrole), of die omgewing (eksterne lokus van kontrole) sy/haar gedrag in 'n situasie bepaal (Plug et al., 1997). 'n **Interne lokus van kontrole** stel die individu in staat om, ten spyte van negatiewe omstandighede, steeds 'n mate van hoop en vertroue om langtermyn doelwitte te bereik, te koester (Herbert, 1996; Luthar, 1991; Werner & Smith, 1982). Daar kan dus verwag word dat individue met 'n interne lokus van kontrole meer weerbaar sal wees teen stressors.

**Hoop** is deur Snyder (1995, 1998) as 'n belangrike eienskap van psigologiese welstand aangedui. Peterson en Bossio (1991) het **optimisme** as 'n belangrike kenmerk van psigologiese welstand uitgewys.

**Vasberadenheid** en **deursettingsvermoë** is as bydraende karaktereienskappe tot psigologiese welstand beskryf (Bandura, 1989; Werner, 1986). Dit blyk asof mense wat oor deursettingsvermoë beskik, die vermoë het om alternatiewe oplossings en doelwitte te genereer, indien hulle misluk (Bandura, 1989).

- **Kognitiewe bevoegdhede**

Die volgende is almal kognitiewe faktore wat 'n rol speel by psigologiese weerbaarheid: Intellektuele bevoegdheid, akademiese-werksvaardighede, morele redenering, insig en intrapersonlike reflektiewe vaardighede, selfbeeld, beplanningsvermoë en kreatiwiteit.

**Intelligensie** is reeds vroeër in hierdie afdeling by die interne individuele weerbaarheidsfaktore bespreek. Dit is duidelik dat verhoogde intelligensie tot beter skolastiese prestasie kan lei en dus 'n belangrike beskermingsfaktor is (Long & Vaillant, 1984; Masten et al., 1990; Werner & Smith, 1982).

'n Produk van hoë intellektuele denke is gevorderde **morele redenering** (Kumpfer, 1999). Jacobs en Wolin (1991) het bevind dat weerbare individue hul eie morele waardestelsel ontwikkel en internaliseer. Konserwatisme word in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.2) in verband gebring met waardes wat 'n morele fokus verteenwoordig. Die waardes van 'n persoon word opgestel om hom/haar te help om by die realiteit aan te pas. Konserwatiewe waardes kan dus 'n definitiewe invloed op iemand se morele redenering uitoefen en sodoende ook sy/haar psigologiese welstand beïnvloed.

Wolin en Wolin (1993) het **insig**, as die psigiese gewoonte om vrae oor die self te vra en eerlike antwoorde te soek, as 'n belangrike eienskap van psigologiese welstand beskryf. 'n Weerbare persoon het 'n goeie **selfbeeld**, wat geassosieer word met 'n akkurate waarneming van hul sterk punte en vermoëns (Bandura, 1989). Selfvertroue, wat 'n produk van 'n goeie selfbeeld is, kan 'n beskermende faktor in stresvolle situasies wees (Smith & Carlson, 1997). Pretorius (1997) dui ook aan dat dit blyk asof daar empiriese sowel as teoretiese ondersteuning bestaan vir die positiewe verband tussen selfbeeld en psigologiese welstand.

Kumpfer (1999) is van mening dat goeie probleemoplossingsvaardighede 'n eienskap van psigologiese weerbaarheid is. Goeie **beplanningsvermoëns** is gevind by mense met 'n hoë vlak van psigologiese welstand (Anthony, 1987). **Kreatiewe denke** blyk die hoogste vlak van psigologiese funksionering te wees (Getzels, 1990).

In Hoofstuk 2 (kyk 2.3.3) is aangedui dat houdings 'n kennisfunksie het, waardeur persone kennis soek, sodat hulle hul wêreld kan verklaar en struktureer (Katz, 1960). Deur besliste houdings aan te neem, skep mense vir hulle raamwerke om die wêreld te organiseer en lei dit dus tot die struktureering van kennis. Konserwatiewe houdings dra by daartoe dat die individu sy/haar eksterne wêreld, perseptuele prosesse en innerlike gevoelens kan beheer (Wilson, 1973). Daar kan dus afgelei word dat 'n persoon se houding 'n belangrike invloed op sy/haar probleemoplossingsvaardighede en beplanningsvermoë kan uitoefen.

- **Gedrags-/Sosiale vaardighede**

Die positiewe verband tussen gedrags-/sosiale vaardighede en psigologiese welstand is in die literatuur daarvoor aangedui (Garmezy & Masten, 1986). Hierdie vaardighede sluit kommunikasievaardighede, kulturele vaardighede, empatie, sosiale geslagsvaardighede en interpersoonlike vaardighede in.

Psigologies weerbare persone beskik gewoonlik oor goeie **kommunikasievaardighede** (Schwartz, Jacobson, Hauser & Dornbush, 1989). Goeie sosiale vaardighede met beide **geslagte** is ook aangedui as 'n eienskap van psigologiese welstand (Dunn, 1994). Mense wat die vaardighede besit om effektief in verskillende **kulture** te funksioneer pas sosiaal beter aan (Oetting & Beauvais, 1990).

**Empatie** word oor die algemeen aangedui as 'n kognitiewe verstaan van ander se gevoelens, sonder om emosioneel by die persoon se probleme betrokke te raak. Weerbare kinders word gekenmerk deur hul sin van verantwoordelikheid teenoor ander, hul gewilligheid om ander te help, asook hul vermoë om empaties teenoor ander op te tree (Werner, 1985, 1986).

Die volgende **interpersoonlike vaardighede** word ook aangedui as eienskappe van psigologiese welstand: goeie luister en kommunikasievaardighede (Wolin, 1991), beleefdheid (Kumpfer, 1999), die kapasiteit vir intimiteit (Wolin & Wolin, 1993) en die gebruik van eksterne ondersteuning (Schwartz et al., 1989).

Die konatiewe komponent van houdings is reeds in die vorige hoofstuk (kyk 2.2.3) geïdentifiseer. Dit verwys na 'n persoon se gedrag of optrede met betrekking tot houdingsobjekte. Daar kan dus afgelei word dat 'n iemand se houding teenoor ander 'n invloed op hul sosiale vaardighede en interaksie met ander sal hê. 'n Konserwatiewe houding ten opsigte van etnosentrisme en onverdraagsaamheid teenoor minderheidsgroepe is veral hier van belang in die Suid-Afrikaanse konteks. Rassisme, wat kan voortspruit uit etnosentrisme, kan daartoe aanleiding gee dat mense nie met sekere bevolkingsgroepe oor die weg kan kom nie en dus hul psigologiese welstand ten opsigte van sosiale interaksie negatief kan beïnvloed.

- **Emosionele stabiliteit en hantering**

Hierdie veranderlike sluit geluk, emosionele hanteringsvaardighede en humor in.

Die vermoë om te hoop en optimisties te wees dra by tot mense se sin van **geluk** (Kumpfer, 1999; Snyder, 1995). Die begrip van geluk toon ook verband met Diener (1984) se begrip van lewenstevredenheid wat reeds in hierdie hoofstuk bespreek is (kyk 3.3.2).

In die literatuur daarvoor word emosionele intelligensie breedweg aangedui as die emosionele, persoonlike, sosiale en oorlewingsdimensie van intelligensie en verteenwoordig dus **emosionele hanteringsvaardighede** (Bar-On, 1997). Salovey en Mayer (1990) het 'n persoon se vermoë om emosies te reguleer, ander se emosies akkuraat te peil en sosiaal aangepaste gedrag te ontwikkel, as deel van emosionele intelligensie beskryf. Emosionele intelligensie word ook aangedui as 'n eienskap van mense wat goed emosioneel en sosiaal funksioneer (Mayer, DiPalo & Salovey, 1990; Walker, 1999). Hieruit kan daar dus aangevoer word dat emosionele intelligensie kan bydra tot 'n individu se psigologiese welstand.

Goeie impulskontrole wat deel uitmaak van emosionele stabiliteit, is ook aangedui as 'n beskermingsfaktor in psigologies welstand (Hauser, Vieyra, Jacobson & Wertlieb, 1989; Schwartz et al., 1989). Die vermoë om emosies te kommunikeer is ook 'n belangrike bydraende faktor tot iemand se psigologiese welstand.

Die affektiewe komponent van houdings is reeds in Hoofstuk 2 (kyk 2.2.2) bespreek. Hierdie affektiewe komponent wat emosies oor die houdingsobjek insluit, staan ook bekend as die "evaluerende komponent" van houdings (Taylor et al., 2000). Die affektiewe of evaluerende respons teenoor 'n objek kan 'n persoon se gedrag en funksionering teenoor die objek beïnvloed (Taylor et al., 2000). Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat mense se houding teenoor omgewingsfaktore hul funksionering en gedrag, en dus ook hul psigologiese weerbaarheid ten opsigte van emosionele hantering, kan beïnvloed.

Mense met 'n goeie sin vir **humor** is meer aanpasbaar (Thorson & Powell, 1993). Witmer en Sweeny (1992) dui humor as 'n eienskap van welaangepaste persone aan. Humor is 'n sosiale beheermeganisme (Woods, 1990) en sal mense dus help om beter sosiaal aan te pas en psigologiese welstand te bevorder. Humor word ook aangedui as 'n aanpassingsmeganisme, wat ten doel het om angs, wat deur kognitiewe dissonansie veroorsaak word, te verminder (Vaillant, 2000).

- **Fisieke welstand en bevoegdhe (gesondheid en aantreklikheid)**

Verskeie studies het **fisieke welstand en bevoegdhe** as voorspellers van psigologiese welstand aangedui (Anthony, 1987; Masten, 1994; Werner, 1985; Werner & Smith, 1982). 'n Verband tussen uiterlike aantreklikheid en positiewe lewensaanpassing is deur Kaufman en Zigler (1989) aangedui, veral as uiterlike aantreklikheid gepaard gaan met goeie sosiale vaardighede. Van Eeden (1996) verwys na verskeie studies wat die positiewe effek van gereelde oefening en gesonde eetgewoontes uitwys.

### 3.5.1.4.2 Risikofaktore

Negatiewe individuele en/of omgewingsaspekte kan 'n persoon se psigologiese welstand beïnvloed en meer vatbaar maak vir wanaanpassing. Daar word onderskeid getref tussen drie groeperings van risikofaktore (Engle et al. 1996). Dit sluit individuele eienskappe, gesinsfaktore en gemeenskapsfaktore in. Dit blyk dus asof mense op alle sisteemvlakke risikofaktore kan ervaar. Verskeie van die individuele risikofaktore sal die teenoorgestelde pool van die genoemde weerbaarheidsfaktore verteenwoordig (byvoorbeeld hoë teenoor lae selfbeeld).

Risikofaktore ten opsigte van adolessente sal breedvoerig in die volgende hoofstuk bespreek word. Dit sluit die volgende in: **portuurgroepsdruk, dwelmmiddels, kriminele gedrag, etnosentrisme, tienerswangerskappe, eetversteurings, depressie, selfmoord, MIV/VIGS en onderwysprobleme.**

Dit wil voorkom asof daar talle beskermings- en risikofaktore betreffende mense se psigologiese welstand bestaan. Die is egter belangrik om nie hierdie faktore individueel te beoordeel nie, maar deel as 'n kombinasie wat op die individu inwerk. So sal sekere persone wat nie kognitief sterk is nie kan kompenseer deur goeie sosiale vaardighede te openbaar, terwyl ander persone wat kognitief sterk is, deur hul swak emosionele hantering minder psigologies weerbaar wees.

### 3.5.1.5 Die weerbaarheidsproses

Die finale proses wat plaasvind om 'n positiewe uitkoms in terme van psigologiese weerbaarheid te voorspel, is die interaksie tussen die weerbaarheidseienskappe van die individu en die finale uitkoms (Kumpfer, 1999). Hierdie proses bestaan uit kort- en langtermynweerbaarheidsprosesse wat deur die persoon aangeleer word. Dit lei daartoe dat die persoon deur geleidelike blootstelling aan stressors kan terugkeer na vorige funksionering en dus weerbaarheidsintegrasie ervaar (Richardson, Neiger, Jensen & Kumpfer, 1990). Dit help nie net om positiewe beskermende faktore in die omgewing en individu te identifiseer nie, maar dit is ook belangrik om te kyk na weerbaarheidsbouende prosesse in die omgang met die omgewing.


Die proses waardeur mense weerbaarheidseienskappe ontwikkel, word gekenmerk deur die verandering van die omgewing om stressors te verminder (Kumpfer, 1999). Dit blyk asof weerbaarheid die vermoë van 'n persoon is om 'n uitdaging of stressor te hanteer en dit vir psigologiese groei te gebruik. Die weerbaarheidsprosesmodel veronderstel dat stressors of uitdagings, wat nie gebalanseer word deur eksterne beskermingsfaktore of interne weerbaarheidsfaktore nie, kan lei tot wanbalanse en dus gebrekkige aanpassing (Kumpfer, 1999).

Hierdie model stel die volgende vlakke van herintegrasie voor:

- **Weerbare** herintegrasie, wat lei tot 'n hoër vlak van psigologiese weerbaarheid.
- **Homeostatische** herintegrasie, wat lei tot ongeveer dieselfde psigologiese weerbaarheidsvlak voordat die stressor ingetree het.
- **Wanaangepaste** herintegrasie, wat lei tot 'n laer psigologiese weerbaarheidsvlak.
- **Disfunksionele** herintegrasie, wat lei tot 'n baie laer vlak van psigologiese weerbaarheid.

Weerbare en homeostatische herintegrasie sal lei tot **psigologiese welstand**, terwyl wanaangepaste en disfunksionele herintegrasie nie sal bydra tot psigologiese welstand nie.

Op die volgende bladsy word 'n skematiese voorstelling van Kumpfer (1999) se weerbaarheidsmodel verskaf, met spesifieke verwysing na die verskillende herintegrasievlakke.



**Figuur 3.4: Weerbaarheidsprosesmodel (Kumpfer, 1999:213)**

Dit wil voorkom asof die interaksie tussen die eksterne omgewingskonteks, persoon-omgewing-interaksionele proses en interne eienskappe of weerbaarheidsfaktore grootliks die beeld van herintegrasië bepaal. Verdere navorsing behoort egter nog gedoen te word oor die herintegrasiëprosesse wat bydra tot psigologiese welstand, met spesifieke verwysing na die dinamika en aard van die herintegrasiëprosesse.

### 3.5.1.6 Positiewe lewensuitkomst

Positiewe lewensuitkomst in spesifieke ontwikkelingstake kan daartoe bydra dat 'n persoon nuwe ontwikkelingstake meer weerbaar kan hanteer (Kumpfer, 1999). Positiewe lewensuitkomst sal dus bydra tot mense se psigologiese welstand. Dit blyk egter moeilik te wees om 'n suksesvolle positiewe uitkomst te definieer,



aangesien die resultaat grotendeels afhang van die sosiale/kulturele konteks waarin iemand funksioneer. Aangesien mense hul eie realiteit bepaal volgens die sosiaal-konstruksionisme (Anderson, 1995), sal die sosiale konstruksie van die dominante kultuur dus bepaal watter uitkomst suksesvol is en watter nie.

### 3.5.1.7 Samevatting

Kumpfer se model bied 'n goeie raamwerk om die proses van weerbaarheid wat tot welstand lei, daar te stel. In die evaluering van haar model blyk dit asof die transaksionele prosesse van sentrale belang is. Party mense het baie beskermende faktore en min risikofaktore in hul eksterne omgewingskonteks, maar sukkel nog steeds om homeostatiese of weerbare herintegrasie tot stand te bring, wat tot psigologiese welstand sal lei. Sommige mense het ook goeie interne weerbaarheidseienskappe, maar sukkel om stressors te hanteer. Dit blyk asof die persoon-omgewing-interaksionele proses en die interne weerbaarheidsproses die bepalende aspekte in bogenoemde voorbeelde is. Die interne weerbaarheidseienskappe en omgewingsfaktore dra dus ook by tot hierdie proses, maar is alleen nie genoeg om psigologiese welstand te verseker nie.

Kritiek teen hierdie model kan uitgespreek word teen die kompleksiteit daarvan. Die persoon-omgewing-transaksionele proses, asook die weerbaarheidsproses, dui beide 'n interaksionele proses tussen die interne weerbaarheidsfaktore en die omgewing aan. Al twee lei ook tot herintegrasie. Wissing (2001) is van mening dat hierdie twee prosesse gekombineer kan word om hierdie model minder kompleks te maak.

## 3.6 BESPREKING VAN MODELLE

Dit blyk asof daar die volgende raakpunte tussen die strukturele modelle van Crose et al. (1992), Witmer en Sweeney (1992) en die funksionele model van Kumpfer (1999) bestaan:

- Al drie hierdie modelle is **sistemiese modelle**, wat die interaksie tussen 'n persoon en sy/haar omgewing beklemtoon.

- Al drie modelle dui gesondheid as 'n **multidimensionele** verskynsel aan.
- Dit blyk asof individuele eienskappe van hierdie modelle hoofsaaklik gekategoriseer word in **spirituele, kognitiewe, emosionele** en **gedragsaspekte**.
- Al drie hierdie modelle fokus op die belang van **sosiale ondersteuningsbronne**.
- Dit blyk asof **kulturele verskille** tussen samelewings die toepassing van al drie hierdie modelle kan beïnvloed.

### 3.7 GEVOLGTREKKING

Sedert die fokusverskuiwing vanaf die mediese model na 'n meer gesondheidsmodel het daar verskeie nuwe studieverdele ontstaan. Antonovsky (1979) se konsep van "salutogenese" is uitgebrei tot "fortogenese", wat gelei het tot die totstandkoming van die konsep "psigofortologie" wat **psigologiese welstand** insluit.

As daar gekyk word na die verskillende vlakke van Madsen (1988), naamlik: die meta- teoretiese, hipotetiese en empiriese vlak, kan die volgende aspekte en kenmerke van psigologiese welstand daargestel word:

- Psigologiese welstand is 'n **staat of toestand** wat gekenmerk word deur aspekte soos **koherensiesin, lewenstevredenheid, fortaliteit, coping, gehardheid, selfaktualisering, potensie** en **psigologiese weerbaarheid**. Dit is egter duidelik dat die begrip verder strek as slegs hierdie aspekte.
- Psigologiese welstand word ook beïnvloed deur individuele eienskappe van 'n persoon, wat hoofsaaklik **spirituele, kognitiewe, emosionele** en **gedragsaspekte** insluit.
- Psigologiese welstand bestaan uit 'n **weerbaarheidsproses**, wat tot welstand bydra. In hierdie proses is stressore belangrik. Die wyse waarop 'n persoon

stressore as uitdagings aanvaar en hanteer, speel 'n bepalende rol in sy/haar bestaande en toekomstige welstand.

- Verskeie **omgewingsaspekte** speel 'n bepalende rol by psigologiese welstand en kan beskermings- of risikofaktore wees.
- Faktore soos **ouderdom, geslag en kultuur** is veranderlikes by psigologiese welstand.
- Die modelle van **Croze et al. (1992)** en **Witmer en Sweeney (1992)** bied 'n goeie struktuur vir die beskrywing van psigologiese welstand. Die funksionele model van **Kumpfer** bied 'n funksionele raamwerk, waarin die **proses** van weerbaarheid, wat tot welstand lei, verklaar word. Al drie bogenoemde modelle het verskeie raakpunte.
- Die invloed van **houdings**, wat konserwatisme insluit en die fokus van hierdie studie is, op psigologiese welstand is nog nie deur navorsing empiries beskryf nie. Dit blyk egter asof die oorwegend positiewe invloed van die **kognitiewe, affektiewe en konatiewe** aspekte van houdings op psigologiese welstand teoreties verwoord kan word.
- Dit wil voorkom asof houdings veral 'n rol kan speel by die **persoon-omgewing-interaksionele proses** van weerbaarheid, wat tot welstand lei. **Kognitiewe prosesse**, wat persepsie en herstrukturering insluit, kan deur die persoon se houdings beïnvloed word.
- Die **kognitiewe, affektiewe en konatiewe** komponente van houdings kan ook sekere **interne weerbaarheidsfaktore** soos morele redenering, probleemoplossingsvaardighede/beplanningsvermoë, gedrags-/sosiale vaardighede, asook emosionele stabiliteit en hantering, beïnvloed.

# HOOFSTUK 4

## ADOLESENSIE

### 4.1 INLEIDING

*Psychosocial development from early childhood, through adolescence, and into adulthood is shaped by a myriad of specific events, ongoing circumstances, and inherent strenghts and vulnerabilities of the individual (Hauser et al., 1989:109).*

Die belangrikheid van die ontwikkelingstadium van adolessensie word beklemtoon deur die aansienlike navorsing wat reeds daarvoor gedoen is (Bee, 1995; Dusek, 1991; Heaven, 1996; Mussen, Conger & Kagan, 1990; Papalia & Olds, 1995; Rice, 1992; Thom, Louw, Van Ede & Ferns, 1998).

Heaven (1996) som die kompleksiteit van adolessensie soos volg op:

*Adolescence is probably the most turbulent, challenging, stressful, and uncertain of all phases in life, both for teenagers themselves and for their parents, teachers and professionals. Yet adolescence is also a period of great joy, excitement and optimism during which the delights of autonomy, intimacy, and the future are fresh and possibilities are created for happiness, success, and psychological growth throughout the remainder of life.*  
(Voorwoord)

Uit die literatuur daarvoor blyk dit asof die volgende uitgangspunte gebruik word om 'n afbakening van adolessensie daar te stel, naamlik: **kronologiese ouderdom** (Verhage, 1982), **biologiese of fisieke ontwikkeling** (Turner & Helms, 1987), **psigososiale stadium** (Erikson, 1968) en **sosio-kulturele aspekte** (Bee, 1995). Volgens Papalia en Olds (1995) is dit moeiliker om die einde van adolessensie te bepaal as die begin, aangesien adolessensie biologies begin en 'n sosio-kultureel bepaalde einde het.

Daar word oor die algemeen aanvaar dat die **kronologiese aanvangsouderdom** van adolessensie tussen 11 en 13 jaar is en dat die fase eindig tussen die ouderdomme van 17 en 21 jaar (Berk, 1994). Heelwat kritiek op grond van geslags- en kulturele verskille is egter teen hierdie kronologiese ouderdomsafbakening uitgespreek (Berk, 1994; Louw et al., 1998).

Verder blyk dit ook asof die **biologiese** of **fisieke benadering**, wat seksuele ontwikkeling insluit, ook taamlik bevraagteken is weens individuele verskille in fisieke ontwikkeling tussen individue en binne verskillende gemeenskappe (Papalia & Olds, 1995). Die **sosio-kulturele oriëntasie** fokus op die seksuele en sosiale aanpassings wat tydens adolessensie gemaak word. Die tydperk van adolessensie sal egter volgens hierdie benadering in verskillende kulture verskil (Papalia & Olds, 1995).

Dit wil dus voorkom asof daar in die literatuur geen globale en onbetwisbare afbakening vir die adolessentetydperk bestaan nie. Hierdie studie fokus op konserwatisme, wat 'n sosiale houding verteenwoordig. Die sosiale aard van konserwatisme kan dus goed inpas by 'n **psigososiale** en **sosio-kulturele afbakening** van adolessensie, indien kulturele verskille in gedagte gehou word. Vir die doel van hierdie studie sal adolessensie afgebaken word as 'n ontwikkelings stadium wat sekere ontwikkelings take behels, gebaseer op Erikson (1968) se psigososiale teorie van ontwikkeling.

Berk (1994) onderskei verder die volgende drie fases in adolessensie, naamlik: **vroeë** adolessensie (11 tot 14 jaar), **middel** adolessensie (14 tot 18 jaar) en **laat** adolessensie (18 tot 21 jaar). Aangesien hierdie studie op adolessente in Graad 12 fokus, kan verwag word dat die ondersoekgroep in middel en laat adolessensie sal val.

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens gefokus word op **Erikson** (1968) se psigososiale teorie, met spesifieke verwysing na die adolessente ontwikkelings stadium. Daarna sal die samestelling van spesifieke ontwikkelings take bekyk word. Tydens die bespreking van hierdie ontwikkelings take sal morele

ontwikkeling, volgens **Kohlberg** (1975) se teorie, asook die ontwikkeling van intellektuele vaardighede, volgens **Piaget** (1972) se kognitiewe teorie, aandag geniet. Daar sal voortdurend gefokus word op die invloed van houdings op hierdie ontwikkelingstake, met spesifieke verwysing na konserwatisme. Die verband tussen die ontwikkelingstake en psigologiese welstand sal ook teoreties aangetoon word. Die hoofstuk sal afgesluit word met 'n opsommende gevolgtrekking.

## **4.2 ONTWIKKELINGSTEORIE VAN ERIKSON (1968)**

Die psigososiale ontwikkelingsteorie van Erikson (1968, 1974) blyk 'n belangrike teorie in die identifisering van die adolessente stadium te wees (Bee, 1995; Mussen et al., 1990; Thom et al., 1998). Erikson (1974) word ook geag as die eerste ware lewensspan-ontwikkelingsielkundige. Volgens hom is psigologiese ontwikkeling 'n produk van die interaksie tussen maturasieprosesse en biologiese prosesse, asook die samelewingsvereistes en sosiale magte wat in die alledaagse lewe voorkom (Erikson, 1974).

Erikson (1968, 1974) se aanname dat sosiale kragte 'n groot rol in ontwikkeling speel, is veral 'n belangrike bydrae tot die verstaan van ontwikkeling. 'n Belangrike bydrae van sy teorie is ook die prinsiep van epigenese. Hierdie beginsel is gebaseer op 'n embriologiese model, waarin elke stadium van fetale ontwikkeling 'n unieke ryptydingstyd het, wat in 'n mens se gene (genetiese bloudruk) vasgestel is. Sy siening is ook nie reduksionisties nie, omdat hy aanvoer dat die funksionerende geheel nie gereduseer kan word tot die dele waaruit dit oorspronklik gevorm is nie. As 'n funksionerende eenheid is die mens veel meer kompleks as die dele waaruit hy/sy bestaan. Dit is ook belangrik om in ag te neem dat Erikson (1968, 1974) se ontwikkelingsfases en take nie afgesonderde situasies is nie, maar wel op 'n kontinuum van ontwikkeling en sielkundige funksionering gesien moet word.

Erikson (1968) onderskei die volgende psigososiale ontwikkelingstake wat gedurende die mens se lewensloop plaasvind:

- Vertroue teenoor wantroue (geboorte tot en met die einde van die eerste lewensjaar)
- Outonomie teenoor skaamte (twee- tot en met driejarige ouderdom)
- Inisiatief teenoor skuld (vier- tot en met vyfjarige ouderdom)
- Industrie teenoor minderwaardigheid (6 tot en met 11 jarige ouderdom)
- **Identiteit teenoor rolverwarring (12 tot en met 18 jarige ouderdom)**
- Intimiteit teenoor isolasie (vroeë volwassenheid)
- Generatiewe teenoor stagnasie (middel volwassenheid)
- Integriteit teenoor wanhoop (laat volwassenheid/bejaardheid)

Volgens Erikson (1968) is die oplossing van elke fase gevestig in 'n sintese van die twee pole of krisisse. Met sintese word bedoel 'n samevoeging van die geheel wat die kombinasie van twee teenoorgesteldes verteenwoordig. Die oplossing van elke krisis is dus nie net die keuse van die positiewe pool nie, maar ook 'n verwerking van die negatiewe pool. So sal dit byvoorbeeld in sy fase van vertroue teenoor wantroue net so nadelig vir die baba wees om te veel vertroue as te min te hê. Te veel vertroue kan daartoe lei dat die kind te maklik vertrou en dus in gevaarlike situasies geplaas kan word en nie mense in latere kinderjare objektief kan beoordeel nie (Erikson, 1974).

Die eerste vyf ontwikkelingsstadia van Erikson (1968) geskied grootliks in die kinderjare (vanaf geboorte tot en met adolessensie). Die laaste drie ontwikkelingsstake vind in die volwasse stadia plaas. Aangesien die teikengroep van hierdie studie adolessente is, sal op daardie ontwikkelingsstadia gefokus word.

Volgens Erikson (1974) staan die psigososiale stadium in adolessensie bekend as "identiteit teenoor rolverwarring". Inherent tot hierdie taak is 'n identiteitskrisis, waarin die adolessent 'n gevoel van identiteit moet verkry. Hierdie gevoel bestaan uit drie komponente (Erikson, 1968, 1974; Louw, Van Ede & Louw, 1998):

- Die persoon se sekerheid oor sy of haar karaktereienskappe. Hier word die vraag gevra: "Wie is ek?"
- Die persoon se sekerheid oor sy/haar sosiale identiteit. Die vraag: "Tot watter groep of groepe behoort ek?" word hier gevra.
- Die persoon se sekerheid oor sy of haar waardes en ideale. Hier word die vraag gevra: "Wat wil ek in die lewe bereik?"

Volgens Erikson (1968) moet die adolessent al die vorige psigososiale krisisse oplos, voordat identiteitsontwikkeling kan plaasvind. Die adolessent moet dus oor basiese vertroue, outonomie, inisiatief en industrie beskik. Die krisis in hierdie ontwikkelingsfase sluit fisieke-, asook sielkundige veranderinge in wat met puberteit begin.

Eksperimentering raak 'n belangrike manier om die identiteitskrisis tydens adolessensie op te los (Erikson, 1968). Sekere adolessente sal terugval op vorige identiteite, terwyl ander nuwe identiteite sal ontwikkel. Hierdie nuwe identiteite kan dan geïnterpreteer word as rebelse gedrag. Die samelewing laat egter ruimte daarvoor. Hierdie tendens noem Erikson (1968) 'n "psigososiale moratorium".

Die ideale oplossing vir hierdie identiteitskrisis lê in die sintese tussen die twee pole, identiteit en rolverwarring. Erikson (1968) noem hierdie sintese "betroubaarheid". Betroubaarheid beteken dat individue seker moet wees van hul identiteit, maar hulle moet ook weet en aanvaar dat daar ander identiteitskeuses is wat hulle kon maak en dat daar dus ook ander moontlikhede ten opsigte van identiteit binne hulself is.



Na aanleiding van Erikson (1968) se identiteitsontwikkelingstadia vir adolessente word verdere spesifieke ontwikkelingstake in die literatuur daarvoor geïdentifiseer (Erikson, 1974; Havighurst, 1972; Louw et al., 1998; Sebald, 1992). Die volgende lys ontwikkelingstake sal vir die doel van hierdie navorsing bespreek word:

- Ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte.
- Ontwikkeling van geslagsrolle.
- Aanvaarding van fisieke veranderinge.
- Die soeke, aanleer en aanvaarding van sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag.
- Ontwikkeling van 'n eie waardesisteem.
- Verkryging van onafhanklikheid vanaf die ouerlike subsisteem en ander volwassenes.
- Keuse van en voorbereiding tot 'n beroep.
- Voorbereiding tot 'n huwelik met gepaardgaande gesinsverantwoordelikhede.
- Aanleer van intellektuele vaardighede wat vir effektiewe funksionering nodig is.

Suksesvolle afhandeling van hierdie take sal die adolessent se identiteit versterk en rolverwarring voorkom. **Rolverwarring** kom voor, wanneer adolessente onseker oor hulself en hul eie rolle is (Erikson, 1968). Adolessente kan dan nie verskillende rolle wat van hulle verwag word, met mekaar integreer nie. Hulle openbaar nie die vermoë en/of selfvertroue om besluite te maak oor verskillende waardesisteme nie.

Hierdie rolverwarring veroorsaak angstigheid, asook apatie of vyandigheid teenoor samelewingsrolle en-waardes (Erikson, 1974).

Rolverwarring kan veroorsaak word deur die volgende twee prosesse: identiteitsuitsluiting (*identity foreclosure*) en negatiewe identiteit (*negative identity*) (Erikson, 1968, 1974). **Identiteitsuitsluiting** beteken dat die identiteitskrisis beëindig word deur die neem van voortydige besluite oor eie identiteit, wat gebaseer is op die verwagtings van ander (Erikson, 1974). Hierdie proses gebeur as die eksterne verwagtinge 'n bedreiging is tot die adolessent se identiteitsontwikkeling. Dit lei daartoe dat adolessente slegs rolle vervul om ander mense tevrede te stel. 'n Goeie voorbeeld hiervan sal wees dat die adolessent 'n spesifieke beroep volg net omdat dit sy/haar ouers tevrede sal stel. **Negatiewe identiteit** behels die vorming van 'n identiteit wat teenstellend is tot die samelewing se waardes en verwagtings (Erikson, 1974). Hierdie rolverwarring kan dus jeugmisdadigers en dwelmgebruikers insluit.

Dit blyk dus asof die suksesvolle afhandeling van die ontwikkelingstake ten opsigte van identiteit 'n belangrike krisis tydens adolessensie is. Hierdie ontwikkelingstake sal vervolgens bespreek word met spesifieke verwysing van die rol wat houdings, insluitende konserwatisme, asook psigologiese welstand by hierdie take speel.

### 4.3 ONTWIKKELINGSTAKE BY ADOLESSENSIE

In die vorige hoofstuk is psigologiese welstand en verbandhoudende konstrakte bespreek. Die vermoë van 'n persoon om suksesvolle ontwikkelingsuitkomst te behaal, is reeds as 'n bydraende faktor tot psigologiese welstand aangetoon (Kumpfer, 1999). Daar kan dus aangeneem word dat die adolessent se psigologiese welstand verhoog sal word deur die suksesvolle afhandeling van die ontwikkelingstake.

#### 4.3.1 ONTWIKKELING VAN VOLWASSE VERHOUDINGE MET LEDE VAN BEIDE GESLAGTE

'n Belangrike ontwikkelingstaak vir die adolessent is die vermoë om effektiewe verhoudings met lede van beide geslagte te vorm (Havighurst, 1972; Sebald, 1992). Tydens die adolessent se sosialisering met lede van beide geslagte speel die portuurgroep 'n belangrike rol (Bee, 1995). Alhoewel die portuurgroep 'n minder belangrike rol in laat adolessensie speel, is vriende steeds belangrik en verskaf 'n belangrike maatstaf in evaluering van die self.

Geslagsverskille is aangedui in die aard van vriendskappe in adolessensie (Heaven, 1994; Shulman, 1993). Seuns se vriendskappe is minder intiem as meisies s'n. Meisies is ook meer geneig om intieme gevoelens met hul vriendinne te deel (Shulman, 1993).

Gedurende adolessensie is die portuurgroep waarin die individu funksioneer, meer gestruktureerd en eksklusief as in die middel kinderjare (Bee, 1995). Dit blyk asof die ontwikkeling van die portuurgroep gekenmerk word deur die ontwikkeling van klieke (*cliques*) gedurende vroeë adolessensie, tot heteroseksuele groepe in middel adolessensie wat disintegreer tot die ontwikkeling van paartjies in die laat adolessente fase (Sigelman & Shaffer, 1995). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat bogenoemde ontwikkeling van die portuurgroep normale ontwikkeling beskryf. Nie alle adolessente word altyd in die portuurgroep aanvaar nie (Louw et al., 1998).

Die invloed van die portuurgroep kan positief of negatief wees (Heaven, 1996). Blootstelling aan positiewe en gesonde portuurgroep invloed kan tot sosiale ondersteuning lei, wat die individu se selfbeeld deur vriendskap en kameraadskap kan verbeter. Indien die adolessent konformeer tot ongesonde portuurgroepsdruk, kan dit egter lei tot gedrag wat hul psigologiese welstand negatief sal beïnvloed.

Aktiewe deelname in 'n groep beïnvloed die individu se morele waardes (Kohlberg, 1984). Die leerteorie by die aanleer van houdings (kyk 2.3.1), met spesifieke verwysing tot die prosesse van assosiasie, versterking en nabootsing, sal 'n

belangrike rol speel in die konformering van die adolessent tot die houdings van die portuurgroep. Indien die waardes en houdings van die portuurgroep negatief verskil van die samelewing en die adolessent hierdie waardes en houdings internaliseer, kan dit lei tot wanaanpassing in die samelewing.

Hierdie wanaanpassing kan die uitlewing van verskeie vorme van wangedrag insluit. Die gebruik van dwelmmiddels en kriminele gedrag is veral hier van belang, aangesien dit die adolessent se gesonde funksionering en psigologiese welstand negatief kan beïnvloed.

Oormatige gebruik van **dwelmmiddels** kan lei tot toekomstige gesondheidsprobleme, negatiewe skolastiese en werksfunksionering, wat weer verder kan lei tot verminderde positiewe geleenthede en probleme in interpersoonlike verhoudings (Blau & Gullotta, 1996; Brits, 2001; Ferguson, 2000). Volgens Heaven (1996) is die gebruik van alkohol en/of tabak 'n normale deel van ontwikkeling by hedendaagse adolessente. Verder voer hy aan dat baie adolessente wat 'n eie identiteit wil ontwikkel die een of ander tyd met middels soos alkohol en tabak eksperimenteer. Verslawing en misbruik van alkohol en tabak, tesame met die misbruik van onwettige dwelms soos dagga en kokaïne, kan 'n negatiewe invloed op die adolessent se gesondheid en funksionering hê (Brits, 2001; Ferguson, 2000; Goodwin, 1986). Hierdie negatiewe effek sluit oneffektiewe skoolprestasie, verminderde lewensgeleenthede, disforiese emosionele funksionering, antisosiale gedrag en seksuele promiskuiteit in (Heaven, 1996).

Anti-hedonisme is in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.6.7) uitgewys as 'n eienskap van die meer konserwatiewe persoon en sluit aspekte soos vermaak en vryetydsbesteding in. Daar kan aangeneem word dat die meer konserwatiewe adolessent moontlik minder met dwelmmiddels sal eksperimenteer, indien dit teen die samelewing se voorgeskrewe gedrag indruis. Die meer konserwatiewe adolessent sal dus die samelewing se houding oor die gebruik van dwelms internaliseer.

'n Sterk verband tussen **kriminele gedrag** by tieners en assosiasie met afwykende portuurgroepe word ook aangedui (Loeber & Farrington, 1998). Uit navorsing wil dit ook voorkom asof seuns meer vatbaar is tot kriminele gedrag, as meisies (Loeber &

Farrington, 1998). 'n Verdere probleem ten opsigte van kriminele gedrag onder adolessente is dat geweld in Suid-Afrika daagliks voorkom. 'n Kwart van alle sterftesyfers in Suid-Afrika kan aan onnatuurlike oorsake soos geweld toegeskryf word (Daily Dispatch, 2001). Die meeste van die geweldslagoffers blyk jong mense te wees, met 36% van alle sterftegevalle wat met geweld verband hou tussen die ouderdomme van 15 tot 29 jaar. Verder blyk dit ook asof geweld in skole die algemeenste in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal voorkom (Daily Dispatch, 2001).

Aangesien die meer konserwatiewe persoon egter 'n voorstander van streng reëls en strawwe is (kyk 2.5.6.3), kan aangeneem word dat so 'n adolessent minder vatbaar vir portuurgroepsdruk ten opsigte van kriminele gedrag en geweld kan wees.

In die ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte kan **etnosentrisme**, wat 'n houdingsgroepering van konserwatisme is (Kerlinger, 1984; Wilson, 1973), egter 'n negatiewe rol speel, veral in 'n multikulturele samelewing soos Suid-Afrika. In Hoofstuk 3 (kyk 3.5.1.4.1.2) is reeds aangedui dat individue wat die vaardighede besit om effektief in verskillende kulture te funksioneer, sosiaal beter aanpas. Etnosentrisme kan dus die adolessent se psigologiese welstand negatief beïnvloed.

'n Deel van die ontwikkeling van verhoudings met beide geslagte behels ook die aanleer van geslagsrolle soos hieronder sal blyk.

#### **4.3.2 ONTWIKKELING VAN GESLAGSROLLE**

Geslagsrol het 'n kulturele, asook 'n fisieke element (Newman & Newman, 1995).

##### **4.3.2.1 Kulturele element van geslagsrolle**

Sekere verwagtinge ten opsigte van geslagsrolle word deur die persoon se kulturele milieu daargestel (Jooste, 1989; Newman & Newman, 1995; Taylor et al., 2000). Die adolessent kan 'n volwasse geslagsrol alleenlik ontwikkel indien die eie verwagtinge van die adolessent met die kulturele verwagtinge van die samelewing versoen kan word (Newman & Newman, 1995).

Die kulturele verwagtings ten opsigte van geslagsrolle verander voortdurend (Sears et al., 1991). Dit blyk asof daar tans 'n wegbeweging is vanaf tradisioneel manlik gedomineerde geslagsrolwaardes (Smith & Mackie, 1995). Tradisionele geslagsrolle was georganiseer vanuit die aanname dat mans en vrouens onderskeidende rolle ten opsigte van werk en beroep moet vervul, asook dat mans dominant in die huis en die groter gemeenskap moet wees. Alhoewel daar 'n beweging na gelykheid tussen geslagte is, dra die samelewing steeds 'n sekere verwagting met betrekking tot geslagsrolle aan die individu oor (Sears et al., 1991). Die massamedia speel in hierdie proses 'n belangrike rol (Smith & Mackie, 1995).

Hierdie proses kan lei tot die totstandkoming van stereotipes betreffende geslagsrolle. Verskeie studies noem die volgende (Sears et al., 1991):

- Mans is betrokke by 'n wye verskeidenheid sosiale rolle en aktiwiteite, terwyl vrouens meer tot huishoudelike en familierolle en aktiwiteite beperk word.
- Mans is oor die algemeen kenners en leiers, terwyl vroue ondergeskikte rolle vervul.
- Mans is meer aktief, assertief en invloedryk as vroue.
- Alhoewel vrouens net meer as die helfte van die wêreldbevolking uitmaak, word hulle gereeld in die media onderverteenvoerd.

As gevolg van die kognitiewe, affektiewe en konatiewe effek van houdings kan daar verwag word dat 'n persoon se houdings hul verwagtings ten opsigte van die geslagsrol sal beïnvloed.

#### **4.3.2.2 Fisieke element van geslagsrolle**

Alhoewel seksualiteit 'n lewenslange deel van menslike gedrag is, lei die hormonale veranderinge tydens adolessensie tot sterker seksuele gevoelens (Louw et al., 1998). Dit verskil van persoon tot persoon en kan van tyd tot tyd selfs in dieselfde persoon verskil. Die fisieke veranderinge by adolessensie sluit die volgende in (Mussen et al., 1990):

- Hormonale veranderinge, wat groei en geslags-/seksuele hormone insluit.
- Sporadiese fisieke groei, as gevolg van hormonale veranderinge. Dit sluit veranderinge in lengte, liggaamproporsies en gewig in.
- Seksuele maturasie, wat die ontwikkeling van die voorplantingsorgane insluit.

Seuns en meisies ontwikkel seksueel verskillend (Bee, 1995; Newman & Newman, 1995). By seuns word die vinnige ontwikkeling van seksuele drange by adolessensie tot 'n hoogtepunt gevoer. By meisies wil dit voorkom asof daar meer individuele verskille in seksuele drange voorkom. Sommige meisies ervaar seksuele drange op dieselfde manier as die gemiddelde seun, maar dit blyk asof die meerderheid meer diffuse seksuele gevoelens het, wat nouliks verband hou met die vervulling van ander behoeftes. Hierdie behoeftes sluit selfbeeld, aanvaarding, affeksie en liefde in.

Daar is egter 'n beduidende toename in seksuele belangstelling en gedrag onder adolessente en verskille ten opsigte van seksuele drange en aktiwiteite is besig om te verminder (Bee, 1995). Oor die algemeen wil dit voorkom asof manlike en vroulike adolessente op 'n vroeër ouderdom al seksueel aktief raak.

As gevolg van sekere houdings en druk vanaf die portuurgroep kan adolessente vroeër seksueel aktief raak om deur die portuurgroep aanvaar te word (Nyanzi, Pool & Kinsman, 2001). Die verband tussen **MIV/VIGS** en seksuele gedragpatrone is reeds in Hoofstukke 2 en 3 uitgewys.

Tans is daar 'n geweldige toename van MIV/VIGS in Suid-Afrika (De Lange, 2001; Dickson-Tetteh & Ladha, 2000; Steinberg et al., 2000). Die infekteringstempo van MIV in Suid-Afrika is een van die hoogstes in die wêreld, met 60 persent van nuwe infekterings per jaar in die ouderdomsgroep 15 tot 24 (Mdolomba, 2001). Daagliks kom daar artikels in die pers voor wat die toename van MIV/VIGS in Suid-Afrika bevestig (Daily Dispatch, 2001; Deane & Maphumulo, 2000; De Lange, 2001).

Dit blyk asof daar ook 'n groot toename van MIV/VIGS onder adolessente is (Adkins, 2000; Matyu, 2001). In 'n studie in die voormalige Transkei (wat nou by die Oos-Kaap ingelyf is) is bevind dat die aantal matrikulante in die afgelope paar jaar van 110 000 tot 83 000 verminder het (Mzimba, 2001). In hierdie studie word die oorsaak vir hierdie afname grotendeels aan MIV/VIGS toegeskryf.

Dit is egter nie net seksueel-oordraagbare siektes wat adolessente se psigologiese welstand beïnvloed nie. **Tienerswangerskappe** as gevolg van onkundigheid, groepsdruk, disfunksionele familiepatrone en swak sosio-ekonomiese status (Macleod, 1999) het ook 'n negatiewe effek op veral vroulike adolessente en kan hul identiteitsontwikkeling (byvoorbeeld ten opsigte van beroep) negatief beïnvloed (Cape Argus, 2000).

Dit is dus duidelik dat die aanleer van fisieke geslagsrolle ten opsigte van seksuele ontwikkeling tydens adolessensie belangrik is. Houdings teenoor seksuele gedrag kan hierdie ontwikkelingstaak beïnvloed. Die meer konserwatiewe adolessent kan 'n meer geleidelike verloop van intimiteit ondersteun, weens die houdingsgroepering van **godsdienstige fundamentalisme, antihedonisme** en die gepaardgaande **beperking op seksuele gedrag** (Kerlinger, 1984; Wilson, 1973), terwyl die minder konserwatiewe adolessent op 'n vroeëre stadium seksueel aktief kan raak. Konserwatiewe houdings ten opsigte van seksualiteit kan dus die moontlikheid van MIV-oordrag beperk, aangesien seksuele omgang die grootste risikofaktor vir infeksie is (Klitsch, 1994; Steinberg et al., 2000; Turner, 1994). Die moontlikheid van tienerswangerskappe kan ook deur konserwatiewe houdings teenoor seksuele gedrag beperk word.

#### 4.3.3 AANVAARDING VAN FISIEKE VERANDERINGE

'n Belangrike ontwikkelingstaak vir die adolessent is die aanvaarding van sy/haar liggaamsbeeld, ongeag die houding van die portuurgroep (Burns, 1988; Fowler, 1989; Heaven, 1996). Soos voorheen aangedui, vind verskeie fisieke veranderinge in adolessensie plaas, wat lengte, liggaamsvorm en gewig insluit (Mussen et al., 1990). Hierdie veranderinge kan adolessente se selfbeeld beduidend beïnvloed.



Houdings teenoor liggaamlike voorkoms in die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die adolessent se fisieke selfbeeld (Heaven, 1996). Die positiewe verband tussen selfbeeld en psigologiese welstand is reeds in Hoofstuk 3 (kyk 3.5.1.4.1.2) aangedui. Tienerdogters is veral vatbaar vir groepsdruk ten opsigte van liggaamsbeeld en sal hul eetpatrone aanpas om hul gewig te beheer (Heaven, 1996). Dit kan tot **eetversteurings** lei, soos *bulimia nervosa* en *anorexia nervosa*, wat lewensgevaarlik kan wees (Kohn & Golden, 2001).

Uit die literatuur daarvoor blyk dit dat hierdie eetversteurings amper uitsluitlik onder die vroulike geslag voorkom (Heaven, 1996). Verder blyk dit asof lede van die vroulike geslag tussen die ouderdomme van 12 tot 25 jaar die kwesbaarste is vir die ontwikkeling van eetversteurings (Heaven, 1996). Die aanvang van *anorexia nervosa* is gewoonlik in die vroeë tot middel adolessensie, terwyl *bulimia nervosa* gewoonlik gedurende laat adolessensie 'n aanvang neem (Kohn & Golden, 2001).

Soos reeds aangedui, sal die individu se houding teenoor die portuurgroepdruk 'n belangrike rol speel (kyk 4.3.1). Ongesonde portuurgroepsdruk ten opsigte van liggaamsbeeld kan daartoe lei dat adolessente hoë risikogedrag (byvoorbeeld die genoemde eetversteurings) kan openbaar, wat hul fisieke welstand negatief sal beïnvloed. In Hoofstuk 3 (kyk 3.5.1.4.1.2) is fisieke welstand en bevoegdhede reeds as voorspellers van psigologiese welstand aangedui.

#### **4.3.4 DIE SOEKE, AANLEER EN AANVAARDING VAN SOSIAAL AANVAARBARE EN VERANTWOORDELIKE GEDRAG**

Die adolessent moet sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag ontwikkel om by die samelewing aan te pas (Havighurst, 1972; Mussen et al., 1990). Deelname aan gemeenskapsaktiwiteite, sosialisering, en die aanvaarbare hantering van emosies kan deel van hierdie ontwikkelingstaak uitmaak.

Aangesien die meer konserwatiewe persoon 'n geneigdheid toon tot konformering tot die sosiale orde (Kerlinger 1984; Wilson, 1973), kan aangeneem word dat die adolessent met 'n meer konserwatiewe houding sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag makliker sal assimileer. Hierdie assimilasië sal angstigheid

verminder en kan daartoe lei dat die aanleer van aanvaarbare gedrag verder versterk word.

Die ontwikkeling van 'n waardesisteem sal verderaan in hierdie hoofstuk (kyk 4.3.5) meer aandag geniet. Aangesien **depressie** en **selfmoord** 'n beduidende risikofaktor ten opsigte van psigologiese welstand is, sal dit egter kortliks hier bespreek word. In die literatuur daarvoor wil dit voorkom asof depressie en selfmoord toenemende gedragsverskynsels onder adolessente blyk te wees (Dickson-Tetteh & Ladha, 2000; Heaven, 1996). Adolessente toon 'n kwesbaarheid tot depressie, as gevolg van die intensiteit van die verandering wat binne die ontwikkelingstadium waarmee hulle gekonfronteer word plaasvind (Blau & Gulotta 1996).

Gedurende die laaste paar jaar is daar 'n toename in die fokus op selfmoordgedrag onder adolessente en jong volwassenes (Blau & Gulotta, 1996; Meyer & Ndiyane, 2001; The Leader, 2000). Roberts (1999) rapporteer 'n studie wat bevind het dat 10 persent van sterftes onder Suid-Afrikaanse adolessente tussen die ouderdomme van 15 en 19 jaar aan selfmoord toegeskryf kan word. Bydraende faktore tot selfmoord is samelewingskondisies, familiedisfunksie, dwelm- en alkoholmisbruik, asook depressie. Volgens Nazario (1994) is die moontlikheid van 'n selfmoordpoging twee keer groter onder lede van die vroulike geslag, terwyl lede van die manlike geslag se kans op 'n suksesvolle selfmoordpoging vier keer meer is as vir lede van die vroulike geslag.

#### **4.3.5 ONTWIKKELING VAN 'N EIE WAARDESISTEEM**

Die waardesisteem van 'n persoon sal sy/haar gedrag rig (Smith & Mackie, 1995; Taylor et al., 2000; Victor et al., 1985) en dus ook tot die vorige ontwikkelingstaak bydra. Vir suksesvolle aanpassing binne die samelewingsisteem is dit belangrik dat 'n persoon 'n waardesisteem ontwikkel wat met die waardesisteem van die samelewing ooreenstem. Die adolessente stadium word beskou as een van die belangrikste fases in die ontwikkeling van 'n waardesisteem (Grobler, 1983).

Drie belangrike take by die ontwikkeling van 'n waardesisteem is die volgende (Grobler, 1983):

- Veralgemening van spesifieke morele konsepte. Die vermoë tot abstrakte denke sal positief tot hierdie veralgemening bydra.
- Die formulering van 'n eie waardesisteem na aanleiding van 'n persoon se persoonlike standaarde.
- Die kontrolering van 'n persoon se eie gedrag volgens sy/haar eie innerlike waardesisteem.

#### 4.3.5.1 Kohlberg (1975) se teorie van morele ontwikkeling

In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.2) is die morele-ontwikkelingsfases van Kohlberg (1975) se model reeds genoem. Hierdie teorie van Kohlberg was grootliks geïnspireer deur die kognitiewe ontwikkelingsteorie van Piaget (1972) wat later in hierdie hoofstuk (kyk 4.3.9.1) aandag sal geniet. Volgens Kohlberg (1975, 1984) vind die konvensionele fase in vlak twee van morele ontwikkeling grootliks tydens adolessensie plaas.

Die **konvensionele fase van morele ontwikkeling** word gekenmerk deur die individu se konformering tot die samelewingsorde en verwagtings van ander (Kohlberg, 1984). Soos reeds in Hoofstuk 2 genoem, fokus mense in die konvensionele fase op hulle onmiddellike familie (stadium drie), of op die gemeenskap as 'n geheel (stadium vier). Individuele morele standaarde in hierdie twee stadiums word dus ekstern beheer, deurdat die persoon lojaal is teenoor die sosiale orde en die verwagtings van die familie en samelewing (Kohlberg, 1984).

Stadium drie staan ook bekend as die **moraliteit van interpersoonlike verwagtings, verhoudings en konformering** (Kohlberg, 1984). In hierdie stadium, wat al in die middelkinderjare kan begin, word goeie gedrag gesien as gedrag wat deur ander persone goedgekeur word. Individue sal dus daarna strew om die goedkeuring van ander te verwerf en afkeur te vermy. Gedurende adolessensie is daar 'n progressiewe verskuiwing vanaf hierdie stadium na stadium vier van morele ontwikkeling (Clouse, 1985; Louw et al., 1998).

In stadium vier, wat bekend staan as die **moraliteit van sosiale sisteme en gewete**, aanvaar die individu die samelewing se reëls, omdat hy/sy daarmee kan identifiseer en dit waarneem as belangrik vir die voortbestaan van die samelewing (Kohlberg, 1984). Hierdie morele ontwikkelings stadium kan tot in die volwasse stadium van ontwikkeling voortduur en sommige persone bereik dit nooit.

In stadium vier word korrekte optrede geassosieer met die uitvoer van die persoon se pligte teenoor die samelewing (Clouse, 1985). Otoriteit word gerespekteer met die klem op die ondersteuning van sosiale wette en orde. Optrede sal dus verkeerd wees, as dit die samelewing se wette of reëls oorskry, of iemand skade aandoen (Kohlberg, 1984). Konserwatisme word, weens die sosiale en samelewingswaardes waarop dit fokus, geassosieer met die vierde stadium van morele redenering (Feather, 1975b).

'n Sterk verband tussen houdings en die ontwikkeling van waardes is reeds in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.2) aangedui (Victor et al., 1985). Spesifieke houdings kom eers na vore wat tot die ontwikkeling van algemene waardes lei (Feather, 1979). Konserwatiewe waardes kan dus lei tot die ontwikkeling van waardesisteme wat nouliks verband hou met die algemene waardesisteme van die samelewing.

Wetsgehoorsaamheid en die ondersteuning van die bestaande orde by meer konserwatiewe individue kan bydra tot 'n geneigdheid om te konformeer tot die status quo (Maltby, 1997). Hierdie konformering kan daartoe aanleiding gee dat meer konserwatiewe persone hul gedrag in ooreenstemming met die sosiale orde rig. Internalisering van die samelewingswaardes en eienskappe van die outoritêre persoonlikheid kan ook tot konformering bydra. Aansluitend hiertoe is ook 'n voorkeur vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings. Godsdienstige fundamentalisme, wat as 'n houdingsgroepering van konserwatisme geïdentifiseer is (Wilson, 1973), speel ook 'n beduidende rol in die ontwikkeling van 'n waardesisteme, aangesien godsdienstige waardes gewoonlik die samelewingswaardes tot 'n mate ondersteun.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die waardesisteme van die adolessent die ander ontwikkelingsstake beduidend sal beïnvloed, met spesifieke verwysing na die

ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte en geslagsrolle, asook die soeke, aanleer en aanvaarding van sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag.

Aangesien die meer konserwatiewe adolessent dus meer geneig sal wees tot die ontwikkeling van konvensionele moraliteit wat die huidige samelewingsbestel ondersteun, kan daar aangeneem word dat die meer konserwatiewe adolessent beter sal aanpas, wat 'n verhoging van psigologiese welstand tot gevolg kan hê. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie tendens net positief kan wees as die samelewingswaardes oorwegend positief is. 'n Voorbeel hiervan is die tendens van apartheid (kyk Hoofstuk 2; 2.3.1.1) in Suid-Afrika, wat negatiewe morele waardeoordele ingehou het. Internalisering van hierdie waardes kon tot negatiewe gevolge (soos etnosentrisme) gelei het. Die vraag kan egter gevra word of apartheid in Suid-Afrika grotendeels die produk van konserwatisme, of eerder die produk van politieke indoktrinasie was?

#### **4.3.6 VERKRYGING VAN ONAFHANKLIKHEID VANAF DIE OUERLIKE SUBSISTEEM EN ANDER VOLWASSENES**

*Adolescents have always had the uncommon ability to excite substantial unease in the older generation* (Blau & Gullotta, 1996: vii).

Die verkryging van emosionele onafhanklikheid vanaf die ouerlike subsisteem en ander beduidende volwassenes in die adolessent se omgewing is 'n belangrike ontwikkelingstaak (Burns, 1988). Hierdie onafhanklikheid dra daartoe by dat die adolessent 'n eie lewe en verantwoordelikheid ontwikkel en sodoende 'n eie familie en huis vestig, met gepaardgaande beroepsverantwoordelikhede.

In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.4) is daar melding gemaak van die generasionele aard van konserwatisme. Houdings en waarde-inkongruensie tussen adolessente en hulle ouers is 'n sentrale komponent van die generasiegaping (Feather, 1979). Konserwatisme word gesien as 'n refleksie van die verskil in houdings en waardes tussen generasies (Wilson, 1973).

Die meer konserwatiewe adolessent kan egter in 'n mindere mate onafhanklik van die ouersubsisteem wees, as gevolg van die kongruensie tussen hul eie waardes en die waardes van hul ouers. Hierdie aspek is egter nie oorwegend negatief nie, aangesien kongruensie tussen die houdings en waardes van adolessente en dié van hul ouers die negatiewe invloed van die portuurgroep kan minimaliseer. Indien die meer konserwatiewe adolessent se ouersubsisteem die waardes van die samelewing weerspieël, kan hy of sy dus minder vatbaar wees tot konformering met portuurgroepe wie se houdings en waardestelsel te veel afwyk van dié van die samelewing of die status quo. Daar kan ook aangeneem word dat die verkryging van onafhanklikheid vanaf die ouerlike subsisteem en ander volwassenes geleideliker en meer georden sal plaasvind by meer konserwatiewe adolessente, wat 'n positiewe invloed op hul psigologiese welstand kan hê.

#### **4.3.7 KEUSE VAN EN VOORBEREIDING TOT 'N BEROEP**

Beroepskeuse en die vooruitsig van verdere naskoolse opleiding is 'n belangrike taak tydens adolessensie (Bee, 1995; Gouws & Botha, 1989; Sebald, 1992). Die huidige skolastiese milieu en die prestasie van die adolessent kan 'n belangrike rol speel in hierdie ontwikkelingstaak. Skolastiese prestasie word as 'n belangrike siftingsmiddel gebruik vir toelating tot hoërondewysinstansies. Skolastiese prestasie word ook in ag geneem in die keuringsproses vir adolessente wat na skool gaan werk.

Swak opvoedkundige omstandighede is ook as 'n risikofaktor vir die individu se psigologiese welstand in Hoofstuk 3 (kyk 3.5.1.4.1.2) aangedui. Onbetaalde onderwysers en 'n tekort aan leermateriaal, asook 'n gebrek aan opvoedkundige toerusting word ook aangedui as probleme in die Suid-Afrikaanse onderwysmilieu (Daily Dispatch, 2001).

Onderwys was tydens die apartheidsbewind grotendeels deur 'n blanke kultuur gedra (Neethling, 1995). Na die verkiesing in 1994 het multikulturele skole weens beleidsveranderinge toegeneem (Morris & Tromp, 2001; Ndiyane, 2000; Pelser, 2001). Hierdie multikulturele onderwysopset kan spanningsvol wees as gevolg van 'n verskeidenheid faktore, naamlik: kultuur- en kurrikulum verskille, taalproblematiek,

gebrekkige ouerbetrokkenheid, verpolitisering van onderwys, tyddruk en die hoë werklading van onderwysers, beperkte multikulturele onderrigervaring van onderwysers, gebrekkige leerlinghouding en betrokkenheid, swak akademiese prestasie, asook swak sosio-ekonomiese omstandighede van leerders (Beukes, 1994; Daily Dispatch, 2001; Daily News, 1999; Morris & Tromp, 2001; Nell, 1992).

Dit blyk asof die onderwysopset in Suid-Afrika vele uitdagings vir onderwysers en leerders het. Indien die adolessent nie hierdie uitdagings weerbaar hanteer nie, kan dit hul voorbereiding tot 'n beroep op akademiese gebied kniehalter. Alhoewel die adolessent se mate van konserwatisme nie 'n groot rol by hierdie ontwikkelingstaak speel nie, kan bogenoemde tendense 'n beduidende struikelblok in hierdie betrokke ontwikkelingstaak wees en die adolessent se psigologiese welstand negatief beïnvloed.

#### **4.3.8 VOORBEREIDING TOT 'N HUWELIK MET GEPAARDGAANDE GESINSVERANTWOORDELIKHEDE**

Aangesien Havighurst (1972) se ontwikkelingstake dertig jaar gelede geformuleer is, kan aangeneem word dat sekere kriteria vir ontwikkelingstake verouderd is. Tans tree meer individue eers later tot ernstige verhoudinge en huwelike toe as gevolg van samelewingsveranderinge. Hierdie veranderinge sluit langer beroepsvoorbereiding, veranderende rolle teenoor die vroulike geslag, asook veranderende houdings ten opsigte van seksualiteit in. Homoseksuele verhoudinge en paartjies wat voor die huwelik saamwoon kom ook deesdae meer algemeen voor.

Hierdie ontwikkelingstaak sal egter, as gevolg van die bepaalde invalshoek van hierdie navorsing, nie volledig bespreek word nie. Die ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte is reeds in hierdie hoofstuk bespreek (kyk 4.3.1) en blyk meer relevant vir ontwikkeling van langdurige romantiese verhoudinge vir die hedendaagse adolessent te wees.

### 4.3.9 AANLEER VAN INTELLEKTUELE VAARDIGHEDE WAT VIR EFFEKTIEWE FUNKSIONERING NODIG IS

Hierdie ontwikkelingstaak is van groot belang vir die effektiewe funksionering van die adolessent in die gemeenskap (Havighurst, 1972). Sentraal tot teorieë oor kognitiewe ontwikkeling is die "oorerwings-" teenoor die "omgewingsdebat" (Piaget, 1972; Sternberg, 1997; Vygotsky, 1978).

Die oorerwingstandpunt noem dat kognitiewe vaardighede geneties geprogrammeer is en volgens 'n sekere genetiese bloudruk plaasvind, terwyl die omgewingstandpunt van mening is dat ontwikkeling grootliks afhang van die omgewing en konteks waarin die individu ontwikkel (Sternberg, 1997). In die bespreking van die aanleer van intellektuele vaardighede, sal daar gefokus word op die **kognitiewe ontwikkelingsteorie van Piaget** (1972), wat meer op die oorerwingsdebat steun. Die rede hiervoor is dat hierdie ontwikkelingsteorie 'n raamwerk vir die kognitiewe ontwikkeling van houdings verskaf. Die sosiale aanleer van houdings, volgens die sosiale konstruksionisme wat meer op die omgewingsdebat fokus, is reeds in Hoofstuk 2 (kyk 2.3.5) breedvoerig bespreek.

#### 4.3.9.1 Piaget (1972) se teorie van kognitiewe ontwikkeling

Volgens Piaget (1972) se teorie word die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent gekenmerk deur die stadium van **formele handeling**. Die formele operasionele stadium van Piaget (1972, 1977) begin by ongeveer 11 of 12 jaar en duur tot in volwasse ontwikkeling voort. Heelwat kritiek is egter uitgespreek teen hierdie kronologiese afbakening en daar kan aangeneem word dat hierdie stadium op 'n vroeëre of latere ouderdom ook kan begin ontwikkel (Bukatko & Daehler, 1992). 'n Persoon se sosiaal-kulturele milieu sal 'n groot rol speel in die ouderdomsaanvang van hierdie stadium. Volgens Louw et al. (1998) begin formele handeling hoofsaaklik tydens adolessensie.

In die formele operasionele stadium ontwikkel die individu die vermoë om tweededordeverhoudings tussen twee begrippe in te sien (Piaget, 1972). Die individu raak dus daarvan bewus dat nie net hy/sy ouers het nie, maar ander mense ook.



Formele operasionele denke word nie beperk deur konkrete objekte nie, maar sluit abstrakte aspekte, moontlikhede en hipoteses in (Piaget, 1972).

Die ontwikkeling van twee kognitiewe vermoëns is veral belangrik in die formele operasionele stadium, naamlik: hipoteties-deduktiewe redenering en induktiewe redenering (Piaget, 1972, 1977). Al twee hierdie vermoëns vorm deel van wetenskaplike denke wat beteken dat die individu verskynsels ondersoek soos wat wetenskaplikes dit sou doen. Die ontwikkeling van reflektiewe abstraksie en interproposisionele redenering vorm ook deel van wetenskaplike redenering in die formeel operasionele stadium.

Die proses van **hipoteties-deduktiewe redenering** behels dat die individu data inspekteer en daarna hipotiseer dat 'n spesifieke teorie die data kan verklaar (Piaget, 1977). Die individu lei dan af dat sekere gebeurtenisse in die werklikheid moet plaasvind om die teorie as korrek te bewys en toets dan die teorie om te sien of die voorspelde fenomeen wel plaasvind. Denke begin dus met die moontlike en beweeg na die werklike.

**Induktiewe redenering** behels redenering vanaf die spesifieke na die algemene. 'n Mens kan dus spesifieke feite en bevindinge ondersoek en tot 'n algemene gevolgtrekking kom (Piaget, 1977). Die vorming van houdings sal dus deur hierdie redeneringsproses beïnvloed word. Feite en bevindinge oor verskillende houdingsobjekte kan ondersoek en 'n algemene houding gevorm word. So kan die adolessent feite ten opsigte van seksualiteit ondersoek en 'n algemene sosiale houding van meer of minder konserwatief daaroor vorm.

**Interproposisionele redenering** behels redenering oor die logiese verband tussen twee of meer stellings (Piaget, 1977). Die individu stel vas of een stelling 'n ander ondersteun of weerspreek. Dit beteken dat logiese waarhede of valshede van groepe stellings ondersoek kan word en die logiese verhouding daartussen vasgestel kan word.

Piaget (1972) verwys na **reflektiewe abstraksie** as *thinking about thinking*. Adollesente kan oor hul denke nadink en die inhoud daarvan oorweeg. Reflektiewe abstraksie lei daartoe dat nuwe idees, reëls, kennis, insigte en denke gevorm word, waarvan verdere afleidings en veralgemenings gemaak kan word. Reflektiewe abstraksie is die produk van hipoteties-deduktiewe en wetenskaplike redenering (Piaget, 1972).

Interproposisionele redenering en reflektiewe abstraksie sal ook 'n sentrale rol in die vorming van houdings by adollesente speel. Die logiese verband tussen houdingsobjekte kan ondersoek en oorweeg word, waarhede of valshede kan bepaal word en op grond van die uitkoms van die proses kan nuwe houdings gevorm word.

In die formele operasionele stadium gebruik die individu 'n wyer verskeidenheid van kognitiewe handelinge en strategieë in probleemoplossing en kan dinge vanuit verskillende perspektiewe beskou (Bee, 1995; Brainard, 1978; Piaget, 1977; Sternberg, 1997). Een van die kenmerkendste eienskappe van hierdie stadium is die ontwikkeling van die vermoë om oor hipotetiese vrae te redeneer (Piaget, 1977).

Persone kan ook hul eie denke evalueer en vir inkonsekwentheid en onwaarhede ondersoek. 'n Adollesent kan dus oor twee teenstellende standpunte nadink. Indien daar inkonsekwensies is, kan hy/sy na maniere soek om hierdie spanning wat deur die inkonsekwentheid veroorsaak word, te verminder. Hierdie kognitiewe ontwikkeling sluit aan by die kognitiewe konsekwente teorie van houdings wat reeds in Hoofstuk 2 (kyk 2.3.2) bespreek is. Dissonansie tussen die adollesent se kennis en gevoel oor 'n houdingsobjek sal psigiese spanning veroorsaak en die adollesent sal sy/haar houding verander om hierdie spanning te verminder en sodoende 'n nuwe houding vorm.

Dit wil voorkom asof die formele handelingsfase 'n sentrale rol speel by die evaluering van vorige sosiale houdings, asook die vorming van nuwe sosiale houdings by die adollesent. Houdingsvorming wat die kognisies, affek en gedrag van die individu beïnvloed, kan dus tydens adollesensie merkbaar toeneem. As gevolg van die kognitiewe, affektiewe en gedragseffek van houdings kan

aangeneem word dat die funksionering van adolessente merkbaar deur hul houdings beïnvloed kan word.

#### 4.4 GEVOLGTREKKING

'n Studie van literatuur daarvoor dui aan dat adolessensie 'n komplekse ontwikkelingstadium is (Heaven, 1996; Papalia & Olds, 1995). Hierdie kompleksiteit sluit fisieke, psigiese en sosiale veranderings in. Die afbakening van adolessensie blyk moeilik te wees. Vir die doel van hierdie studie is 'n **psigososiale afbakening** gebruik.

Volgens Erikson (1968) word die psigososiale krisis gedurende adolessensie as "**identiteit teenoor rolverwarring**" geïdentifiseer. Identiteit behels die individu se sekerheid en aanvaarding van sy/haar karaktereenskappe, sosiale identiteit en waardes. Die ontwikkeling van **intellektuele vaardighede** in adolessensie word gekenmerk deur die ontwikkeling van **formele handeling** (Piaget, 1972). Hierdie intellektuele vaardighede speel 'n belangrike rol by die ontwikkeling en handhawing van sosiale houdings en daar kan aangeneem word dat adolessensie 'n belangrike ontwikkelingsfase betreffende houdings is.

Die belangrikste **ontwikkelingstake** tydens adolessensie blyk die volgende te wees: die ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte, die ontwikkeling van geslagsrolle, die aanvaarding van veranderinge wat plaasvind ten opsigte van fisieke ontwikkeling, die soeke, aanleer en aanvaarding van sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag, die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem, die verkryging van onafhanklikheid vanaf die ouerlike subsisteem en ander volwassenes, die keuse van en voorbereiding tot 'n beroep, die voorbereiding tot 'n huwelik/verhouding met gepaardgaande gesinsverantwoordelikhede, asook die aanleer van intellektuele vaardighede wat vir effektiewe funksionering nodig is. Die suksesvolle afhandeling van hierdie ontwikkelingstake sal 'n positiewe invloed op die adolessent se **psigologiese welstand** uitoefen (Kumpfer, 1999).

Die volgende **risikofaktore** (wat bogenoemde ontwikkelingstake en dus ook psigologiese welstand negatief kan beïnvloed) is in hierdie hoofstuk geïdentifiseer: portuurgroepsdruk, dwelmmiddels, kriminele gedrag, etnosentrisme, tienerswangerskappe, eetversteurings, depressie, selfmoord, MIV/VIGS en onderwysprobleme. Dit wil voorkom asof die meer konserwatiewe adolessent minder vatbaar vir bogenoemde risikofaktore kan wees, wat tot 'n verhoogde mate van psigologiese welstand kan bydra. Die redes vir hierdie aanname is die volgende:

- Die meer konserwatiewe adolessent toon 'n geneigdheid om te **konformeer** tot die sosiale orde. Hierdie tendens kan daartoe aanleiding gee dat meer sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag openbaar word, wat bogenoemde risikofaktore kan beperk en sodoende psigologiese welstand kan verhoog.
- Die meer konserwatiewe adolessent sal geneig wees tot die ontwikkeling van **konvensionele moraliteit**, wat die huidige samelewingsbestel ondersteun (Kohlberg, 1975, 1984). Hierdie aspek kan aanleiding gee tot die ontwikkeling van 'n sterk morele waardesisteem (wat anti-hedonisme insluit), wat die negatiewe impak van risikofaktore op die adolessent kan beperk en sodoende psigologiese welstand kan verhoog.
- Die meer konserwatiewe adolessent toon 'n geneigdheid om hul eksterne en interne wêreld te **vereenvoudig**, te **struktureer** en te **kontroleer**, wat daartoe kan bydra dat hy/sy nie impulsief sal optree nie en dus risikofaktore soos middelmisbruik, kriminele gedrag, tienerswangerskappe, selfmoord en MIV/VIGS kan beperk.
- 'n **Godsdiensgerigtheid** wat by die meer konserwatiewe adolessent kan voorkom, kan bydra tot sy/haar morele waardesisteem. Sterk godsdienstige sieninge kan risikogedrag soos middelmisbruik, kriminaliteit en seksueel riskante gedrag beperk.

- Die meer konserwatiewe adolessent se voorkeur vir streng reëls en strawwe kan hom/haar minder vatbaar maak vir negatiewe portuurgroepsdruk ten opsigte van dwelmmisbruik en kriminele gedrag.

'n Geneigdheid tot **etnosentrisme** wat by die meer konserwatiewe adolessent kan voorkom, kan egter die adolessent se sosialisering in 'n multikulturele samelewing (soos in Suid-Afrika) negatief beïnvloed en sodoende hul psigologiese welstand negatief beïnvloed.

# HOOFSTUK 5

## ONDERSOEKMETODE

### 5.1 INLEIDING

Tot sover is die invloed van konserwatisme op psigologiese welstand teoreties uit die bestaande literatuur daarvoor ondersoek. In hierdie hoofstuk sal op die ondersoekmetode gefokus word, met spesifieke verwysing na die volgende:

- Samestelling van die ondersoekgroep
- Meetinstrumente wat gebruik is
- Die data-insamelingsproses
- Die navorsingsvraag
- Statistiese prosedures wat gevolg is

Soos dit in Hoofstuk 1 gestel is, word met hierdie studie beoog om die empiriese verband tussen konserwatisme en psigologiese welstand by adolessente te ondersoek en die rol van geslag en taal as moontlike voorspeller veranderlikes van hierdie verband te bepaal. Psigologiese welstand is in hierdie geval die kriteriumveranderlike, terwyl konserwatisme, sowel as enkele biografiese veranderlikes, die voorspeller veranderlikes is. Weens hierdie benaderingswyse, word daar, volgens Huysamen (1993), met 'n nie-eksperimentele prospektiewe ontwerp in die studie gewerk.

Voordat die meetinstrumente en die data-insamelingsproses in meer besonderhede bespreek word, sal die veranderlikes (kriteria- en voorspeller veranderlikes) eers kortliks toegelig word.

## **5.2 KRITERIUM- EN VOORSPELLERVERANDERLIKES**

Die kriteria vir die bepaling van psigologiese welstand sal eerste bespreek word waarna die kriteria vir bepaling van konserwatisme en biografiese veranderlikes aandag sal geniet.

### **5.2.1 KRITERIA VIR DIE BEPALING VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND (KRITERIUMVERANDERLIKE)**

Om 'n aanduiding van die adolessente se vlak van psigologiese welstand te verkry, is metings rakende lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin verkry deur die toepassing van die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al., 1985), die Fortaliteit-vraelys (Pretorius, 1997) en die Lewensorientasieskaal (Antonovsky, 1987). Hierdie meetinstrumente sal in afdeling 5.3 indringend bespreek word.

### **5.2.2 KRITERIA VIR DIE BEPALING VAN KONSERWATISME EN BIOGRAFIESE VERANDERLIKES (VOORSPELLERVERANDERLIKES)**

Soos in Paragraaf 5.1 genoem, word verskillende voorspeller veranderlikes in hierdie studie benut. Eerstens is daar konserwatisme, wat uit verskillende komponente bestaan. 'n Totaaltelling op elkeen van die komponente kan vir elke respondent verkry word. Tweedens is daar enkele biografiese veranderlikes, naamlik die adolessente se geslag en hul taalgroepering.

## **5.3 MEETINSTRUMENTE**

Daar sal gefokus word op die meetinstrumente vir die meting van psigologiese welstand (kriterium) waarna die meting van die voorspeller veranderlikes bespreek sal word, wat die skaal vir die meting van konserwatisme en die biografiese vraelys insluit.

### **5.3.1 INSTRUMENTE VIR DIE METING VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND (KRITERIUM)**

Die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al., 1985), die Fortaliteit-vraelys (Pretorius, 1997) en die Lewensoriëntasieskaal (Antonovsky, 1987) sal vervolgens as metings van psigologiese welstand (kriterium) bespreek word.

#### **5.3.1.1 Die Lewenstevredenheidskaal (Diener et al., 1985)**

##### **5.3.1.1.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Die Lewenstevredenheidskaal is deur Diener et al. (1985) ontwikkel om globale lewenstevredenheid as 'n indeks van psigologiese welstand te meet. Die Lewenstevredenheidskaal fokus slegs op lewenstevredenheid en nie op verwante konstrunkte soos positiewe affek nie. Die respondente beoordeel hul totale lewe en nie net domeine daarvan nie. Die skaal meet lewenstevredenheid op 'n kognitief-beoordeelde proses volgens die respondent se eie subjektiewe kriteria (Diener et al., 1985).

##### **5.3.1.1.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Lewenstevredenheidskaal is 'n vraelys, bestaande uit vyf items wat op 'n gegradeerde sewepuntskaal beantwoord word. Skaalpunt 1 dui aan dat sterk van die stelling in die item verskil word, terwyl Skaalpunt 7 aandui dat sterk daarmee saamgestem word. Hierdie vraelys kan individueel of in groepsverband afgeneem word. Die afneemtyd wissel van 2 tot 5 minute. Die strekwydte van die totaaltellings vir die skaal is van 5 (lae tevredenheid) tot 35 (hoë tevredenheid), met 'n teoretiese gemiddelde telling van 20.

##### **5.3.1.1.3 Geldigheid en betroubaarheid**

'n Aanvanklike toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënt van 0,82 is vir die Lewenstevredenheidskaal gevind (Diener et al., 1985). Die interne konsekwentheid waarmee die items meet, is ook ondersoek deur van Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënt



gebruik te maak. 'n Koëffisiënt van 0,87 is so bereken. Pavot en Diener het die skaal gedurende 1993 hersien en ses studies gerapporteer waarin toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte van 0,50 tot 0,84 verkry is. Die interne konsekwentheid is ook met hierdie studies ondersoek en  $\alpha$ -koëffisiënte wat wissel tussen 0,79 tot 0,89 is verkry. Voorgenoemde koëffisiënte toon aan dat die skaal oor 'n redelike hoë mate van betroubaarheid beskik. Pavot en Diener (1993) beskryf die kriteriumgeldigheid van die Lewensorientasieskaal as gunstig.

#### 5.3.1.1.4 Motivering vir gebruik

Volgens Diener et al. (1985) beoordeel mense hul lewenstevredenheid deur hul omstandighede met 'n eie innerlike standaard te bepaal. Lewenstevredenheid behels dus 'n kognitiewe beoordelingsproses van die persoon se lewenskwaliteit, wat dui op die dinamiek van psigologiese welstand. Daarom is die Lewenstevredenheidskaal 'n goeie vraelys om in hierdie studie te gebruik.

#### 5.3.1.2 Die Fortaliteit-vraelys (Pretorius, 1997)

##### 5.3.1.2.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die Fortaliteit-vraelys is deur Pretorius (1997) ontwikkel. Hy definieer fortaliteit as die krag om stres te hanteer en gesond te bly. Volgens hom word fortaliteit afgelei vanuit positiewe beoordelings van die volgende drie aspekte:

- Die persoon **self** en vermoëns van die self. Dit sluit die globale beoordeling van die self, asook meer spesifieke beoordelings soos probleemoplossing en bevoegdhede in.
- Die **gesin/familie**-omgewing waarin die persoon funksioneer. Dit sluit die ondersteuning, kohesie en waardes van die gesin/familie in.
- Die ondersteuning van **betekenisvolle ander** in die persoon se omgewing. Dit sluit sowel kwantitatiewe (byvoorbeeld: vlakke van ondersteuning) as kwalitatiewe dimensies (byvoorbeeld: tevredenheid) van ondersteuning in.

Uit die interpretasie van die respondente se response kan totaaltellings op elkeen van die drie aspekte verkry word, asook 'n globale totaalstelling waardeur al die items in die vraelys gesommeer word.

#### **5.3.1.2.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Fortaliteit-vraelys bestaan uit 20 items en kan individueel of in groepsverband geadministreer word. Die vraelys bestaan uit sewe items oor die self, sewe oor die gesin/familie en ses oor die ondersteuning van ander. Die totaalstelling van die vraelys word in hierdie studie gebruik om 'n aanduiding van die individu se globale welstand te verkry.

Die items word beantwoord op 'n gegradeerde vierpuntskaal, wat soos volg gestruktureer is:

1= is nie van toepassing nie

2= gering van toepassing

3= baie van toepassing

4= baie sterk van toepassing

Die afneemtyd wissel van 4 tot 8 minute. Die strekwydte van die globale totaalstelling van die skaal wissel van 20 (lae fortaliteit) tot 80 (hoë fortaliteit), met 'n teoretiese gemiddelde telling van 50. Hoe hoër die persoon se telling, hoe hoër is die mate van foraliteit wat hy/sy ervaar.

#### **5.3.1.2.3 Geldigheid en betroubaarheid**

Pretorius (1997) rapporteer itemtotaalkorrelasies wat strek van 0,38 tot 0,77. Die Cronbach  $\alpha$ -koëffisiënte vir die verskillende subskale wissel tussen 0,74 en 0,82. Die inhoudsgeldigheid, voorspellingsgeldigheid en gelyktydige geldigheid van die Fortaliteit-vraelys word deur Pretorius (1997) as gunstig beskryf.

#### **5.3.1.2.4 Motivering vir gebruik**

Aangesien Pretorius (1997) se Fortaliteit-vraelys volgens salutogenetiese beginsels (wat deel vorm van psigologiese welstand) opgestel is, is daar besluit om die vraelys in die huidige studie te gebruik. Die fokus op die ondersteuning van die gesin/familie

en ander betekenisvolle persone in die individu se omgewing, sluit ook goed aan by die eksterne omgewingskonteks van Kumpfer (1999) se model wat in die bespreking van psigologiese welstand gebruik is.

### 5.3.1.3 Die Lewensoriëntasieskaal (Antonovsky, 1987)

#### 5.3.1.3.1 Ontwikkeling en rasionaal

Die Lewensoriëntasieskaal van Antonovsky (1987) is 'n operasionalisering van die koherensiesin-konstruk, waarmee hy reeds in 1979 begin het. Hierdie skaal staan ook bekend as die Koherensiesinskaal (Antonovsky, 1993). Die Lewensoriëntasieskaal meet die mate waarin 'n persoon 'n deurdringende, blywende en dinamiese gevoel van sekerheid het dat: (1) die stimuli wat uit interne en eksterne omgewings spruit in die verloop van die lewe gestruktureer kan word, voorspelbaar en ook verklaarbaar is (**verstaanbaarheid**), (2) bronne beskikbaar is om aan die eise van die interne en eksterne omgewing te voldoen (**beheerbaarheid**) en (3) dat die eise van bogenoemde stimuli uitdagings is wat die moeite werd is om by betrokke te raak (**sinvolheid**).

#### 5.3.1.3.2 Aard, administrasie en interpretasie

Die Lewensoriëntasieskaal is 'n vraelys wat uit 29 items bestaan en wat in drie komponente verdeel word, naamlik: verstaanbaarheid, beheerbaarheid en sinvolheid.

Die items word op 'n gegradeerde sewepuntskaal beantwoord. Slegs die ekstreme response op ankerpunte 1 en 7 word beskryf, byvoorbeeld:

Item1: Vraag: As jy met mense praat, kry jy die gevoel dat hulle jou nie verstaan nie?

Antwoord:      Kry nooit dié gevoel nie    1 2 3 4 5 6 7      Kry altyd dié gevoel

Die Lewensoriëntasieskaal kan individueel of in groepe afgeneem word. Die afneemtyd wissel van 10 tot 20 minute. Die totaalstelling op die Lewensoriëntasieskaal se strekwydte is van 29 tot 203, met 'n teoretiese gemiddelde van 116. 'n Hoë telling dui 'n positiewe koherensiesin aan. Die totaalstelling van die skaal word in hierdie studie gebruik, aangesien Antonovsky (1993) die gebruik van die komponente as subskale afraai en die Lewensoriëntasieskaal as 'n eendimensionele meetinstrument van koherensiesin beskryf.

#### **5.3.1.3.3 Geldigheid en betroubaarheid**

Cronbach  $\alpha$ -koëffisiënte vir interne konsekwentheid wat wissel van 0,78 tot 0,93 is in 26 studies deur Antonovsky (1993) vermeld. Toets-hertoetsbetroubaarheid in agt ondersoeke dui op korrelasiekoëffisiënte wat van 0,56 tot 0,97 wissel. Antonovsky (1993) beskryf die inhoudsgeldigheid, operasionele geldigheid en kriteriumgeldigheid van die Lewensoriëntasieskaal as gunstig.

#### **5.3.1.3.4 Motivering vir gebruik**

Koherensiesin sluit perseptuele, kognitiewe, affektiewe en konatiewe aspekte in wat sterk in psigologiese welstand verteenwoordig word. Verskeie navorsers het bevind dat koherensiesin direk aanleiding gee tot individuele aanpassing en suksesvolle funksionering, wat tot psigologiese welstand bydra (Antonovsky, 1993; Bowman, 1996; Strümpfer, 1995).

#### **5.3.1.4 Betroubaarheidsondersoek: taalgroepe**

Aangesien bogenoemde drie vraelyste in die Suid-Afrikaanse konteks toegepas is, is hul betroubaarheid ondersoek deur die interne konsekwentheid waarmee dit meet, te bepaal. Hierdie vraelyste is ook in Afrikaans vertaal, wat die belang van die ondersoek van interne konsekwentheid beklemtoon. Die interne konsekwentheid is deur middel van Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte ondersoek. Die koëffisiënte vir die drie taalgroeperinge word hieronder in Tabel 5.1 aangedui. Die SPSS-rekenaarprogrammatuur (SPSS Incorporated, 1983) is vir hierdie doel gebruik.

**Tabel 5.1: Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte vir die meting van psigologiese welstand vir die drie taalgroepe**

Konstruk	$\alpha$ -koëffisiënte		
	Engels	Afrikaans	Afrikataal
Lewenstevredenheid	0,792	0,738	0,645
Fortologie	0,857	0,841	0,823
Koherensiesin	0,859	0,837	0,770

Die berekende koëffisiënte in Tabel 5.1 toon aan dat die skale van die meetinstrumente waarmee psigologiese welstand gemeet is, vir al drie die taalgroepe redelike hoë interne, konsekwente metings lewer.

Vervolgens sal die instrumente vir die meting van die voorspeller veranderlikes (konserwatisme en biografiese veranderlikes) bespreek word.

### **5.3.2 INSTRUMENTE VIR DIE METING VAN DIE VOORSPELLER-VERANDERLIKES**

Daar sal eerstens gefokus word op die instrument vir die meting van konserwatisme waarna die biografiese vraelys aandag sal geniet.

#### **5.3.2.1 Instrument vir die meting van konserwatisme**

Die Konserwatismeskaal wat deur Wilson en Patterson (1970) ontwikkel is, is gebruik om 'n meting van konserwatisme te verkry. Twintig aanvullende items vir die huidige tydvak is bygevoeg. Die redes vir hierdie byvoegings word aan die einde van die volgende afdeling (kyk 5.3.2.1.1) gemotiveer.

##### **5.3.2.1.1 Ontwikkeling en rasionaal**

Baie pogings is al sedert 1950 aangewend om 'n meetskaal vir konserwatisme te ontwikkel. Volgens Henningham (1996) en Maltby (1997) is een van die bruikbaarste skale die Konserwatismeskaal van Wilson en Patterson (1970).

Die Wilson en Patterson (1970) Konserwatismeskaal is oorspronklik in 1968 ontwikkel weens die aanname dat sosiale houdings tot 'n mate interkorreleer, eerder as wat dit onafhanklik en diskreet is (Green, Reynolds, Walkey & McCormick, 1988). Die Konserwatismeskaal lewer vier hoofkomponente van die algemene faktor van konserwatisme, naamlik: militêr-straffend, anti-hedonisme, etnosentrisme (onverdraagsaamheid teenoor minderheidsgroepe) en godsdienstige fundamentalisme (Katz, 1989).

Studies het die faktorstrukture van die Konserwatismeskaal (Wilson & Patterson, 1970) vir Britse (Wilson, 1973), Suid-Afrikaanse (Heaven, 1978) en Israeli kinders (Katz, 1989) met mekaar vergelyk. Die bevinding was dat dit vir die drie groepe eenders is (Katz, 1989). Die Konserwatismeskaal van Wilson en Patterson (1970) is gevalideer in Suid-Afrika (Barling & Evans 1978; Heaven, 1978; Wilson & Schutte, 1973), Israel (Katz, 1988; Katz, 1989; Katz & Ronen, 1986), Nieu-Seeland, Australië, Amerika en Brittanje (Gonsalves & Bernard, 1985).

Kirton (1978), Mehrabian (1996) en Rump en Walker (1982) het die potensiële veroudering van konserwatismevraelyste uitgewys. Van die items van die Wilson en Patterson (1970) Konserwatismeskaal wat as verouderd aangetoon is, is die volgende: moderne kuns, skooluniforms, werkende moeders, vroeë skoolverlaters (*beatniks*), vroueregters, gemengde geslag skole, lyfstraf, pyjamapartytjies en chaperones (derde persoon op 'n afspraak) (Mehrabian, 1996). Green et al. (1988) het bevind dat Bybelse waarhede, Sabbatsheiliging, Goddelike geregtigheid (*Divine law*), nudistekampe, kuisheid, sensorskap, wettige aborsie, egskeiding, ontkleedanse, die evolusieteorie en selfmoord 'n hoë verband toon met die algemene faktor van konserwatisme. By die volgende items is 'n lae verband met die algemene faktor van konserwatisme aangetref: fluoridasie, tienermotorbestuurders en studies in Latyn.

In 'n studie deur Gilbert (1982) het hulle drie items aangepas om in die kulturele omgewing van Nieu-Seeland in te pas. Riemann, Grubich, Hempel, Mergl en Richter (1993) het in hulle politieke houdingsvraelys die volgende items onder konserwatisme ingesluit: plakkers (*squatting*), sentrale registrasie vir VIGSlyers,

stemreg vir buitelanders, parool vir oortreders en homoseksuele huwelike. Dit is dus noodsaaklik om die toepaslikheid van items van konserwatismeskale vir die betrokke tydvak waarin dit aangewend word, te bepaal.

Vir hierdie studie is die oorspronklike skaal van Wilson en Patterson (1970) gebruik. Aanvullend tot die 50 items van die oorspronklike vraelys is 20 ekstra items bygevoeg wat tot die huidige tydvak relevant is.

### **5.3.2.1.2 Aard, administrasie en interpretasie**

Die Konserwatismeskaal wat toegepas is, bestaan uit 70 items. Hierdie skaal kan individueel of in groepsverband afgeneem word. Die respondent se voorkeur vir die items in die vraelys word gevra. Vir elke item dui die respondent dan sy of haar keuse aan deur "Ja" of "Nee" te omsirkel. Indien die respondent onseker is, word "?" omsirkel. Aangesien hierdie vraelys 'n voorbeeld van 'n tipiese-gedragmetingsprosedure (Huysamen, 1996) is, is daar geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die respondente word versoek om hul eerste reaksie op die items weer te gee en ook alle items te beantwoord. Die totale afneemtyd wissel van 15 tot 25 minute.

Die nasienprosedure van hierdie vraelys is soos volg:

Die antwoordblad is so opgestel dat dit 'n totaalstelling vir konserwatisme verskaf. By items met ongelyke nommers tel 'n "Ja"-respons twee punte, terwyl 'n "Nee"-respons geen punte tel nie. Die "?"-respons tel deurgaans een punt. By die gelyke nommers tel 'n "Ja"-respons geen punte nie, terwyl 'n "Nee"-respons twee punte tel. Die items is so geformuleer, dat die meer konserwatiewe respons altyd twee punte tel. Die waardes van die gelyke en ongelyke vrae word opgetel. Hierdie skaal strek vanaf 'n totaalstelling van nul (minder konserwatief) tot 140 (meer konserwatief), met 'n teoretiese gemiddelde telling van 70. Hoe hoër die telling, hoe groter is die mate van konserwatisme wat die individu openbaar.

### 5.3.2.1.3 Geldigheid en betroubaarheid

Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte van 0,91 is vir manlike respondente en 0,83 vir eerstejaarstudente verkry (Wilson, 1973). Heaven (1979) het ook bevind dat die Konserwatismeskaal hoë interne konsekwente metings lewer. Feather (1980) dui 'n Cronbach  $\alpha$ -koëffisiënt van 0,61 in 'n studie onder Australiese weermagdienspligtiges aan.

### 5.3.2.1.4 Motivering vir gebruik

Die literatuur daarvoor bevestig dat die Konserwatismeskaal van Wilson en Patterson (1970) een van die bruikbaarste skale vir die meting van konserwatisme is (Henningham, 1996; Maltby, 1997). Gilbert (1982) beskryf dié Konserwatismeskaal (Wilson & Patterson, 1970) as 'n duidelike en handige vraelys, wat maklik nagesien kan word. Deur hierdie skaal as basis te gebruik, met aanvullende items vir die betrokke tydvak waarin dit toegepas word, blyk 'n goeie metode vir die meting van konserwatisme te wees. Om die toepassing van hierdie skaal vir die betrokke studie aan te pas, is 'n faktorontleding gedoen om te bepaal of daar moontlik 'n onderliggende faktorstruktuur vir die 70 items is, wat oor die verskillende komponente van konserwatisme handel.

### 5.3.2.1.5 Onttrekking van ses faktore van konserwatisme

Daar is eerstens van 'n eksploratiewe hoofkomponentontledingsprosedure (Schepers, 1990) gebruik gemaak. Die aantal faktore wat onttrek moes word, is deur 'n kombinasie van die eigenwaardes groter as een kriterium en die scree-toets bepaal. Deur hierdie kriteria te gebruik, is besluit om ses faktore te onttrek. Die verkree faktormatriks is vervolgens aan die hand van die varimaxkriterium (Kaiser, 1958) na 'n ortogonale, eenvoudige struktuur geroteer. 'n Skuinsrotasie aan die hand van die obliquekriterium (Jennrich & Sampson, 1966) is ook gedoen.



Volgens Maas (1998) is die varimaxrotasie soms nie die geskikste oplossing nie, veral wanneer verskeie veranderlikes (items) op meer as een faktor laai. Dit het wel voorgekom, sodat die obliquerotasie gedoen is, sodat die faktorstruktuur makliker geïnterpreteer kan word. Die faktormatriks is deur middel van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) verkry. Die resultate word in die tabel in Bylae A verskaf. Slegs faktorladings van 0,3 en hoër word in die tabel aangedui ten einde die interpretasie te vergemaklik. Twaalf van die items (items 1, 3, 12, 21, 25, 28, 37, 38, 45, 62, 65 en 67) het op geen van die ses faktore 'n lading hoër as 0,3 gehad nie en word nie in die tabel opgeneem nie. Hierdie items is skooluniforms, patriotisme, geboortebepanking, chaperones, lisensiëringswetgewing, fluoridasie, sensorskap, witleuens, studies in Latyn, akupunktuur, sentrale registrasie vir VIGS lyers en die weiering van stemreg vir immigrante.

Die ses skuinsgeroteerde faktore verklaar gesamentlik 27,76% van die totale variansie. Uit die geroteerde faktorpatroonmatriks is dit duidelik dat 53 van die 58 items op slegs een van die faktore 'n lading groter as 0,3 toon. Hierdie ladings kan redelik maklik geïnterpreteer word en voldoen ook aan Thurstone se kriteria vir eenvoudige struktuur. Van die oorblywende vyf items toon almal 'n lading op twee verskillende faktore.

Faktor I word gekenmerk deur hoë ladings op items wat handel oor **godsdienstige fundamentalisme**, terwyl Faktor II weer gekenmerk word deur hoë ladings op items oor **etnosentrisme**. Faktor III en IV word onderskeidelik gekenmerk deur hoë ladings op items oor **anti-hedonisme** en **tienergedrag**. Die laaste twee faktore toon weer hoë ladings op items wat oor **konformerende houding teenoor outoriteit** (faktor V) en **aandrag op straf/reëls** (faktor VI) handel.

In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.5 & 2.5.6) is faktore I, II, III, V en VI as houdingsgroeperinge van konserwatisme aangedui. Faktor IV, wat tienergedrag insluit, is 'n nuwe faktor wat in hierdie studie na vore kom. Van die items van tienergedrag maak deel uit van anti-hedonisme en die voorkeur vir konvensionele kleredrag, kuns en instellings by Wilson (1973) se teorie oor konserwatisme. Dit sluit Raveklubs, tatoeëring en geperoksiede hare in. Tienermotorbestuurders, wat ook as een van die items van

tienergedrag aangedui is, pas egter teoreties meer by aandrang op streng reëls in. Aangesien die ondersoekgroep in hierdie studie adolessente is, is daar besluit op die benaming "tienergedrag", aangesien dit 'n goeie kombinasie van bogenoemde houdingsgroeperinge verteenwoordig.

Gevolgtlik is ses subskale van konserwatisme uit hierdie faktore saamgestel, deur telkens die vyf items per faktor met die hoogste lading, met inagneming van die teoretiese onderbou, te selekteer. Hierdie vyf items is dan gesommeer om vir elke subskaal 'n totaalstelling te kan bereken. Die spesifieke items wat per subskaal geselekteer is, word in Tabel 5.2 verskaf. Hierdie items se bewoording word in die tabel in Bylae B weergegee.

**Tabel 5.2: Spesifieke items waaruit subskale van konserwatisme saamgestel is**

Subskaal	Items
Godsdienstige fundamentalisme	5, 19, 35, 49 en 63
Etnosentrisme	17, 33, 40, 48 en 55
Anti-hedonisme	4, 6, 24, 34 en 60
Tienergedrag	26, 32, 58, 68 en 70
Konformerende houding teenoor outoriteit	13, 23, 29, 41 en 53
Aandrang op straf/reëls	7, 39, 47, 56 en 69

Hoe hoër die totaalstelling vir 'n spesifieke subskaal is, hoe groter is die vlak van konserwatisme wat die adolessent rakende die bepaalde aspek openbaar.

Vervolgens is die interne konsekwentheid waarmee die items in elk van hierdie ses subskale meet, ondersoek. Dit is gedoen deur Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte met behulp van die SPSS-rekenaarprogrammatuur (SPSS Incorporated, 1983) te bereken. Die koëffisiënte is vir die ses subskale telkens vir die drie taalgroeperinge afsonderlik bereken en word so in Tabel 5.3 aangedui.

Subskaal	$\alpha$ -koëffisiënte		
	Engels	Afrikaans	Afrikataal
Godsdienstige fundamentalisme	0,727	0,512	0,522
Etnosentrisme	0,646	0,614	0,337
Anti-hedonisme	0,658	0,559	0,633
Tienergedrag	0,475	0,577	0,537
Konformerende houding teenoor outoriteit	0,482	0,491	0,431
Aandrang op straf/reëls	0,234	0,537	0,026

**Tabel 5.3: Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte vir die ses subskale van konserwatisme**

Die berekende koëffisiënte in hierdie tabel toon aan dat die subskale van konserwatisme, met die uitsondering van laasgenoemde subskaal (aandrang op straf/reëls), aanvaarbare interne konsekwente metings lewer. Volgens Foster en Parker (1999) is bostaande betroubaarhede aanvaarbaar, aangesien die skale nie-kognitief van aard is. Volgens hierdie outeurs word in kognitiewe toetse betroubaarhede van 0,8 of hoër verwag, terwyl in nie-kognitiewe metings laer betroubaarhede verwag word, aangesien dit gewoonlik 'n breër konstruk meet. Die subskale bestaan ook net uit vyf items wat ook 'n rol in die bepaling van die betroubaarheid kan speel.

### 5.3.2.2 Biografiese vraelys

Die biografiese vraelys is deur die proefpersone self ingevul en het vrae bevat oor geslag, ouderdom en huistaal. Die ondersoekgroep betreffende hierdie biografiese veranderlikes word hieronder bespreek.

## 5.4 ONDERSOEGGROEP

Die biografiese veranderlikes wat in hierdie studie ter sprake is, is die adolessente se geslag en die taalgroep waaraan hulle behoort. Beide die biografiese veranderlikes is op die nominale skaal gemeet en kan slegs in terme van frekwensies en persentasies beskryf word.

Inligting oor die verspreiding van die 1238 adolessente rakende die twee biografiese veranderlikes is met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) bereken en word in Tabel 5.4 verskaf.

**Tabel 5.4: Frekwensiedistribusie van onderzoekgroep volgens geslag en taalgroepering**

Biografiese veranderlike	N	%
Geslag:		
Manlik	527	42,8
Vroulik	705	57,2
Subtotaal	1232	100,0
Taalgroepering:		
Engels	584	47,9
Afrikaans	448	36,7
Afrikataal	188	15,4
Subtotaal	1220	100,0

Dit is uit hierdie tabel eerstens duidelik dat ses adolessente nie hulle geslag aangetoon het nie, terwyl 18 van hulle nie hul taalgroepering aangetoon het nie. Daar was ongeveer ewe veel van elke geslag in die onderzoekgroep. Die meerderheid adolessente (47,9%) was Engelssprekend, terwyl net (15,4%) Afrikataalsprekers was. By die toepassing van die vraelyste was dit egter duidelik dat daar meer swart toetslinge was, as wat Tabel 5.4 illustreer. 'n Moontlike verklaring vir hierdie tendens is dat baie swart leerders hul huistaal as Engels, eerder as 'n Afrikataal, weergegee het.

Die gemiddelde ouderdom van die adolessente in die onderzoekgroep is 17,3 jaar, met 'n standaardafwyking van 0,74 jaar. Die jongste adolessente was 15 jaar (3 persone), terwyl die oudste 22 jaar oud was. Ongeveer 95% van die onderzoekgroep was tussen die ouderdomme van 16 tot 18 jaar.

## 5.5 INSAMELING VAN GEGEWENS

Die ondersoekgroep bestaan uit 1238 adolessente uit die Oos-Kaap en Gauteng. Uit die Oos-Kaap is 674 Graad 12-leerders betrek en uit die Gauteng-provinsie 564 Graad 12-leerders. Hierdie leerders is afkomstig uit 11 skole verbonde aan Die Departement van Nasionale Onderwys, vyf daarvan uit die Oos-Kaap en ses uit Gauteng.

Die 11 skole is ewekansig geselekteer, nadat eerstens al die skole in die twee gebiede gelys en daarna met behulp van die trossteekproeftrekkingsmetode geselekteer is. Nadat 'n bepaalde skool vanuit die groep skole (trosse) getrek is, is al die Graad 12-leerders van daardie skole genader om die vraelyste te voltooi.

Slegs leerders in Graad 12 is in hierdie studie betrek. Die nodige toestemming is van die Departement van Onderwys, skoolhoofde en die toetslinge se ouers of voogde verkry. Die data is by die verskillende skole deur middel van groepsadministrasie van die vraelys ingesamel. Geen probleme is tydens die insameling van die data ervaar nie.

## 5.6 NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingsvraag van hierdie studie handel daarvoor om te bepaal of die mate van psigologiese welstand wat deur die adolessente ervaar word 'n verband met hulle mate van konserwatisme toon en die rol wat hulle geslag en taalgroepering hierin speel.

## 5.7 STATISTIESE PROSEDURE

Die adolessente se vlak van psigologiese welstand is aan die hand van a) lewenstevredenheid, b) fortaliteit en c) koherensiesin bereken en sal as die drie kriteria in die ontledings gebruik word. Die ontledings sal vir elk van hierdie kriteria herhaal word.

Ten einde die mate waarin die variansie in psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) deur die komponente van konserwatisme, tesame met die biografiese veranderlikes (onafhanklike veranderlikes) verklaar kan word, sal hiërargiese regressie-ontledings uitgevoer word. Om die biografiese veranderlikes in die regressie-ontleding te kon benut, is dit na skynveranderlikes geherkodeer. Die veranderlike, geslag, het net twee kategorieë en is as -1 en 1 gekodeer. Die veranderlike, taalgroepering, het drie kategorieë en was as -1, 0 en 1 gekodeer.

Die bydrae van elkeen van die voorspellers, tesame met die bepaalde **stel** voorspellers is bepaal. Twee stelle voorspellers is hier ter sprake. Die eerste is konserwatisme (met die ses subskale) en die tweede is die biografiese veranderlikes.

Die werkswyse wat gevolg is, was om eerstens die totale variansie wat deur die voorspeller veranderlikes gesamentlik (volledige model) ten opsigte van elk van die drie kriteria verklaar is, te bepaal. Daarna is telkens een van die voorspeller veranderlikes weggelaat, om daardie spesifieke veranderlike se bydrae tot die verklaring van die variansie te bepaal. Uiteindelik is al die veranderlikes van 'n bepaalde **stel** voorspellers weggelaat om die bydrae wat hulle gesamentlik tot die variansie in psigologiese welstand lewer, te bepaal. Die persentasie variansie wat deur 'n spesifieke stel veranderlikes verklaar word, word deur  $R^2$  (gekwadredeerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt) aangetoon.

Om te bepaal of 'n spesifieke veranderlike, of stel veranderlikes, se bydrae tot die  $R^2$ -waarde statisties beduidend is, sal dit met behulp van die hiërargiese F-toets ondersoek word. Die wyse waarop hierdie toets bereken kan word, is die volgende (Van der Walt, 1980):

$$F = \frac{(R^2_{y,1\dots k_1} - R^2_{y,1\dots k_2}) / (k_1 - k_2)}{(1 - R^2_{y,1\dots k_1}) / (N - k_1 - 1)}$$

waar:

$R^2_{y,1\dots k_1}$  = Gekwadreerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt vir die groter getal onafhanklike veranderlikes

$R^2_{y,1\dots k_2}$  = Gekwadreerde meervoudige korrelasiekoëffisiënt vir die kleiner getal onafhanklike veranderlikes

$k_1$  = Groter getal onafhanklike veranderlikes

$k_2$  = Kleiner getal onafhanklike veranderlikes

$N$  = Totale aantal gevalle

Wanneer die beduidendheid van 'n toename in  $R^2$  ondersoek word, is dit ook nodig om die effekgrootte van die bydrae wat 'n bepaalde voorspeller of stel voorspellers lewer, te bereken. Die effekgrootte verskaf 'n aanduiding van die bydrae tot  $R^2$  in terme van die proporsie onverklaarde variansie van die volledige model.

Volgens Van der Westhuizen, Monteith en Steyn (1989) kan die effekgrootte van die individuele bydraes in terme van  $f^2$  bereken word en wel by wyse van die volgende formule:

$$f^2 = \frac{R^2 - R^2_1}{1 - R^2}$$

waar:

$R^2$  = proporsie variansie verklaar deur die volledige model

$R^2_1$  = proporsie variansie verklaar deur die kleiner getal onafhanklike veranderlikes

Die riglynwaardes wat, volgens Cohen (1988), gebruik kan word, is die volgende:

$f^2 = 0,01$  : klein effek

$f^2 = 0,15$  : medium effek

$f^2 = 0,35$  : groot effek

Hierdie effekgroottes verskaf inligting oor die praktiese belang van die verbande wat moontlik tussen die veranderlikes gevind sal word.

Behalwe die hiërargiese regressie-ontledings, sal ook die interkorrelasies tussen die voorspellers onderling, sowel as met die kriteriumveranderlike aangedui en kortliks bespreek word. Beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) van die voorspeller- sowel as die kriteriumveranderlikes sal ook bereken en aangedui word.



## HOOFSTUK 6

### RESULTATE EN BESPREEKING VAN RESULTATE

#### 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die resultate van die ondersoekgroep, aan die hand van die statistiese prosedures wat in die vorige hoofstuk bespreek is, ontleed en bespreek word. Voordat die resultate van die hiërargiese regressie-ontledings verskaf en bespreek word, is dit nodig om die beskrywende statistiek (gemiddeldes, standaardafwykings en korrelasies) van al die betrokke veranderlikes vir die ondersoekgroep as geheel toe te lig.

#### 6.2 BESKRYWENDE STATISTIEK

Die beskrywende statistiek (gemiddeldes en standaardafwykings) word ten opsigte van die drie kriteria- sowel as die voorspeller veranderlikes vir die totale ondersoekgroep in Tabel 6.1 aangetoon. Aangesien die frekwensiedistribusie van die twee biografiese veranderlikes reeds in Tabel 5.4 aangetoon is, word dit nie hier herhaal nie.

**Tabel 6.1: Gemiddeldes en standaardafwykings vir die totale ondersoekgroep**

Veranderlike	N	X	s	Min.	Maks.
Kriteria veranderlikes:					
Lewenstevredenheid	1203	22,12	5,99	5	35
Fortaliteit	1182	55,77	9,50	20	80
Koherensiesin	1177	128,02	20,34	29	203
Voorspeller veranderlikes:					
Godsdienstige fundamentalisme	1206	7,14	2,49	0	10
Etnosentrisme	1206	3,25	2,59	0	10
Anti-hedonisme	1178	6,53	2,49	0	10
Tienergedrag	1212	3,28	2,44	0	10
Konformerende houding teenoor Outoriteit	1183	5,55	2,40	0	10
Aandrang op straf/reëls	1183	6,72	2,23	0	10

Uit Tabel 6.1 blyk dit dat die ondersoekgroep effens hoër gemiddelde tellings, as wat in Hoofsuk 5 (kyk 5.3.1) aangetoon is, ten opsigte van die drie kriteria behaal het. Dit wil dus voorkom of die mate van psigologiese welstand van die ondersoekgroep as gemiddeld beskryf kan word.

As gekyk word na die ses **konserwatisme-skale (voorspeller veranderlikes)** moet in gedagte gehou word dat die skale se minimum 0 (nul) en die maksimum 10 (tien) is. 'n Totaaltelling van drie of laer dui op 'n lae vlak van konserwatisme, van vier tot ses op 'n gemiddelde vlak daarvan, terwyl 'n totaalstelling hoër as ses op 'n hoë vlak van konserwatisme dui. Hoe groter die totaalstelling vir 'n spesifieke subskaal dus is, hoe hoër is die vlak van konserwatisme wat die adolessent rakende die bepaalde aspek openbaar.

Dit blyk dus asof die ondersoekgroep **hoë vlakke van konserwatisme** openbaar rakende godsdienstige fundamentalisme, aandrang op streng reëls/strawwe en anti-hedonisme. Hulle toon **gemiddelde vlakke van konserwatisme** ten opsigte van konformerende houding teenoor outoriteit. **Lae vlakke van konserwatisme** kom egter voor ten opsigte van tienergedrag en etnosentrisme.

Die totale ondersoekgroep se persentasie response op al die items van die Konserwatismeskaal word in die tabel in Bylae B weergegee. Die spesifieke items waaruit die subskale van konserwatisme saamgestel is, word in vet druk weergegee, met die spesifieke faktor waartoe die item bydra in hakies.

Vervolgens sal die responspatrone van sekere items bespreek word:

Die doodstraf word deur 69,4% van die ondersoekgroep goedgekeur, terwyl 61,8% ten gunste van die weerhou van parool vir kriminele oortreders is. Ten opsigte van lyfstraf is 52% van die ondersoekgroep ten gunste daarvan. Soos reeds in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.6.3) aangetoon, blyk dit asof die toename in misdaad in Suid-Afrika daartoe lei dat die samelewing meer op **strenger strawwe** aandrang. Hierdie betrokke tendens word deur die response van die ondersoekgroep ondersteun.

Voorts blyk dit of 49,3% van die ondersoekgroep teen voorhuwelikse seks gekant is, terwyl 82,2% ten gunste van slegs een seksuele maat is. In die ondersoekgroep was 65,1% van die adolessente ten gunste van kuisheid (maagdelikheid/*virginity*). Dit kan 'n aanduiding van meer konserwatiewe **seksuele gedrag** wees, wat moontlik deur MIV/VIGS veroorsaak word. Hierdie tendens is ook in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.6.7) en Hoofstuk 4 (kyk 4.3.2.2) bespreek.

Alhoewel net meer as die helfte (50,4%) van die ondersoekgroep gemengde huwelike goedkeur, is 76,9% teen apartheid gekant. Dit kan dui op 'n vermindering in **etnosentrisme** tussen adolessente in die Suid-Afrikaanse konteks.

Ten opsigte van wetgewing rakende **aborsie** en **dagga** blyk dit asof ongeveer die helfte van die ondersoekgroep teen die wettiging van aborsie gekant is, terwyl 60,5% die wettiging van dagga afkeur. Meer as die helfte (57,7%) van die ondersoekgroep was ook ten gunste van die verbied van **rook in openbare plekke**. 'n Baie groot persentasie van die ondersoekgroep (88,7%) is nie ten gunste van **selfmoord** nie. 'n Groot persentasie (71,3%) van die ondersoekgroep is ten gunste van **skooluniforms**.

### 6.3 VOORKOMS VAN KONSERWATISME

Om te bepaal wat die vlakke van konserwatisme (op die ses subskale) van die adolessente in die ondersoekgroep is, is hulle tellings op die subskale in laag, neutraal en hoog verdeel. Daar bestaan volgens die meetinstrument nie riglyne waarvolgens hierdie verdeling gedoen kan word nie. Gevolglik is op 'n werkswyse besluit om 'n verdeling van laag, neutraal en hoog te operasionaliseer. Hierdie werkswyse toon ooreenstemming met die nasienprosedure van die oorspronklike Konserwatismeskaal (Wilson & Patterson, 1970) wat by 5.3.2.1 in die vorige hoofstuk bespreek is. Al ses die subskale bestaan uit vyf items en sommige van hierdie is op 'n driepunt skaal (0=nee, 1=onseker en 2=ja) beoordeel, terwyl die ander op 'n omgekeerde driepunt skaal (2=nee, 1=onseker en 0=ja) beoordeel is. Die formulering van die items verseker dat die mees konserwatiewe respons die hoogste punt weergee. Hierdie punte word bymekaar getel en verskaf 'n aanduiding

van die adolessente se vlak van konserwatisme rakende die betrokke subskaal. Aangesien dit 'n kontinue skaal is, is besluit om die skaalindekse van laag, neutraal en hoog (soos in Tabel 6.2 aangetoon is), saam te stel.

**Tabel 6.2: Samestelling van skaalindekse vir die subskale van konserwatisme**

	Laag	Neutraal	Hoog
Skaalwaarde	0	1	2
Totaaltelling	0	5	10
Skaalinterval	(0-3)	(4-6)	(7-10)

Vanuit hierdie tabel is dit duidelik dat adolessente wat 'n telling tussen 0 - 3 op 'n subskaal behaal het, 'n lae vlak van konserwatisme rakende die betrokke subskaal openbaar, terwyl 'n totaalstelling van 7 - 10 op 'n hoë vlak van konserwatisme rakende die betrokke subskaal dui. Vir elke adolessent is sy/haar totaalstelling op al ses die konserwatisme subskale bereken en in die volgende afdeling word die persentasie adolessente aangetoon wat lae, neutrale en hoë konserwatisme rakende die onderskeie subskale openbaar het. Die inligting word vir die ses subskale afsonderlik verskaf. Aangesien geslag en taalgroepering belangrike biografiese veranderlikes in hierdie studie is, is besluit om die persentasies volgens hierdie veranderlikes te bereken en om met behulp van die  $\chi^2$ -toets vir homogeniteit te bepaal of daar beduidende verskille in proporsies voorkom. Die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) is vir hierdie doel gebruik. Die waardes in hakies dui op die frekwensies.

### 6.3.1 GODSDIENSTIGE FUNDAMENTALISME

Inligting rakende die verspreiding van die ondersoekgroep in die drie intervale rakende godsdienstige fundamentalisme word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in Tabel 6.3 verskaf. Die rypercentasies, sowel as frekwensies (in hakies), word vir elke sel verskaf.

**Tabel 6.3: Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op godsdienstige fundamentalisme volgens taal en geslag**

Subgroepe	Laag	Neutraal	Hoog
Engels	17,3 (99)	28,8 (165)	53,9 (309)
Afrikaans	3,0 (13)	12,1 (53)	84,9 (373)
Afrikataal	6,3 (11)	18,7 (33)	75,0 (132)
$\chi^2 = 122,236$ ( $v = 3$ ; $p = 0,001$ )			
Manlik	13,5 (70)	23,1 (120)	63,4 (329)
Vroulik	7,9 (54)	20,4 (139)	71,7 (488)
$\chi^2 = 12,765$ ( $v = 2$ ; $p = 0,002$ )			

Die berekende  $\chi^2$ -waardes dui aan dat daar wel statisties beduidende verskille vir die adolessente in die mate van konserwatisme wat hulle ten opsigte van godsdienstige fundamentalisme openbaar, vir die verskillende taalgroepe en geslagte, voorkom. In beide gevalle is die verskille statisties beduidend op die 1%-peil. Die vernaamste bevindinge is die volgende:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe toon 'n heelwat kleiner proporsie Engelssprekende adolessente (53,9%) hoë vlakke van konserwatisme ten opsigte van godsdienstige fundamentalisme.

Bogenoemde verskil tussen Engels- en Afrikaanssprekende adolessente is teenstellend met die studie van Katz (1987), wat in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.2) weergegee is. Hy het bevind dat Afrikaans- en Engelssprekendes in Suid-Afrika dieselfde mate van konserwatisme ten opsigte van godsdienstige fundamentalisme getoon het. In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.2) is daar egter ook aangedui dat Afrikaner-Nasionalisme mag na Afrikaanssprekendes verskuif het, tydens die apartheidsera. Daar kan dus afgelei word dat die bedreiging van hierdie magsbasis en daaropvolgende politieke veranderinge moontlik aanleiding gegee het tot sterker godsdienstige fundamentalisme onder Afrikaanssprekendes weens die strukturende aard van godsdiens.

- 'n Groter proporsie adolessente dogters (71,7%) as seuns (63,4%) toon hoë vlakke van konserwatisme rakende godsdienstige fundamentalisme.

Hierdie tendens is ooreenstemmend met studies wat in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.1) vermeld is. Dit wil voorkom asof strenger morele opvoeding (ten opsigte van godsdienstige fundamentalisme) by adolessente dogters tot hierdie tendens kan bydra.

### 6.3.2 ETNOSENTRISME

Inligting rakende die verspreiding van die ondersoekgroep in die drie intervale rakende etnosentrisme word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in die volgende tabel aangetoon. Die rypercentasies, sowel as frekwensies (in hakies), word vir elke sel verskaf.

**Tabel 6.4: Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op etnosentrisme volgens taal en geslag**

Subgroepe	Laag	Neutraal	Hoog
Engels	66,5 (382)	23,9 (137)	9,6 (55)
Afrikaans	39,4 (174)	37,8 (167)	22,8 (101)
Afrikataal	89,7 (156)	9,8 (17)	0,5 (1)
	$\chi^2 = 159,345$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,001$ )		
Manlik	52,2 (270)	26,7 (138)	21,1 (109)
Vroulik	65,6 (448)	27,1 (185)	7,3 (50)
	$\chi^2 = 50,870$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,001$ )		

Die berekende  $\chi^2$ -waardes in hierdie tabel dui aan dat daar wel statisties beduidende verskille voorkom. In beide gevalle is die verskille statisties beduidend op die 1%-peil. Die vernaamste bevindinge is die volgende:

- In vergelyking met die ander twee taalgroepe toon 'n groter proporsie Afrikaanssprekende adolessente (22,8%) hoë vlakke van konserwatisme ten opsigte van etnosentrisme.

Bogenoemde verskil tussen Afrikaans- en Engelssprekende adolessente is in ooreenstemming met die resultate van studies wat in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.2) aangetoon is. Dit wil voorkom asof die historiese effek van Afrikaner-Nasionalisme en apartheid nog steeds bydra tot 'n groter mate van konserwatisme teenoor etnosentrisme onder Afrikaanssprekendes (kyk 2.5.7.2).

- 'n Groter proporsie adolessente seuns (21,1%) as dogters (7,3%) toon hoë vlakke van konserwatisme rakende etnosentrisme.

Hierdie tendens is ook gevind in studies wat in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.1) aangedui is.

### 6.3.3 ANTI-HEDONISME

Inligting rakende die verspreiding van die ondersoekgroep in die drie intervale rakende anti-hedonisme vir die verskillende taalgroepe en geslagte word in die tabel hieronder verskaf. Die rypercentasies, sowel as frekwensies (in hakies), word vir elke sel verskaf.

**Tabel 6.5: Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op anti-hedonisme volgens taal en geslag**

Subgroepe	Laag	Neutraal	Hoog
Engels	13,3 (76)	32,2 (183)	54,5 (310)
Afrikaans	13,3 (58)	31,5 (137)	55,2 (240)
Afrikataal	12,6 (20)	30,4 (48)	57,0 (90)
	$\chi^2 = 0,319$ ( $v = 3$ ; $p = 0,989$ )		
Manlik	25,5 (130)	44,0 (225)	30,5 (156)
Vroulik	4,1 (27)	22,2 (147)	73,7 (487)
	$\chi^2 = 239,036$ ( $v = 2$ ; $p = 0,001$ )		

Die berekende  $\chi^2$ -waardes dui aan dat daar wel statisties beduidende verskille vir die adolessente in die mate van konserwatisme wat hulle teenoor anti-hedonisme openbaar, vir die geslagte voorgekom het. Hierdie verskille is statisties beduidend

op die 1% vlak. Geen statisties beduidende verskille het vir taalgroepering voorgekom nie. Die vernaamste bevinding is die volgende:

- 'n Groter proporsie adolessente dogters (73,7%) as seuns (30,5%) toon hoë vlakke van konserwatisme rakende anti-hedonisme.

Hierdie bevinding kom ooreen met die bevindinge van vorige navorsing wat in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.1) weergegee is. In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.1) word hierdie tendens verder verklaar deur die verskille in die sosialisering van die twee geslagte, waar daar by dogters 'n groter klem op seksuele kuisheid geplaas word weens die vrees vir swangerskap en negatiewe sosiale waarde-oordele. Hierdie verskille in sosialisering kan dus daartoe bydra dat adolessente seuns en dogters verskillende houdings sal openbaar teenoor houdingsobjekte soos seksualiteit en moraliteit, wat deel van anti-hedonisme uitmaak.

#### 6.3.4 TIENERGEDRAG

Inligting rakende die verspreiding van die ondersoekgroep in die drie intervale rakende tienergedrag word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in Tabel 6.6 verskaf. Die rypercentasies, sowel as frekwensies (in hakies), word vir elke sel verskaf.

**Tabel 6.6: Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op tienergedrag volgens taal en geslag**

Subgroepe	Laag	Neutraal	Hoog
Engels	60,7 (348)	32,8 (188)	6,5 (37)
Afrikaans	46,0 (202)	39,0 (171)	15,0 (66)
Afrikataal	52,2 (95)	37,9 (69)	9,9 (18)
	$\chi^2 = 31,029$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,001$ )		
Manlik	57,2 (297)	35,5 (184)	7,3 (38)
Vroulik	51,2 (352)	36,5 (251)	12,3 (85)
	$\chi^2 = 9,463$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,009$ )		



Die berekende  $\chi^2$ -waardes dui aan dat daar wel statisties beduidende verskille vir die adolessente in die mate van konserwatisme wat hulle teenoor tienergedrag openbaar vir die taalgroepe en geslagte voorgekom het. In beide gevalle is die verskille statisties beduidend op die 1%-peil. Die vernaamste bevindinge is die volgende:

- In vergelyking met die proporsie Engelssprekende (6,5%) en Afrikataalsprekende adolessente (9,9%) toon 'n groter proporsie Afrikaanssprekende adolessente (15%) hoë vlakke van konserwatisme ten opsigte van tienergedrag.
- 'n Groter proporsie adolessente dogters (12,3%) as seuns (7,3%) toon hoë vlakke van konserwatisme rakende tienergedrag.

Geen verklaring vir bogenoemde bevinding kon in die literatuur gevind word nie.

### 6.3.5 KONFORMERENDE HOUDING TENOOR OUTORITEIT

Inligting rakende die verspreiding van die ondersoekgroep in die drie intervale rakende konformerende houding teenoor outoriteit word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in die volgende tabel verskaf. Die rypercentasies, sowel as frekwensies (in hakies), word vir elke sel verskaf.

**Tabel 6.7: Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op konformerende houding teenoor outoriteit volgens taal en geslag**

Subgroepe	Laag	Neutraal	Hoog
Engels	24,3 (137)	46,1 (260)	29,6 (167)
Afrikaans	18,5 (80)	41,0 (177)	40,5 (175)
Afrikataal	12,4 (21)	48,2 (82)	39,4 (67)
	$\chi^2 = 21,741$ ( $\nu = 3$ ; $p = 0,001$ )		
Manlik	24,2 (123)	41,9 (213)	33,9 (172)
Vroulik	17,3 (116)	46,9 (314)	35,7 (239)
	$\chi^2 = 8,622$ ( $\nu = 2$ ; $p = 0,013$ )		

Volgens die berekende  $\chi^2$ -waardes in Tabel 6.7 is dit duidelik dat daar wel statisties beduidende verskille vir die adolessente in die mate van konserwatisme wat hulle ten opsigte van konformerende houding teenoor outoriteit openbaar, vir die taalgroepe voorgekom het. Hierdie verskille is statisties beduidend op die 1% vlak. Geen statisties beduidende verskille het vir geslag voorgekom nie. Die vernaamste bevinding is die volgende:

- In vergelyking met die Engelssprekende adolessente (29,6%), toon 'n groter proporsie Afrikaanssprekende (40,5%) en Afrikataalsprekende adolessente (39,4%) hoë vlakke van konserwatisme ten opsigte van konformerende houding teenoor outoriteit.

Geen bewyse kan vir bogenoemde verskil in die literatuur gevind word nie, maar die hipotese kan gemaak word dat meer konserwatiewe ouerstyle by Afrikaans- en Afrikataalsprekendes moontlik tot hierdie tendens kan bydra.

### 6.3.6 AANDRANG OP STRAF/REËLS

Inligting rakende die verspreiding van die ondersoekgroep in die drie intervalle rakende aandrang op streng reëls/strawwe word vir die verskillende taalgroepe en geslagte in die onderstaande tabel verskaf. Die rypercentasies, sowel as frekwensies (in hakies), word vir elke sel verskaf.

**Tabel 6.8: Persentasies van adolessente rakende die onderskeie vlakke van konserwatisme op aandrang op straf/reëls volgens taal en geslag**

Subgroepe	Laag	Neutraal	Hoog
Engels	3,0 (17)	35,9 (201)	61,1 (342)
Afrikaans	9,8 (43)	27,9 (122)	62,3 (272)
Afrikataal	20,7 (35)	56,8 (96)	22,5 (38)
	$\chi^2 = 120,100$ ( $v = 3$ ; $p = 0,001$ )		
Manlik	8,7 (44)	32,7 (166)	58,6 (298)
Vroulik	7,9 (53)	39,1 (262)	53,0 (355)
	$\chi^2 = 5,162$ ( $v = 2$ ; $p = 0,076$ )		

Die berekende  $\chi^2$ -waardes in Tabel 6.8 dui aan dat daar wel statisties beduidende verskille vir die adolessente, in die mate van konserwatisme wat hulle teenoor aandrang op straf/reëls openbaar, vir die taalgroepe voorkom. Die verskille is op die 1% vlak statisties beduidend. Geen statisties beduidende verskille het vir geslag voorgekom nie. Die vernaamste bevinding is die volgende:

- In vergelyking met die Afrikataalsprekende adolessente (22,5%) toon 'n groter proporsie Afrikaanssprekende (62,3%) en Engelssprekende adolessente (61,1%) hoë vlakke van konserwatisme rakende aandrang op straf/reëls.

Hierdie ooreenkoms tussen Engels- en Afrikaanssprekendes se hoë vlakke van konserwatisme ten opsigte van strafgeregtigheid is ook in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.2) aangetoon. In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.6.3) word ook aangetoon dat die toename in misdaad in Suid-Afrika daartoe kan lei dat die samelewing op strenger strawwe aandrang. Geen bewyse kan in die literatuur vir die verskil tussen Afrikataalsprekendes en die ander twee taalgroepe gevind word nie. Die hipotese kan egter gemaak word dat Afrikataalsprekendes se weersin teenoor die onregverdige aard van strawwe tydens die apartheidsera in Suid-Afrika nog steeds hul houdings beïnvloed en dus tot bogenoemde verskil kan bydra.

Die verbande tussen die voorspeller veranderlikes onderling, asook met die drie kriteria (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin), is ook ondersoek en vir hierdie doel is Pearson se produkmomentkorrelasiekoëffisiënte met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) bereken. Dit is vir die totale ondersoekgroep gedoen en die resultate word in Tabel 6.9 op die volgende bladsy aangedui.

**Tabel 6.9: Interkorrelasies vir die totale groep**

Veranderlike	4	5	6	7	8	9
1 Lewenstevredenheid	09*	-05	04	07	04	03
2 Fortaliteit	18*	-02	06	07	13*	06
3 Koherensiesin	11*	-05	13*	03	10*	01
4 Godsdienstige fundamentalisme	-	11*	22*	15*	23*	02
5 Etnosentrisme		-	-10*	11*	10*	25*
6 Anti-hedonisme			-	29*	10*	-04
7 Tienergedrag				-	02	-01
8 Houding outoriteit					-	13*
9 Aandrang op straf/reëls						-

L.W. Desimale tekens is weggelaat

\*  $p \leq 0,01$

By die bespreking van hierdie resultate sal hoofsaaklik op die korrelasies tussen die voorspellers en die drie kriteria gekonsentreer word. Die korrelasiekoëffisiënte in Tabel 6.9 toon die volgende aan:

- Slegs een van die konserwatisme subskale, naamlik **godsdienstige fundamentalisme**, korreleer met **lewenstevredenheid** (eerste kriterium). Hierdie koëffisiënte is op die 1%-peil beduidend. Verder is dit duidelik dat die korrelasiekoëffisiënte positief is, wat daarop dui dat hoë tellings op godsdienstige fundamentalisme (hoog konserwatief) met hoë tellings rakende psigologiese welstand (lewenstevredenheid) gepaardgaan. Adolesseente wat dus hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid) ervaar, sal ook geneig wees om hoë vlakke van konserwatisme rakende godsdienstige fundamentalisme te openbaar.

Hierdie positiewe aard van godsdienstige fundamentalisme, wat religie insluit, is in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.6.1 & 2.6) en Hoofstuk 4 (kyk 4.3.2.2. & 4.4) aangedui. Daar is aangevoer dat sterk godsdienstige sieninge risikogedrag soos middelmisbruik en seksueel riskante gedrag beperk en dat godsdienstige fundamentalisme ook 'n beduidende rol in die ontwikkeling van 'n persoon se waardesisteem speel, wat psigologiese welstand positief kan

beïnvloed. Die positiewe invloed van religie en geestelike ingesteldheid op psigologiese welstand word ook in Hoofstuk 3 by die modelle van Witmer en Sweeney (1992) (kyk 3.4.2) en Kumpfer (1999) (kyk 3.5.1) aangedui.

- Twee van die konserwatisme subskale, naamlik **godsdienstige fundamentalisme** en **konformerende houding teenoor outoriteit**, korreleer met **fortaliteit** (tweede kriteria). Hierdie koëffisiënte is op die 1%-peil beduidend. Soos in die geval met lewenstevredenheid, is ook hierdie korrelasiekoëffisiënte positief, sodat die afleiding gemaak kan word dat adolessente wat hoë vlakke van psigologiese welstand (fortaliteit) ervaar, geneig sal wees om hoë vlakke van konserwatisme rakende godsdienstige fundamentalisme en hul konformerende houding teenoor outoriteit te openbaar.

In Hoofstuk 4 (kyk 4.3.4) is die positiewe invloed van konformering tot samelewingswaardes op die adolessent se psigologiese welstand toegelig. Die meer konserwatiewe adolessent toon 'n geneigdheid om te konformeer tot die sosiale orde. Hierdie tendens kan daartoe aanleiding gee dat meer sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag wat psigologiese welstand positief kan beïnvloed, aangeleer word.

- Drie van die konserwatisme subskale, naamlik **godsdienstige fundamentalisme**, **anti-hedonisme** en **konformerende houding teenoor outoriteit**, korreleer met **koherensiesin** (derde kriteria). Ook hierdie koëffisiënte is op die 1%-peil beduidend. Hierdie korrelasiekoëffisiënte is ook almal positief, wat daarop dui dat adolessente wat hoë vlakke van psigologiese welstand (koherensiesin) ervaar, geneig sal wees om hoë vlakke van konserwatisme rakende godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en hul konformerende houding teenoor outoriteit te openbaar. Die positiewe effek van anti-hedonisme op psigologiese welstand is in Hoofstuk 4 (kyk 4.3.1) aangedui. Daar is aangevoer dat die adolessent wat meer konserwatief teenoor anti-hedonisme is, moontlik minder risikogedrag ten opsigte van middelmisbruik en kriminaliteit sal openbaar. In Hoofstuk 4 (kyk 4.4) is ook aangedui dat konserwatisme met betrekking tot anti-hedonisme 'n

beperking op riskante seksuele gedrag (wat kan lei tot MIV infektering en geslagsiektes) kan uitoefen. Die adolessent se psigologiese welstand kan só positief beïnvloed word.

- Alhoewel dit nie beduidend op die 1%-peil is nie, is die verband tussen **etnosentrisme** en die drie psigologiese welstandsfaktore negatief. Dit is 'n aanduiding dat 'n hoë mate van etnosentrisme negatief korreleer met die drie psigologiese welstandsfaktore. Hierdie tendens is in Hoofstuk 2 (kyk 2.6) en Hoofstuk 4 (kyk 4.4) voorspel. 'n Geneigdheid tot etnosentrisme teenoor kulturele en rassegroepering kan die meer konserwatiewe adolessent se sosialisering in 'n multikulturele samelewing (soos in Suid-Afrika) negatief beïnvloed, aangesien dit kan aanleiding gee tot selektiewe sosialisering en negatiewe teenoor ander rassegroeperings, wat hul psigologiese welstand negatief kan beïnvloed.
- Volgens die **interkorrelasies tussen die subskale van konserwatisme** blyk dit of die meeste van die subskale beduidend met mekaar gekorreleer het. Die enigste uitsondering is aandrang op straf/reëls wat slegs beduidend met etnosentrisme en konformerende houding teenoor outoriteit gekorreleer het. Hierdie subskaal het ook 'n negatiewe verband met anti-hedonisme en tienergedrag getoon. Die enigste ander subskale wat nie beduidend met mekaar gekorreleer het nie, was konformerende houding teenoor outoriteit en tienergedrag.

Wat opval, is dat al drie die psigologiese welstandsfaktore, naamlik lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin met godsdienstige fundamentalisme (eerste kriterium) korreleer. Vanuit die korrelasiematriks in Tabel 6.9 wil dit reeds op hierdie stadium voorkom of dit veral die konserwatismesubskale, **godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en konformerende houding teenoor outoriteit** is wat die grootste deel van die variansie in **psigologiese welstand** van adolessente gaan verklaar. Om hierdie aangeleentheid nou verder te ondersoek, word oorgegaan tot die aanbieding van die hiërargiese regressie-ontledings en die bespreking van die vernaamste bevindinge.

## 6.4 RESULTATE VAN DIE HIËRARGIESE REGRESSIE-ONTLEDINGS

Hiërargiese regressie-ontledings is met behulp van die SAS-rekenaarprogrammatuur (SAS Institute, 1985) gedoen, ten einde ondersoek in te stel na die bydraes van die verskillende konserwatismekomponente en biografiese veranderlikes tot die verklaring van die variansie in die psigologiese welstand van adolessente. Inligting rakende die psigologiese welstand van die adolessente, is verkry deur hul lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin te meet. Daar is dus drie kriteria ter sprake en die hiërargiese regressie-ontledings is vir elk van hierdie drie kriteria afsonderlik gedoen en sal afsonderlik aangetoon en bespreek word.

Die persentasie variansie van die kriterium wat deur elk van die voorspeller veranderlikes verklaar word, word deur  $R^2$  aangedui. Ten einde die spesifieke bydrae wat elke voorspeller tot 'n bepaalde kriterium se variansie lewer vas te stel, sal die  $R^2$ -waarde met en sonder die bepaalde voorspeller bereken word. Die verskil in  $R^2$  se beduidendheid sal met behulp van die hiërargiese F-toets bereken word. Aangesien 'n relatief groot groep ( $N=1238$ ) adolessente in die studie betrek is, word daar verwag om redelik maklik beduidende **statistiese** resultate te verkry. Gevolglik is ook die **praktiese** beduidendheid van die resultate ondersoek deur die effekgroottes ( $f^2$ ) te bereken. Hierdie effekgroottes is slegs vir die statisties beduidende resultate bereken. Volgens Cohen (Steyn, 1999) kan die volgende riglyne gebruik word om die effekgroottes te beoordeel, naamlik 0,02 vir 'n klein, 0,15 vir 'n medium en 0,35 vir 'n groot effekgrootte.

Die resultate van hierdie ontledings word eerstens vir lewenstevredenheid verskaf, dan vir fortaliteit en daarna vir koherensiesin. Die resultate vir lewenstevredenheid verskyn in Tabel 6.10.

**Tabel 6.10: Bydraes van die verskillende veranderlikes tot R<sup>2</sup> vir lewenstevredenheid**

Veranderlikes in ontleding	R <sup>2</sup>	Bydrae tot R <sup>2</sup> : volledig minus verminderde model	F	p
1. [biogr]+[konserwatisme]	0,0366	1-8 = 0,0303	5,399*	0,03
2. [biogr]+gf	0,0194	2-8 = 0,0131	13,761*	0,01
3. [biogr]+er	0,0113	3-8 = 0,0050	5,209	
4. [biogr]+ah	0,0158	4-8 = 0,0095	9,942*	0,01
5. [biogr]+tg	0,0133	5-8 = 0,0070	7,308*	0,01
6. [biogr]+ho	0,0113	6-8 = 0,0050	5,209	
7. [biogr]+as	0,0061	7-8 = 0,0002	-	
8. [biogr]	0,0063			
9. [konserwatisme]+[biogr]	0,0366	9-13 = 0,0188	6,700*	0,02
10. [konserwatisme]+dt1	0,0215	10-13 = 0,0037	3,895	
11. [konserwatisme]+dt2	0,0180	11-13 = 0,0002	0,209	
12. [konserwatisme]+dg	0,0324	12-13 = 0,0146	15,542*	0,02
13. [konserwatisme]	0,0178			

Sleutel: [biogr=biografiese veranderlikes]; [dt1=taalgroep 1; dt2=taalgroep 2; dg=geslag]; [gf=godsdienstige fundamentalisme; er=etnosentrisme; ah=anti-hedonisme; tg=tienergedrag; ho=konformerende houding teenoor outoriteit; as=aandrang op straf/reëls]; [ ] dui die stelle veranderlikes aan

\*  $p \leq 0,01$

Die resultate in Tabel 6.10 dui eerstens aan dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 3,66% ( $R^2=0,0366$ ) van die variansie in **lewenstevredenheid** van die adolessente verklaar. Hierdie berekende  $R^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F_{9;1031}=4,354$ ].

Die resultate toon verder aan dat die stel konserwatismekomponente (gf, er, ah, tg, ho en as) 3,03% bydra tot  $R^2$  in die totale model van lewenstevredenheid [ $F(6/1030)=5,399$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Drie van die ses konserwatismekomponente, naamlik godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en tienergedrag, dra onderskeidelik



1,31%, 0,95% en 0,70% tot die verklarings van die variansie in lewensvredigheid van adolessente by. In al drie die gevalle is die bydraes op die 1%-peil beduidend.

Die stel biografiese veranderlikes (geslag en taalgroep) dra 1,88% tot  $R^2$  in die totale model van lewensvredigheid by [ $F(3/1030)=6,70$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Die biografiese veranderlike geslag dra alleen 1,46% tot die verklarings van die variansie in lewensvredigheid van adolessente by en hierdie bydrae is op die 1%-peil beduidend.

Na aanleiding van die riglynwaares van die verskillende effekgroottes, is dit vanuit Tabel 6.10 duidelik dat die bydrae van al die statisties beduidende voorspellers aanduidend van 'n klein effekgrootte is. Die hiërargiese regressie-ontleding se resultate rakende fortaliteit word in Tabel 6.11 verskaf.

**Tabel 6.11: Bydraes van die verskillende veranderlikes tot  $R^2$  vir fortaliteit**

Veranderlikes in ontleding	$R^2$	Bydrae tot $R^2$ : volledig minus verminderde model	F	$f^2$
1. [biogr]+[konserwatisme]	0,0724	1-8 = 0,0626	11,293*	0,07
2. [biogr]+gf	0,0420	2-8 = 0,0322	33,916*	0,03
3. [biogr]+er	0,0136	3-8 = 0,0038	3,887	
4. [biogr]+ah	0,0247	4-8 = 0,0149	15,414*	0,02
5. [biogr]+tg	0,0161	5-8 = 0,0063	6,457	
6. [biogr]+ho	0,0316	6-8 = 0,0218	22,715*	0,02
7. [biogr]+as	0,0136	7-8 = 0,0038	3,887	
8. [biogr]	0,0098			
9. [konserwatisme]+[biogr]	0,0724	9-13 = 0,0229	8,262*	0,02
10. [konserwatisme]+dt1	0,0505	10-13 = 0,0010	1,079	
11. [konserwatisme]+dt2	0,0522	11-13 = 0,0027	2,866	
12. [konserwatisme]+dg	0,0678	12-13 = 0,0183	19,749*	0,02
13. [konserwatisme]	0,0495			

Sleutel: [biogr=biografiese veranderlikes]; [dt1=taalgroep 1; dt2=taalgroep 2; dg=geslag]; [gf=godsdienstige fundamentalisme; er=etnosentrisme; ah=anti-hedonisme; tg=tienergedrag; ho=konformerende houding teenoor outoriteit; as=aandrag op straf/reëls]; [ ] dui die stelle veranderlikes aan

\*  $p \leq 0,01$

Eerstens kan gesien word dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 7,24% ( $R^2=0,0724$ ) van die variansie in **fortaliteit** van die adolessente verklaar. Hierdie berekende  $R^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F_{9,1004}=8,707$ ].

Voorts is dit duidelik dat die stel konserwatisme komponente (gf, er, ah, tg, ho en as) tot 6,26% van  $R^2$  in die totale model van fortaliteit bydra [ $F(6/1004)=11,293$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Drie van die ses konserwatisme komponente, naamlik godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en konformerende houding teenoor outoriteit, dra onderskeidelik 3,22%, 1,49% en 2,18% tot die verklaring van die variansie in fortaliteit van adolessente by. In al drie die gevalle is die bydraes op die 1%-peil beduidend.

Die stel biografiese veranderlikes (geslag en taalgroep) dra 2,29% tot  $R^2$  in die totale model van fortaliteit by [ $F(3/1004)=8,262$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Die biografiese veranderlike geslag dra alleen 1,83% tot die verklaring van die variansie in fortaliteit van adolessente by. Hierdie bydrae is op die 1%-peil beduidend.

Na aanleiding van die riglynwaardes van die verskillende effekgroottes, is dit vanuit Tabel 6.11 duidelik dat ook hierdie bydraes van die statisties beduidende voorspellers aanduidend van 'n klein effekgrootte is. Die hiërargiese regressie-ontleding se resultate rakende koherensiesin word in Tabel 6.12 verskaf.

Tabel 6.12: Bydraes van die verskillende veranderlikes tot R<sup>2</sup> vir koherensiesin

Veranderlikes in ontleding	R <sup>2</sup>	Bydrae tot R <sup>2</sup> : volledig minus verminderde model	F	p
1. [biogr]+[konserwatisme]	0,0600	1-8 = 0,0543	9,667*	0,06
2. [biogr]+gf	0,0217	2-8 = 0,0160	16,503*	0,02
3. [biogr]+er	0,0093	3-8 = 0,0036	3,667	
4. [biogr]+ah	0,0377	4-8 = 0,0320	33,554*	0,03
5. [biogr]+tg	0,0075	5-8 = 0,0018	1,830	
6. [biogr]+ho	0,0209	6-8 = 0,0152	15,665*	0,02
7. [biogr]+as	0,0044	7-8 = 0,0013	-	
8. [biogr]	0,0057			
9. [konserwatisme]+[biogr]	0,0600	9-13 = 0,0278	9,898*	0,03
10. [konserwatisme]+dt1	0,0333	10-13 = 0,0011	1,145	
11. [konserwatisme]+dt2	0,0326	11-13 = 0,0004	0,416	
12. [konserwatisme]+dg	0,0586	12-13 = 0,0264	28,214*	0,03
13. [konserwatisme]	0,0322			

Sleutel: [biogr=biografiese veranderlikes]; [dt1=taalgroep 1; dt2=taalgroep 2; dg=geslag]; [gf=godsdienstige fundamentalisme; er=etnosentrisme; ah=anti-hedonisme; tg=tienergedrag; ho=konformerende houding teenoor outoriteit; as=aandrang op straf/reëls]; [ ] dui die stelle veranderlikes aan

\*  $p \leq 0,01$

Die resultate in Tabel 6.12 dui eerstens aan dat al die voorspeller veranderlikes gesamentlik 6,00% ( $R^2=0,0600$ ) van die variansie in **koherensiesin** van die adolessente verklaar. Hierdie berekende  $R^2$ -waarde is op die 1%-peil beduidend [ $F_{9;1005}=7,124$ ].

Die resultate toon verder aan dat die stel konserwatisme komponente (gf, er, ah, tg, ho en as) 5,43% bydra tot  $R^2$  in die totale model van koherensiesin [ $F(6/1005)=9,667$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Wat die bydraes van elk van die konserwatisme komponente afsonderlik betref, is dit weer die drie komponente, naamlik godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en konformerende houding teenoor outoriteit wat 'n statistiese beduidende ( $p \leq 0,01$ ) bydrae tot koherensiesin lewer.

Hierdie drie komponente dra onderskeidelik 1,60%, 3,20% en 1,52% tot die verklaring van die variansie by.

Die stel biografiese veranderlikes (geslag en taalgroep) dra 2,78% tot  $R^2$  in die totale model van koherensiesin by [ $F(3/1005)=9,898$ ;  $p \leq 0,01$ ]. Die biografiese veranderlike, geslag, dra alleen 2,64% tot die verklaring van die variansie in koherensiesin van adolessente by en hierdie bydrae is op die 1%-peil beduidend.

Na aanleiding van die riglynwaardes van die verskillende effekgroottes, is dit vanuit Tabel 6.12 duidelik dat die bydrae van al die statisties beduidende voorspellers aanduidend van 'n klein effekgrootte is.

#### 6.4.1 OPSOMMING

Wat die voorspelling van die verskillende komponente van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) betref, is dit duidelik dat dit telkens die stel konserwatismekomponente is (en nie die stel biografiese veranderlikes nie) wat die grootste bydrae tot die verklaring van die variansies in al drie hierdie psigologiese welstandsfaktore lewer. Wat die spesifieke konserwatismekomponente betref, lewer twee komponente, naamlik **godsdiensstige fundamentalisme** en **anti-hedonisme**, statisties beduidende bydraes in die verklaring van die variansie vir **al drie die psigologiese welstandsfaktore**. Die konserwatismekomponent, **konformerende houding teenoor outoriteit**, lewer 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir twee van die psigologiese welstandsfaktore, naamlik **fortaliteit** en **koherensiesin**. Een van die konserwatismekomponente, naamlik **tienergedrag**, lewer 'n statisties beduidende bydrae in die verklaring van die variansie vir een van die psigologiese welstandsfaktore, naamlik **lewenstevredenheid**.

Verder is dit opvallend dat die biografiese veranderlike, **geslag**, ook ten opsigte van **al drie die psigologiese welstandsfaktore** 'n statisties beduidende bydrae lewer. Nie een van die **taalgroeperinge** het 'n statisties beduidende bydrae in die verklaring van die variansie vir die **drie welstandsfaktore** gelewer nie.

Bogenoemde bevindinge rakende die **konserwatisme komponente** sal in die lig van die bevindinge wat daarvoor in die literatuurstudie teëgekomp is, bespreek word.

- **Godsdienstige fundamentalisme se verband met koherensiesin**

Godsdienstige fundamentalisme maak staat op eksterne invloede en stimuli wat in 'n interne struktuur geïnternaliseer word. Hierdie stimuli sluit die kerk, asook kerklike leerstellings in. Godsdienstige fundamentalisme kan daartoe aanleiding gee dat die adolessent godsdiens as positief ervaar en kan daartoe lei dat die eksterne stimuli in die omgewing deur hierdie houding positief beïnvloed word. Hierdie beginsel sal inas by die teorie van Antonovsky (1987) wat in Hoofstuk 3 (kyk 3.3.1) bespreek is.

Die interne struktuur vir gedrag wat uit godsdienstige fundamentalisme voortspruit, kan ook bydra tot die dinamiese gevoel van sekerheid dat interne en eksterne omgewings gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar is. Die waarde-aspek van houdings kan ook positief tot bogenoemde gestruktureerdheid bydra. As gevolg van hierdie struktuur sal godsdienstige fundamentalisme ook die adolessent se sin van beheerbaarheid beïnvloed, terwyl die spirituele aspek van godsdienstige fundamentalisme positief tot die adolessent se persepsie van sinvolheid kan bydra.

- **Godsdienstige fundamentalisme se verband met lewenstevredenheid**

Aangesien daar reeds in die vorige bespreking aangedui is dat godsdienstige fundamentalisme 'n interne struktuur verskaf, kan aangeneem word dat die interne subjektiewe evaluering van lewenstevredenheid ook positief deur hierdie struktuur beïnvloed kan word.

- **Godsdienstige fundamentalisme se verband met fortaliteit**

In Hoofstuk 3 (kyk 3.3.3) is die positiewe beoordeling van fortaliteit aangedui ten opsigte van die self, gesin/familie en ondersteuning van ander. Aangesien godsdienstige fundamentalisme 'n internalisering van 'n eksterne proses insluit, kan dit daartoe aanleiding gee dat dit die evaluering van die self, gesin/familie en omgewing kan beïnvloed. Gesin/familiewaardes word gewoonlik deur kerklike instellings ondersteun, asook 'n positiewe selfevaluering en respek vir ander persone. Die internalisering van hierdie waardes kan 'n positiewe invloed op die evaluering van die self, gesin/familie en ondersteuning van ander uitoefen. Die ondersteuningsdimensie van fortaliteit kan ook positief deur die eksterne kerklike omgewing, wat sosiale kontak kan insluit, beïnvloed word.

- **Anti-hedonisme se verband met koherensiesin**

Anti-hedonisme word as 'n interne evalueringsproses aangedui. Eksterne gebeure sal volgens interne waardes geëvalueer word. 'n Kognitiewe besluit word gemaak om plesier as onweloweglik te sien en die gevolge van sekere gedragspatrone word ook vooraf geëvalueer. Dit dra dus by tot die strukturering van die stimuli in die eksterne omgewing van die adolessent wat kan bydra tot koherensiesin.

- **Anti-hedonisme se verband met lewenstevredenheid**

Soos reeds aangedui, is lewenstevredenheid 'n interne evalueringsproses wat deur die interne struktuur van anti-hedonisme positief beïnvloed kan word.

- **Anti-hedonisme se verband met fortaliteit**

Aangesien fortaliteit 'n sosiale aspek is, sal iemand wat konserwatief teenoor anti-hedonisme staan, die waardes van die gesin/familie en ander in die omgewing ondersteun en moontlik internaliseer. 'n Motiverende aspek betreffende hierdie ondersteuning kan ook die verkryging van erkenning wees.

- **Konformerende houding teenoor outoriteit se verband met koherensiesin**

Soos reeds in Hoofstuk 4 (kyk 4.3.4) aangedui is sal die konserwatiewe adolessent geneig wees om tot die samelewingsorde te konformeer. Hierdie konformering sal ook 'n konserwatiewe, konformerende houding teenoor outoriteit insluit. Konformerende houding teenoor outoriteit is oorwegend 'n eksterne proses van konformering, wat deur 'n persoon geïnternaliseer word. So iemand sal dus hierdie struktuur gebruik om die komponente van verstaanbaarheid en beheerbaarheid van koherensiesin te ondersteun.

- **Konformerende houding teenoor outoriteit se verband met fortaliteit**

Ten opsigte van fortaliteit sal die persoon wat meer konserwatief teenoor 'n konformerende houding teenoor outoriteit is, konformeer tot die waardes van die samelewing, wat die waardes van die gesin, familie en sosiale ondersteuning insluit. Hierdie konformering sal tot die positiewe evaluering van die gesin/familie en ondersteuning van ander kan bydra.

- **Tienergedrag se verband met lewenstevredenheid**

Die items wat tienergedrag weerspieël, toon ook 'n sterk ooreenkoms met anti-hedonisme (byvoorbeeld: Raveklubs en tatoeëring) (kyk 5.3.2.1.5). Anti-hedonisme is reeds as 'n interne evalueringproses, waardeur eksterne gebeure volgens interne waardes geëvalueer word, aangedui. Lewenstevredenheid as 'n interne evalueringproses sal dus ook deur die interne struktuur van konserwatisme rakende tienergedrag positief beïnvloed kan word.

## 6.5 SAMEVATTING

Die spesifieke doelwit van dié studie was om die bydrae van konserwatisme, sowel as enkele biografiese veranderlikes, tot die voorspelling van adolessente se vlakke van psigologiese welstand, meer spesifiek lewenstevredenheid, fortaliteit en

koherensiesin, te ondersoek. Hoewel dit die primêre doel van die studie was, is die vlakke van konserwatisme wat die onderskeie geslagte en taalgroepe openbaar, ook ondersoek. Die vernaamste bevindinge sal vervolgens bespreek word. Daar sal eerstens op die biografiese veranderlikes se invloed op die subskale van konserwatisme gefokus word waarna die subskale van konserwatisme as voorspellers van psigologiese welstand aandag sal geniet.

### 6.5.1 BIOGRAFIESE VERANDERLIKES SE INVLOED OP DIE SUBSKALE VAN KONSERWATISME

In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.1 & 2.5.7.2) is teenstrydighede gevind ten opsigte van **taal** en **kultuur** as voorspellers van konserwatisme. In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.2) is daar wel teoreties voorspel dat Afrikaanssprekendes moontlik meer konserwatief as hul Engelse landgenote kan wees. Dit is wel deur hierdie studie bevestig. By **Afrikaanssprekendes** in die ondersoekgroep het oor die algemeen hoër vlakke van konserwatisme as by die **Engels-** en **Afrikataalsprekendes** voorgekom.

In Hoofstuk 2 (kyk 2.5.7.1) is geslag as 'n goeie voorspeller van konserwatisme aangedui. Ook dit is deur hierdie studie bevestig. **Seuns** was meer konserwatief ten opsigte van **etnosentrisme**, terwyl **dogters** meer konserwatief was ten opsigte van **godsdienstige fundamentalisme**, **anti-hedonisme** en **tienergedrag**.

### 6.5.2 SUBSKALE VAN KONSERWATISME AS VOORSPELLERS VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND

Ten opsigte van die verband tussen die subskale van **konserwatisme** en die drie **psigologiese welstandsfaktore** is die volgende tendense gevind:

**Godsdienstige fundamentalisme** lewer 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir al drie die psigologiese welstandsfaktore, naamlik: **lewenstevredenheid**, **fortaliteit** en **koherensiesin**. 'n Positiewe verband tussen bogenoemde veranderlikes is ook aangedui. Daar kan dus afgelei word dat adolessente wat hoër vlakke van konserwatisme rakende godsdienstige



fundamentalisme openbaar, ook geneig sal wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.

**Anti-hedonisme** lewer 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir al drie die psigologiese welstandsfaktore, naamlik: **lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin**. 'n Positiewe verband tussen bogenoemde veranderlikes is ook aangedui. Daar kan dus afgelei word dat adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende anti-hedonisme openbaar, ook geneig sal wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.

**Konformerende houding teenoor outoriteit** lewer 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir twee van die psigologiese welstandsfaktore, naamlik: **fortaliteit en koherensiesin**. Ook hiervoor is 'n positiewe verband tussen bogenoemde veranderlikes aangedui. Adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende konformerende houding teenoor outoriteit openbaar, sal dus ook geneig wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.

**Tienergedrag** lewer 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir een van die psigologiese welstandsfaktore, naamlik: **lewenstevredenheid**. 'n Positiewe verband tussen bogenoemde veranderlikes is ook aangedui. Adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende tienergedrag openbaar, sal dus ook geneig wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid) te ervaar.

**Etnosentrisme** toon 'n negatiewe verband met die drie psigologiese welstandsfaktore. Adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende etnosentrisme openbaar, sal geneig wees om lae vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.

## 6.6 SAMESTELLING VAN 'N KONSERWATISMESKAAL VIR ADOLESSENTE

Na aanleiding van hierdie studie se bevindinge kan 'n eksploratiewe konserwatismeskaal vir adolessente daargestel word. Die benaming van hierdie skaal is die Konserwatismeskaal vir Adolessente. Hierdie skaal bestaan uit die 30 items van Tabel 5.2. Cronbach se  $\alpha$ -koëffisiënte vir die ses subskale is reeds in Tabel 5.3 weergegee. Die nasien en interpretasie vir hierdie skaal sal dieselfde wees as vir die Wilson en Patterson (1970) Konserwatismeskaal wat in Hoofstuk 5 (kyk 5.3.2.1.2) voorgehou is. 'n Moontlike aanbieding van hierdie Konserwatismeskaal vir Adolessente, word in Bylae C weergegee. Die subskale waaruit hierdie vraelys bestaan word in Bylae D gevind.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal die samevattings en gevolgtrekkings van hierdie studie weergegee word. Die navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 gestel is, sal as riglyne by die bespreking van die gevolgtrekkings en samevattings gebruik word. Die bydrae van hierdie studie, met spesifieke verwysing na die eienskappe van die meer konserwatiewe adolessent, asook die invloed van sekere van hierdie eienskappe op die adolessent se psigologiese welstand, sal dan weergegee word. Laastens sal aanbevelings vir verdere navorsing op grond van die huidige studie gemaak word.

### 7.2 NAVORSINGSVRAE

Soos reeds in Hoofstuk 1 gestel, is die **primêre navorsingsvraag** van hierdie studie as volg:

- Wat is die verband tussen **konserwatisme** en **psigologiese welstand** by **adolessente**?

Om bogenoemde vraag meer breedvoerig te beantwoord is die volgende **spesifieke navorsingsvrae** in Hoofstuk 1 gestel. Dit word hieronder beantwoord.

#### 7.2.1 WAT IS DIE TEORETIESE BESKRYWING VAN KONSERWATISME AS 'N KONSTRUK IN DIE LITERATUUR DAAROO?

Die algemeenste psigologiese definisies in die literatuur beskryf **konserwatisme** as 'n **sosiale houding** teenoor **verandering** (Kerlinger, 1984; Wilson, 1973). Vanuit die bevindinge uit die literatuurstudie daaroor en resultate van hierdie studie is die volgende definisie van konserwatisme saamgestel:

Psigososiale konserwatisme is 'n **sosiale houding** wat gekenmerk word deur die **internalisering** van die **dominante waardes** van die **sosiale omgewing** waarin 'n persoon funksioneer en sy/haar gedrag in ooreenstemming met samelewingsverwagtinge rig. Hierdie internaliseringsproses hou verband met 'n voorkeur vir **stabiliteit**, eerder as **verandering**. **Godsdienstige fundamentalisme**, **anti-hedonisme**, **konformerende houding ten opsigte van outoriteit**, **aandrag op streng reëls/strawwe**, asook **etnosentrisme** is deel van die **houdingsgroeperinge** wat by die meer konserwatiewe persoon voorkom.

### 7.2.2 WAT IS DIE TEORETIESE BESKRYWING VAN PSIGOLOGIESE WELSTAND AS 'N KONSTRUK IN DIE LITERATUUR DAARVOOR?

Psigologiese welstand is 'n **staat of toestand** wat gekenmerk word deur aspekte soos **koherensiesin**, **lewenstevredenheid**, **fortaliteit**, **coping**, **gehardheid**, **selfaktualisering**, **potensie** en **psigologiese weerbaarheid**. Dit is egter duidelik dat die begrip verder strek as slegs hierdie aspekte. In hierdie studie is **koherensiesin**, **lewenstevredenheid** en **fortaliteit** as bepalende aspekte van psigologiese welstand gebruik.

Psigologiese welstand word ook beïnvloed deur individuele eienskappe van 'n persoon, wat hoofsaaklik **spirituele**, **kognitiewe**, **emosionele** en **gedragsaspekte** insluit. Verskeie **omgewingsaspekte** speel 'n bepalende rol by psigologiese welstand en kan beskermings- of risikofaktore wees. Faktore soos **ouderdom**, **geslag** en **kultuur** is veranderlikes by psigologiese welstand.

Psigologiese welstand bestaan uit 'n **proses van weerbaarheid**, wat tot welstand bydra. In hierdie proses is stressore belangrik. Die wyse waarop 'n persoon stressore as uitdagings aanvaar en hanteer, speel 'n bepalende rol in sy/haar huidige en toekomstige psigologiese welstand.

### 7.2.3 WAT IS DIE INVLOED VAN KONSERWATISME OP PSIGOLOGIESE WELSTAND SOOS DIT IN DIE LITERATUUR DAAROO AANGEDUI WORD?

In hierdie studie is daar gevind dat daar nie reeds bestaande literatuur is wat bogenoemde vraag beantwoord nie. Die invloed van **houdings** (wat konserwatisme insluit) op psigologiese welstand is dus nog nie deur navorsing empiries beskryf nie.

Dit blyk egter asof daar teoreties aangevoer kan word dat die **kognitiewe, affektiewe, konatiewe** en **sosiale** aspekte van houdings psigologiese welstand wel kan beïnvloed. Daar is teoreties ook aangedui dat die **persoon-omgewing-interaksionele proses** van weerbaarheid, wat tot welstand lei, deur houdings beïnvloed kan word. In hierdie proses kan **kognitiewe prosesse** (wat persepsie en herstrukturering insluit) deur persone se houdings beïnvloed word. Verder is daar ook aangedui dat die kognitiewe, affektiewe, konatiewe en sosiale komponente van houdings ook sekere interne welstandsfaktore soos **morele redenering, probleemoplossings-vaardighede/beplanningsvermoë, gedrags-/sosiale vaardighede**, asook **emosionele stabiliteit en hantering** kan beïnvloed.

### 7.2.4 WAT IS DIE AARD EN ONTWIKKELINGSTAKE VAN ADOLESSENSIE, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE INVLOED VAN KONSERWATISME OP DIE ADOLESSENT EN DIE OMGEWINGSFAKTORE WAT PSIGOLOGIESE WELSTAND BY ADOLESSENTE BEÏNVLOED?

Die belangrikste **ontwikkelingstake** tydens adolessensie blyk die volgende te wees: ontwikkeling van volwasse verhoudinge met lede van beide geslagte, ontwikkeling van geslagsrolle, aanvaarding van veranderinge wat plaasvind ten opsigte van fisieke ontwikkeling, die soeke, aanleer en aanvaarding van sosiaal aanvaarbare en verantwoordelike gedrag, ontwikkeling van 'n eie waardesisteem, verkryging van onafhanklikheid vanaf die ouerlike subsisteem en ander volwassenes, keuse en voorbereiding tot 'n beroep, voorbereiding tot 'n huwelik/verhouding met gepaardgaande gesinsverantwoordelikhede en die aanleer van intellektuele vaardighede wat nodig is vir effektiewe funksionering. Die **suksesvolle afhandeling** van hierdie ontwikkelingstake sal 'n positiewe invloed op die adolessent se psigologiese welstand uitoefen (Kumpfer, 1999).

Die volgende eienskappe van die **meer konserwatiewe** adolessent sal 'n **positiewe invloed** op die afhandeling van bogenoemde ontwikkelingstake, en dus ook op **psigologiese welstand**, uitoefen:

- 'n Geneigdheid om tot die sosiale orde te **konformeer**.
- Die ontwikkeling van 'n sterk morele **waardesisteem**, wat **anti-hedonisme** insluit.
- 'n Geneigdheid om sy/haar eksterne en interne wêreld te **vereenvoudig**, te **struktureer** en te **kontroleer**.
- 'n Gerigtheid tot **godsdien**s.
- 'n Voorkeur vir **streng reëls en strawwe**.

'n Geneigdheid tot **etnosentrisme** wat by die meer konserwatiewe adolessent kan voorkom, kan egter die adolessent se psigologiese welstand negatief beïnvloed.

#### **7.2.5 WAT IS DIE EMPIRIESE VERBAND TUSSEN KONSERWATISME EN PSIGOLOGIESE WELSTAND BY ADOLESSENTE IN DIE ONDERSOEKGROEP VAN HIERDIE STUDIE?**

Wat die voorspelling van die verskillende komponente van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) betref, blyk dit dus asof **godsdienstige fundamentalisme** en **anti-hedonisme** statisties beduidende bydraes tot die verklaring van die variansie vir **al drie psigologiese welstandsfaktore** lewer. Die konserwatismekomponent, **konformerende houding teenoor outoriteit**, lewer 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir **fortaliteit** en **koherensiesin**. **Tienergedrag** toon 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir **lewenstevredenheid**.

Die volgende afleidings kan dus uit bogenoemde gemaak word:

- Adolessente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende **godsdienstige fundamentalisme** openbaar, sal geneig wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.

- Adollesente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende **anti-hedonisme** openbaar, sal geneig wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.
- Adollesente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende **konformerende houding teenoor outoriteit** openbaar, sal geneig wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.
- Adollesente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende **tienergedrag** openbaar, sal geneig wees om hoë vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid) te ervaar.
- Alhoewel die verband nie beduidend was nie, het **etnosentrisme** 'n negatiewe verband met die drie psigologiese welstandsfaktore getoon. Hieruit kan afgelei word dat adollesente wat hoë vlakke van konserwatisme rakende etnosentrisme openbaar, geneig sal wees om lae vlakke van psigologiese welstand (lewenstevredenheid, fortaliteit en koherensiesin) te ervaar.

Hierdie navorsing toon dus dat die teenwoordigheid van godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en 'n konformerende houding ten opsigte van outoriteit bydra tot die vlakke van psigologiese welstand by die adollesent. Hierdie gevolgtrekking is dus **teenstrydig** met bevindinge wat in die literatuurstudie teegekem is en in Hoofstuk 2 (kyk 2.5.8) weergegee is, wat beweer dat die teenwoordigheid van eienskappe van konserwatisme die aanpassing van die individu negatief beïnvloed.

Hierdie gevolgtrekking moet ook egter in die konteks van die Suid-Afrikaanse adollesent gesien word (kyk Hoofstuk 1; 1.2), wat as gevolg van verskillende faktore onder verskeie stressore geplaas word. Konserwatiewe houdings lei daartoe dat persone hul eksterne en interne wêreld **vereenvoudig, struktureer en kontroleer**. Konserwatiewe houdings kan dus dien as interne struktuur, waarvolgens persone hul

gedrag rig. Hierdie interne struktuur (wat godsdienstige fundamentalisme, anti-hedonisme en konformerende houding ten opsigte van outoriteit insluit) kan vir die persoon wat bedreiging ervaar, veiligheid verskaf en dus bydra tot sy/haar psigologiese welstand.

#### 7.2.6 WATTER ROL SPEEL GESLAG EN TAALGROEPERING AS VOORSPELLERVERANDERLIKES IN DIE VERBAND TUSSEN KONSERWATISME EN PSIGOLOGIESE WELSTAND BY ADOLESSENTE IN DIE ONDERSOEKGROEP VAN HIERDIE STUDIE?

Ten opsigte van die biografiese veranderlikes toon **geslag** statisties beduidende bydraes tot die verklaring van die variansie vir **al drie die psigologiese welstandsfaktore** (koherensiesin, lewenstevredenheid en fortaliteit). **Taalgroepering** het nie 'n statisties beduidende bydrae tot die verklaring van die variansie vir enige van die **drie psigologiese welstandsfaktore** gelewer nie.

### 7.3 DIE BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE

'n Belangrike bydrae van hierdie studie is dat literatuur oor konserwatisme en houdings ten opsigte van verandering gesistematiseer en geëvalueer is. Die studie bevind ook dat die volgende karaktereienskappe van die meer konserwatiewe adolessent en die invloed van sommige van hierdie eienskappe op sy/haar psigologiese welstand, die volgende is:

- Die meer konserwatiewe adolessent sal **verandering** in die sosiale en politieke omgewing **teenstaan**. Indien die adolessent verander, sal die veranderingsproses stadig plaasvind.
- Die konserwatiewe adolessent sal 'n **gerigtheid tot godsdienstige fundamentalisme** toon, wat sy/haar psigologiese welstand positief kan beïnvloed.



- 'n Geneigdheid tot **etnosentrisme** ten opsigte van kulturele en rassegroepering kan die meer konserwatiewe adolessent se gedrag ten opsigte van sosialisering rig. Etnosentrisme se invloed op die psigologiese welstand van die adolessent is oorwegend negatief.
- **Wetsgehoorsaamheid** en die ondersteuning van die bestaande orde sal bydra tot 'n geneigdheid om tot die status quo te konformeer. Internalisering van die samelewingswaardes en eienskappe van die outoritêre persoonlikheid, wat respek en **onderdanig aan outoriteit** insluit, kan ook tot konformering bydra. Dit kan ook aanleiding gee tot 'n aandrang op strenger strawwe. Die adolessent wat 'n meer konserwatiewe houding teenoor outoriteit openbaar, kan 'n groter mate van psigologiese welstand ervaar.
- 'n **Sterk morele waardesisteem**, wat **anti-hedonisme** insluit, word deur die meer konserwatiewe adolessent ondersteun. Hoe meer konserwatisme 'n adolessent ten opsigte van anti-hedonisme openbaar, hoe groter is die mate van psigologiese welstand wat hy/sy kan ervaar.
- Meer konserwatiewe adolessente toon 'n geneigdheid om hul eksterne en interne wêreld te vereenvoudig, te **struktureer** en te **kontroleer**. Indien hierdie struktuur nie rigied is nie, kan dit daartoe bydra dat die adolessent sosiale aspekte en situasies eers goed sal deurdink, voor daar opgetree word. Die meer konserwatiewe adolessent sal dus **nie impulsief** wees nie.

## 7.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Dit word aanbeveel dat verdere navorsing oor die volgende gedoen word:

- Die invloed van konserwatisme op die psigologiese welstand van **volwassenes** kan ondersoek word. Die resultate kan dan met die resultate van die hierdie studie vergelyk word.

- Die ontwikkeling van 'n **program** om die positiewe houdingsgroeperinge van konserwatisme onder adolessente te bevorder. Dit sluit 'n vermeerdering in houdings teenoor anti-hedonisme, asook 'n positiewe houding teenoor outoriteit in. Die vermindering van etnosentrisme kan ook aandag geniet.
- Die invloed van **ander sosiale houdings** (veral ten opsigte van verandering) op psigologiese welstand kan ondersoek word, met spesifieke verwysing na radikale, liberale, gematigde en reaksionêre houdings.
- Verdere **standaardisering** van die Konserwatismeskaal vir Adolessente kan onderneem word. Die terapeutiese aanwending van hierdie skaal, asook die gebruik daarvan in beroepsvoorligting, kan ook nagevors word.
- Die literatuurstudie oor **psigologiese welstand** toon 'n gebrek aan navorsing oor die **prosesse** wat tot welstand bydra. Verdere navorsing hieroor kan moontlik lei tot 'n beter verstaan van psigologiese welstand.
- Die verband tussen kognitiewe buigbaarheid en konserwatisme kan ook nagevors word.

## BRONNELYS

- Adkins, B. (2000). Half of all teen boys doomed. *Eastern Province Herald*, 16 September, p. 5.
- Adorno, T.W., Frenkel-Brunswik, E., Levinson, D.J. & Sanford, R.N. (1950). *The authoritarian personality*. New York: Harper & Row.
- Allport, G.W. (1935). Attitudes. In C. Murchison (Ed.), *A handbook of social psychology* (pp. 796-834). Worcester, MA: Clark University Press.
- Altemeyer, B. (1988). *Enemies of freedom: Understanding right-wing authoritarianism*. San Francisco: Jossey-Bass.
- ANC in the Provinces. (2001, May 3). *Weekly Mail and Guardian*, p. 10.
- Anderson, H. (1995). Collaborative language systems: Toward a post-modern therapy. In R.H. Mikesell, D. Lusterman & S.H. McDaniel (Eds), *Integrating family therapy* (pp. 27-44). Washington: APA.
- Anderson, H. & Goolishian, H. (1988). Human systems as linguistic systems: Preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Journal of Family Process*, 27(4), 371-394.
- Anthony, E.J. (1987). Risk, vulnerability and resilience: An overview. In E.J. Anthony & B. Cohler (Eds), *The invulnerable child*. (pp. 3-48). New York: The Guilford Press.
- Antonovsky, A. (1979). *Health, stress and coping*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Antonovsky, A. (1987). *Unraveling the mystery of health: How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass.

- Antonovsky, A. (1991). The structural sources of salutogenic strengths. In C.L. Cooper & R. Payne (Eds), *Personality and stress: Individual differences in the stress process* (pp. 67-104). New York: Wiley & Sons.
- Antonovsky, A. (1993). *Salutogenesis: The sense of coherence newsletter*, 7. Beer-Sheva: BenGurion University of the Negev.
- Apartheid laws crumble as Bill passed. (1991, June 6). *The Argus*, p. 8.
- Badinter, R. (2001). Death be not proud. *Time*, 157(20), 32.
- Bandura, A. (1989). Human agency in social cognitive theory. *American Psychologist*, 44(9), 1175-1184.
- Baradat, L.P. (1979). *Political ideologies: Their origins and impact*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Baradat, L.P. (1991). *Political ideologies*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Barber, J. (1999). *South Africa in the twentieth century: A political history*. Oxford: Blackwell.
- Barling, J.I. & Evans, I.M. (1978). *Multidimensional psychological conservatism in South Africa: The case of an authoritarian culture*. Unpublished manuscript, University of the Witwatersrand, Johannesburg.
- Bar-On, R. (1997). *BarOn Emotional Quotient Inventory Technical Manual*. Toronto, Canada: Multi-Health Systems Inc.
- Becoña, E. (1985). Relations among conservatism scales. *Journal of Personality and Social Psychology*, 125(6), 795-796.

- Becoña, E. & Gomez-Durán, B. (1985). Spanish children's Scale of Social Attitudes. *Journal of Personality and Social Psychology*, 126(2), 255-256.
- Bee, H. (1995). *The developing child* (7<sup>th</sup> ed.). New York: HarperCollins College Publishers.
- Bem, D.J. (1967). Self-perception: An alternative interpretation of cognitive dissonance phenomena. *Psychological Review*, 74, 183-200.
- Bem, D.J. (1972). Self-perception theory. In L. Berkowitz (Ed.), *Advances in experimental psychology* (pp.1-62). New York: Academic Press.
- Ben-Sira, Z. (1985). Potency: A stress-buffering link in the coping-stress-disease relationship. *Social Science and Medicine*, 21, 397-406.
- Berard, R., Sennett, J. & Nazeema, A. (1998). Pathways of mental health care among South African adolescents. *Adolescence*, 33(130), 405.
- Berk, L.E. (1994). *Child development* (3<sup>rd</sup> ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Berling, J. & Fincham, F. (1979). Cultural and sexual effects on psychological conservatism. *Journal of Social Psychology*, 107, 15-21.
- Bernzweig, J., Eisenberg, N. & Fabes, R.A. (1993). Children's coping in self-and other relevant contexts. *Journal of Experimental Child Psychology*, 55, 208-226.
- Beukes, R.B.I. (1994). *Die geestesgesondheid van swart Hoërskoolleerlinge in die Oranje-Vrystaat*. Ongepubliseerde PhD verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Blau, G.M. & Gullotta, T.P. (1996). *Adolescent dysfunctional behaviour: Causes, interventions and prevention*. London: Sage.

Blinken, A.J. (2001). Listen to the people. *Time*, 157(20), 33.

'Blye oomblik' toe apartheid verder sterf. (1991, Junie 6). *Die Burger*, p. 1.

Boshier, R. (1969). A study of the relationship between self-concept and conservatism. *Journal of Personality and Social Psychology*, 77, 139-140.

Boshier, R. (1973). Conservatism within families: A study of the generation gap. In G.D. Wilson (Ed.), *The psychology of conservatism* (pp. 209-223). New York: Academic Press.

Bowman, B.J. (1996). Cross-cultural validation of Antonovsky's sense of coherence. *Journal of Clinical Psychology*, 52(5), 547-549.

Brainard, C.J. (1978). *Piaget's theory of intelligence*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.

Briscoe, M. (1982). Sex differences in psychological well-being. *Psychological Medicine, Monograph Supplementary*, Cambridge: University Press.

Brits, E. (2001). Dwelms al gewilder by jong mense. *Die Burger*, 10 Mei, p. 2.

Buckley, W.F. (1992). Towards a definition of conservatism. *National Review*, 44(16), 17.

Bukatko, D. & Daehler, M.W. (1992). *Child development: A topical approach*. Boston: Houghton Mifflin.

Burns, R.B. (1988). *The self concept in theory, measurement, development and behaviour*. London: Longman.

Calder, B.J. & Ross, M. (1973). *Attitudes and behaviour*. New Jersey: General Learning Press.

- Calhoun, E. & Friel, L.V. (2001). Adolescent sexuality: Disentangling the effects of family. *Journal of Marriage and the Family*, 63(3), 669-682.
- Cheung, C. & Kwok, S. (1996). Conservative orientation as a determinant of hopelessness. *Journal of Social Psychology*, 136(3), 333.
- Clouse, B. (1985). *Moral Development*. Michigan: Baker Book House.
- Cohen, J. (1988). *Statistical power analysis for the behavioural sciences* (2<sup>nd</sup> ed.). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Comment. (1991, July 1). *Sowetan*, p. 8.
- Concern over high youth suicide rate. (2000, November 4). *The Leader*, p. 5.
- Cruse, R., Nicholas, D.R., Gobble, D.C. & Frank, B. (1992). Gender and wellness: A multidimensional systems model for counselling. *Journal of Counselling and Development*, 71, 149-156.
- Deane, N & Maphumulo, N. (2000). 'It will not happen to us'. *Mail & Guardian*, 17 September, p. 10.
- Deaux, K., Dane, F.C. & Wrightsman, L.S. (1993). *Social psychology in the 90's*. California: Brooks/Cole Publishing Company.
- De Lange, J. (2001). Sterftes onder jonges in Jhb skiet die hoogte in. *Beeld*, 21 Februarie, p. 5.
- Demos, E.V. (1989). Resiliency in infancy. In T.F. Dugan & R. Coles (Eds), *The child in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 3-22). New York: Brunner/Mazel.

- Dickson-Tetteh, K. & Ladha, S. (2000). Youth Health. *South African Health Review*, Chapter 20. Retrieved November 23, 2001 from the World Wide Web: <http://www.hst.org.sa/sahr/2000/chapter20.html>
- Diener, E. (1984). Subjective well-being. *Psychological Bulletin*, 95(3), 542-575.
- Diener, E., Emmons, R.A., Larsen, R.J. & Griffen, S. (1985). The Satisfaction with Life Scale. *Journal of Personality Assessment*, 49, 71-75.
- Doll, B. & Lyon, M.A. (1998). Risk and resilience: Implications for the delivery of educational and mental health services in schools. *School Psychology Review*, 27(3), 348-366.
- Dreyer, P.S. (1977). *Afrikaner-liberalisme*. Pretoria: Boekenhout-Uitgewers.
- Duncan, N. (1996). Discourses on public violence and the reproduction of racism. *South African Journal of Psychology*, 26(3), 172-179.
- Dunn, D. (1994). *Resilient reintegration of married women with dependent children: Employed and unemployed*. Doctoral dissertation, Department of Health Education, University of Utah, Salt Lake City, Utah.
- Dusek, J. (1991). *Adolescent development and behaviour* (2<sup>nd</sup> ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- EC Sadtu sceptical about matric pass rate. (2001, July 31). *Daily Dispatch*, p. 3.
- Engelbrecht, E. (1997). Boendoehof vat wet in eie hand. *Rapport*, 9 Maart, p. 13.
- Engle, P.L., Castle, S. & Menon, P. (1996). Child development: Vulnerability and resilience. *Soc. Sci. Meet.*, 43(5), 621-635.
- Erikson, E. (1968). *Identity: Youth and crisis*. New York: Norton.



- Erikson, E. (1974). *Identity: Youth and crisis*. London: Faber & Faber.
- Esterhuyse, W.P. (1982). *Die pad van hervorming*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.
- Feather, N.T. (1975a). Factor structure of the Conservatism scale. *Australian Psychologist*, 10, 179-184.
- Feather, N.T. (1975b). *Values in education and society*. New York: Macmillan Publishing Company, Inc.
- Feather, N.T. (1979). Value correlates of conservatism. *Journal of Personality and Social Psychology*, 37, 1617-1630.
- Feather, N.T. (1980). Conservatism, acquiescence, and the effects of sample heterogeneity. *Australian Psychologist*, 32(1), 11-16.
- Ferguson, M. (2000). High times for SA teens. *Mail & Guardian*, 25-31 August, p. 11.
- Festinger, L. (1957). *A theory of cognitive dissonance*. Illinois: Row Peterson.
- Figures show South-Africa is a violent society. (2001, August 9). *Daily Dispatch*, p. 1.
- Fishbein, M. & Ajzen, I. (1975). *Belief, attitude, intention and behaviour: An introduction to theory and research*. Reading, MA: Addison-Wesley.
- Foster, J.J. & Parker, I. (1999). *Carrying out investigations in psychology: Methods and statistics*. Leicester: BPS Books.

- Fowler, B.A. (1989). The relationship of body image perception and weight status to recent change in weight status of the adolescent female. *Adolescence*, 24(95), 557-567.
- Fried, M. (1982). Endemic Stress: The psychology of resignation and the politics of scarcity. *American Journal of Orthopsychiatry*, 52, 4-19.
- Furnham, A. (1990). *The Protestant work ethic: The psychology of work-related beliefs and behaviours*. London: Routledge.
- Garmezy, N. & Masten, A.S. (1986). Stress, competence, and resilience: Common frontiers for therapist and psychopathologist. *Behaviour Therapy*, 57(2), 159-174.
- George, L.K., Larson, D.B., Koenig, H.G. & McCullough, M.E. (2000). Spirituality and health: What we know, what we need to know. *Journal of Social and Clinical Psychology*, 19(1), 102-115.
- Getzels, J.W. (1990). Creativity. In R.M. Thomas (Ed.), *The encyclopaedia of human development and education theory, research, and studies* (pp. 291-296). New York: Pergamon Press.
- Gilbert, M. (1982). The Conservatism Scale and theologically conservative pastors. *Psychological reports*, 50, 545-546.
- Gonsalves, S. & Bernard, G. (1985). The relationship between parental social class and endorsement of items on the protestant ethic and conservatism scales. *Psychological Reports*, 57, 919-922.
- Goodwin, D.W. (1986). Alcoholism and genetics. *Archives of General Psychiatry*, 42, 171-174.

- Gordon, E.W. & Song, L.D. (1994). In M.C. Wang & E.W. Gordon (Eds), *Educational resilience in inner-city America* (pp. 27-43). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Gouws, S.J.L. & Botha, P.P. (1989). Beroepsbeeldtendense by die intellektueel hoogbegaafde adolessent. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 9(4), 669-673.
- Green, D.E., Reynolds, N.S.M., Walkey, F.H. & McCormick, I.A. (1988). The Conservatism Scale: In search of a replicable factor structure. *Journal of Social Psychology*, 128(4), 507-516.
- Grobler, A.A. (1983). *The effect of a learning development programme on the academic functioning of the adolescent*. Unpublished dissertation, University of the Free State, Bloemfontein.
- Grotberg, E.H. (1997). *The International resilience research project*. Unpublished paper, Civitan International Research Centre.
- Gunning, E. (2000). Konserwatiewe party ontbind. *Rapport*, 9 April, p. 4.
- Gunning, E. (2001). Rasse in SA bly sku vir mekaar. *Rapport*, 2 September, p. 17.
- Hanekom, T.N. (1965). *Die liberalisme in ons land*. Johannesburg: Suid-Afrikaanse Uitsaai Korporasie.
- Hart, H. (1978). *Konserwatisme: 'n Goue kalf*. Bloemfontein: Keur Drukkers.
- Hauser, S.T., Vieyra, M.A., Jacobson, A.M. & Wertlieb, D. (1989). Family aspects of vulnerability and resilience in adolescence: A theoretical perspective. In T.F. Dugan & R. Coles (Eds), *The child in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 109-133). New York: Brunner/Mazel, Inc.
- Havinghurst, R.J. (1972). *Developmental tasks and education*. New York: McKay.

- Heaven, P. (1978). The social attitudes of a group of South African children. *South African Journal of Psychology*, 8, 30-34.
- Heaven, P. (1979). The internal consistency of Wilson's Conservatism Scale. *Journal of Social Psychology*, 109, 143-144.
- Heaven, P. (1982). *Houdings*. Pretoria: Human & Rousseau Uitgewers.
- Heaven, P. (1994). *Contemporary adolescence: A social psychological approach*. Melbourne: Macmillan.
- Heaven, P. (1996). *Adolescent health: The role of individual differences*. London: Routledge.
- Henningham, J.P. (1996). A 12-item scale of social conservatism. *Personality and Individual Differences*, 20, 517-519.
- Herbert, T.P. (1996). Portraits of resilience: The urban life experiences of gifted Latino young men. *Roeper Review*, 19(2), 82-95.
- Hightower, E. (1988). Four illustrations of healthy personality: A prescription for living the good life. *Journal of Clinical Psychology*, 44(4), 527-535.
- Himmelfarb, S. & Eagly, A.H. (1974). *Readings in attitude change*. New York: Wiley.
- Honderich, T. (1990). *Conservatism*. London: Hamish Hamilton Ltd.
- Hovland, C.I., Janis, I.L. & Kelly, H.H. (1953). *Communication and persuasion*. New Haven: Yale University Press.
- Hugo, P. & Kotzé, H. (1983). *Suid-Afrika: Oorlewing in politieke perspektief*. Braamfontein: Jonathan Ball Uitgewers.

- Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Halfweghuis: Southern.
- Huysamen, G.K. (1996). *Sielkundige meting: 'n Inleiding*. Pretoria: Van Schaik.
- Jacobs, J. & Wolin, S. (1991). *Resilient children growing up in alcoholic families*. Paper presented at National Consensus Symposium on Children of Alcoholics and Co-Dependence.
- Jennrich, R.I. & Sampson, P.F. (1966). Rotation for simple loadings. *Psychometrika*, 31, 313-323.
- Joe, V.C. (1974). Personality correlates of conservatism. *Journal of Social Psychology*, 93, 309-310.
- Joe, V.C. (1984). Factor analysis of the Conservatism Scale. *Journal of Social Psychology*, 124, 175-178.
- Jonker, K. (2000). Eenheid, nie ontbinding. *Patriot*, 14-27 April, p. 4.
- Jooste, C.B. (1989). *'n Vergelykende studie rakende die invloed van verskillende wyses van leerontwikkeling op akademiese gedrag*. Ongepubliseerde M.A. verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Kaiser, H.F. (1958). The varimax criterion for analytic rotation in factor analysis. *Psychometrika*, 23, 187-200.
- Kasriels, R. (1995). The South African army. *African Security review*, 4(1), 2-5.
- Katz, D. (1960). The functional approach to the study of attitudes. *Public Opinion Quarterly*, 24, 163-204.

- Katz, Y. (1987). Conservatism of South African whites. *Journal of Social Psychology*, 127(3), 215-217.
- Katz, Y. (1988). Conservatism of Israeli Arabs and Jews. *Journal of Social Psychology*, 128(5), 695-696.
- Katz, Y. (1989). Conservatism of Israeli Junior High School students: Interethnic differences. *Psychological Reports*, 65, 635-641.
- Katz, Y. & Ronen, M. (1986). A cross-cultural validation of the Conservatism Scale in a multi-ethnic society: The case of Israel. *Journal of Social Psychology*, 126(4), 555-557.
- Kaufman, J. & Zigler, E. (1989). The intergenerational transmission of child abuse. In D. Cicchetti & V. Carlson (Eds), *Child maltreatment: Theory and research on the causes and consequences of child abuse and neglect* (pp.129-150). Cambridge: Cambridge University Press.
- Keeton, C. (1995). Corporal punishment must go. *Sowetan*, 21 July, p. 1.
- Kelly, D.M. (1988). *Why conservative churches are growing*. Macon, Georgia: Mercer University Press.
- Kerlinger, F.N. (1984). *Liberalism and conservatism: The nature and structure of social attitudes*. Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Kirton, M.J. (1978). Wilson & Patterson's Conservatism Scale: A shortened alternative form. *British Journal of Social and Clinical Psychology*, 17, 319-323.
- Klitsch, M. (1994). Behaviour change and AIDS. *Family Planning Perspectives*, 26(1), 2-6.

- Knapp, R.R. (1976). *Handbook for the Personal Orientation Inventory*. San Diego: EDITS.
- Kobasa, S.C. (1979). Stressful life events, personality, and health: An inquiry into hardiness. *Journal of Personality and Social Psychology*, 37(1), 1-11.
- Kohlberg, L. (1975). A cognitive-developmental approach to moral education. *Phi Delta Kappan*, 56(10), 610-640.
- Kohlberg, L. (1984). *The psychology of moral development*. San Francisco: Harper & Row.
- Kohn, M. & Golden, N.H. (2001). Eating disorders in children and adolescents: Epidemiology, diagnosis and treatment. *Paediatric Drugs*, 3(2), 91-100.
- Kotzé, H. & van Wyk, J. (1986). *Politieke konsepte*. Pretoria: Lex Patria.
- Kumpfer, K.L. (1999). Factors and processes contributing to resilience. In M.D. Glantz & J.L. Johnson (Eds), *Resilience and development: Positive life adaptations* (pp. 179-224). New York: Kluwer Academic/Plenum Publishers.
- Lakoff, S. (1998). Tocqueville, Burke, and the origins of liberal conservatism. *Review of Politics*, 60(3), 435-464.
- Laljee, M., Brown, L.B. & Ginsburg, G.P. (1984). Attitudes: Disposition, behaviour or evaluation? *British Journal of Social Psychology*, 23, 233-244.
- Land Group Areas Act go. (1991, June 6). *The Citizen*, p. 1.
- Lazarus, R.L. & Folkman, S. (1984). *Stress, appraisal and coping*. New York: Springer.

- Loeber, R. & Farrington, D.P. (1998). *Serious and violent juvenile offenders: Risk factors and successful interventions*. Beverley Hills, CA: Sage.
- Long, J.V.F. & Valliant, G.E. (1984). Natural history of male psychological health XI: Escape from the underclass. *American Journal of Psychiatry*, 141, 341-346.
- Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1998). *Human development* (2<sup>nd</sup> ed.). Pretoria: Kagiso.
- Louw, S. (2000). Daar is hoop vir X'ers... die hoop van die evangelie. *Kerkbode*, 12, 10.
- Luthar, S. (1991). Vulnerability and resilience: A study of high-risk adolescents. *Child Development*, 62, 600-616.
- Luthar, S.S. & Zigler, E. (1991). Vulnerability and competence: A review of research on resilience in childhood. *American Journal of Orthopsychiatry*, 61, 6-22.
- Luthar, S.S. & Zigler, E. (1992). Intelligence and social competence among high-risk adolescents. *Development and Psychopathology*, 4, 287-299.
- Maas, F. (1998). *Research methods and statistics in occupational therapy*. Queensland, Australia: University of Queensland.
- Macleod, C. (1999). The 'causes' of teenage pregnancy. *South African Journal of Psychology*, 29(1), 8-9.
- Madsen, K.B. (1988). *A history in meta-scientific perspective*. Amsterdam: North Holland.
- Maltby, J. (1997). The concurrent validity of a short measure of social conservatism among English students. *Personality and Individual Differences*, 23(5), 901-903.



- Maltby, J. & Price, J. (1999). Conservatism and defence style. *Journal of Genetic Psychology*, 160(4), 389.
- Marcia, J.E. (1980). Identity in adolescents. In J. Adelson (Ed.), *Handbook of adolescent psychology* (pp. 159-187). New York: Wiley.
- Maslow, A.H. (1954). *Motivation and personality*. New York: Harper.
- Maslow, A.H. (1968). *Toward a psychology of being*. New York: Harper.
- Masten, A.S. (1994). Resilience in individual development: Successful adaptation despite risk and adversity. In M.C. Wang & E.W. Gordon (Eds), *Educational resilience in inner-city America* (pp. 3-25). Hillsdale, NJ: Erlbaum.
- Masten, A.S., Best. K.M. & Garmezy, N. (1990). Resilience and development: Contributions from the study of children who overcome adversity. *Development and Psychopathology*, 2, 425-444.
- Masten, A.S. & Coatsworth, J.D. (1998). The development of competence in favourable and unfavourable environments: Lessons from research on successful children. *American Psychologist*, 53(2), 205-220.
- Matyu, J. (2001). Warning on AIDS for youth. *Eastern Province Herald*, 11 April, p. 11.
- Mayer, J.D., DiPalo, M. & Salovey, P. (1990). Perceiving affective content in ambiguous visual stimuli: A component of emotional intelligence. *Journal of Personality Assessment*, 54(3-4), 772-781.
- Mdolomba, P. (2001). Maclean urges new approach to fighting AIDS. *Daily Dispatch*, 28 June, p. 1.

- Mehrabian, A. (1996). Relations among political attitudes, personality and psychopathology assessed with new measures of libertarianism and conservatism. *Basic and Applied Social Psychology*, 18(4), 469-491.
- Meichenbaum, D. & Turk, D. (1982). Stress, coping and disease: a cognitive-behavioural perspective. In R.W.J. Neufeld (Ed.), *Psychological Stress and Psychopathology* (pp. 289-305). New York: Mc Graw-Hill.
- Meyer, J. & Ndiyane, E. (2001). Rise in child suicide cases: Poverty, peer pressure and AIDS cited. *Daily news*, 10 August, p. 3.
- Morris, M. & Tromp, B. (2001). Colour-blind in the classroom. *Cape Argus*, 2 August, p.16.
- Muller, J.Z. (2000). Dilemmas of conservatism. *Public Interest*, 139, 50.
- Mussen, P.H., Conger, J.J. & Kagan, J.J. (1990). *Child development and personality*. New York: Harper & Row.
- Myers, D.G. (1993). *Social Psychology* (4<sup>th</sup> ed.). New York: McGraw-Hill, Inc.
- Myers, D.G. & Diener, E. (1996). The pursuit of happiness. *Scientific American*, 274(5), 54-56.
- Mzimba, S. (2001). AIDS 'killing off' learners: Big drop in Transkei school numbers. *Daily Dispatch*, 11 June, p. 2.
- Nazario, T.A. (1994). What parents should know about teenage suicide. *Child Welfare Report*, 2(6), 1-8.
- Ndiyane, E. (2000). Long way to go, says Asmal. *Daily News*, 20 October, p. 2.

- Neethling, M.L. (1995). *VIGS-voorigting binne 'n multikulturele onderwysbestel*. Ongepubliseerde PhD verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Neiger, B. (1991). *Resilient reintegration: Use of structural equations modelling*. Unpublished doctoral dissertation, University of Utah, Salt Lake City, Utah.
- Nell, M.D. (1992). *Die invloed van die kruiskulturele onderwyssituasie op lektore en studente verbonde aan 'n tegniese kollege*. Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Newman, B.M. & Newman, P.R. (1995). *Development through life: A psychosocial approach*. Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.
- Ngakane, L. (1997). We'll teach you a lesson today. *City Press*, 13 July, p. 14.
- Ngcai, S. (1997). Sparing the cane is spoiling the child. *Cape Argus*, 26 June, p. 14.
- Nias, D.K.B. (1973). Measurement of the structure of children's attitudes. In G.D. Wilson (Ed.), *The Psychology of conservatism* (pp. 93-113). New York: Academic Press.
- Nieuwoudt, C.F., Olivier, G.C. & Hough, M. (1979). *Die politieke stelsels van Suid-Afrika*. Pretoria: Academica .
- Nieuwoudt, J.M. & Nel, E.M. (1975). The relationship between ethnic prejudice, authoritarianism and conformity among South African students. In S.J. Morse & C. Orpen (Eds), *Contemporary South Africa: Social psychological perspectives* (pp. 91-102). Cape Town: Juta & Co.
- Nissani, M. (1994). Conceptual conservatism: An understated variable in human affairs? *Social Science Journal*, 31(3), 307.

NP se lang kronkelpad van 'smelters' tot nou. (2000, Junie 22). *Beeld*, p. 6.

Nyanzi, S., Pool, R. & Kinsman, J. (2001). The negotiation of sexual relationships among school pupils in south-western Uganda. *AIDS Care*, 13(1), 83-99.

Oakland, J.A., Freed, F., Lovekin, A., Davis, J.P. & Camerelli, R. (1978). A critique of Shostrom's Personal Orientation Inventory. *Journal of Humanistic Psychology*, 18(2), 75-85.

Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. (1984). *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Johannesburg: Perskor.

Oetting, E.R. & Beauvais, F. (1990). Orthogonal cultural identification theory: The cultural identification of minority adolescents. Colorado State University, Fort Collins, CO. In press: *International Journal of the Addictions*.

Papalia, D.E. & Olds, S.W. (1995). *Human development* (6<sup>th</sup> ed.). New York: McGraw-Hill.

Pavot, W. & Diener, E. (1993). Review of the Satisfaction with Life Scale. *Psychological Assessment*, 5, 164-172.

Pelser, W. (2001). Groter druk op M'langa se wit skole. *Rapport*, 5 Augustus, p. 10.

Perls, F. (1971). *In and out of the garbage pail*. Bantam: New York.

Peterson, C.P. & Bossio, L.M. (1991). *Health and optimism*. New York: Free Press.

Piaget, J. (1972). *Biology and knowledge*. Chicago: University of Chicago Press.

Piaget, J. (1977). *The origin of intelligence in the child*. London: Penguin.

Planning needed to curb AIDS. (2001, July 31). *Daily Dispatch*, p. 3.

Plug, C., Louw, D.A., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. (1997). *Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek* (3<sup>de</sup> uitgawe). Johannesburg: Heinemann.

Potter, J. (1996). *Representing reality: Discourse, rhetoric and social construction*. London: Sage.

Pretorius, J. (1995). Integration, rationalisation and restructuring of the S.A. army. *African Security Review*, 4(1), 18-28.

Pretorius, T.B. (1997). *Salutogenic resistance resources: The role of personal and environmental characteristics in stress-resistance*. Unpublished doctoral thesis, University of the Orange Free State, Bloemfontein.

Pretorius, T.B. (1998). *Fortitude as stress-resistance: Development and validation of the Fortitude Questionnaire (FORQ)*. Bellville: University of the Western Cape.

Public is angry over crime. (2001, June 15). *The Citizen*, p. 12.

Quinton, D., Pickles, A., Maughan, B. & Rutter, M. (1993). Partners, peers, and pathway: Assortative pairing and continuities in conduct disorder. *Development and Psychopathology*, 5, 763-783.

Racism didn't die in 1994 – it is a growing problem. (2001, January 4). *Weekly Mail and Guardian*, p. 18.

Ray, B.D. (1995). Definitions of conservatism and liberalism provided by the publisher to test analysts. *An Evaluation of the Validity and Reliability of The PEERS Test*.

- Rice, F. (1992). *The adolescent: Development, relations and culture* (7<sup>th</sup> ed.). Boston: Allyn & Bacon.
- Richardson, G.E., Neiger, B.L., Jensen, S. & Kumpfer, K. (1990). The Resiliency Model. *Health Education, 21*(6), 33-39.
- Riemann, C., Grubich, C., Hempel, S., Mergl, S. & Richter, M. (1993). Personality and attitudes towards current political topics. *Personality and Individual Differences, 15*(3), 313-321.
- Roberts, J. (1999). Alarming increase in suicide teenage suicides. *The Sunday Independent*, 11 April, p. 7.
- Rogers, C.R. (1961). *On becoming a person: A therapist's view of psychotherapy*. Boston: Houghton Mifflin Company.
- Rokeach, M. (1973). *The nature of human values*. New York: Free Press.
- Rump, E. & Walker, B. (1982). Consistency and correlates of a revised C-Scale. *Australian Journal of Psychology, 34*(2), 205-209.
- Rutter, M. (1987). Psychosocial resilience and protective mechanisms. *American Journal of Orthopsychiatry, 57*, 316-331.
- Salovey, P. & Mayer, J.D. (1990). Emotional intelligence. *Imagination-Cognition-and-Personality, 9*(3), 185-211.
- Sammallahti, P. & Aalberg, V. (1995). Defence style in personality disorders: An empirical study. *Journal of Nervous and Mental Disease, 183*, 516-521.
- Sancton, T. (2001). A matter of life or death. *Time, 157*(20), 24-31.
- SAS Institute. (1985). *SAS user's guide: Statistics version* (5<sup>th</sup> ed.). Cary: Author.

- Schepers, J.M. (1990). *Faktorontleding*. Johannesburg: RAU-Drukkers.
- Schissel, B. (1993). Coping with adversity: Testing the origins of resiliency in mental health. *The International Journal of Social Psychiatry*, 39(1), 34-46.
- Schmidt, U., Slone, G., Tiller, J. & Treasure, J. (1993). Childhood adversity and adult defence style in eating disorder patients: A controlled study. *British Journal of Medical Psychology*, 66, 353-362.
- Scholtz, G.D. (1965). *Die bedreiging van die liberalisme*. Pretoria: Voortrekkerpers.
- Schwartz, J.M., Jacobson, A.M., Hauser, S.T. & Dornbush, B.B. (1989). Explorations of vulnerability and resilience: Case studies of diabetic adolescents and their families. In T.F. Dugan & R. Coles (Eds), *The child in our times: Studies in the development of resiliency* (pp. 134-156). New York: Brunner/Mazel.
- Scruton, R. (1984). *The meaning of conservatism*. Hong Kong: The Macmillan Press Ltd.
- Sears, D.O., Peplau, L.A. & Taylor, S.E. (1991). *Social psychology* (7<sup>th</sup> ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice Hall.
- Sebald, H. (1992). *Adolescence: A social psychological analysis* (4<sup>th</sup> ed.). Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Seeman, J. (1989). Towards a model of positive health. *American Psychologist*, 44(8), 1099-1109.
- Seligman, M.E.P. & Csikszentmihalyi, M. (2000). Positive psychology: An introduction. *American Psychologist*, 55(1), 5-14.

- Shorter, J. (1993). *Cultural politics in everyday life*. Buckingham: Open University Press.
- Shostrom, E.L. (1974). *Manual: Personal Orientation Inventory: An inventory for the measurement of self-actualisation*. San Diego, California: EDITS.
- Shulman, S. (1993). Close relationships and coping behaviour in adolescence. *Journal of Adolescence*, 16, 267-283.
- Sigelman, C.K. & Shaffer, D.R. (1995). *Lifespan human development* (2<sup>nd</sup> ed.). Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.
- Smith, C. & Carlson, B.E. (1997). Stress, coping, and resilience in children and youth. *Social Service Review*, 71(2), 231-256.
- Smith, E.R. & Mackie, D.M. (1995). *Social psychology*. New York: Worth Publishers.
- Snyder, C.R. (1995). Conceptualising, measuring and nurturing hope. *Journal of Counselling & Development*, 73, 355-359.
- Snyder, C.R. (1998). A case for hope in pain, loss and suffering. In J.H. Harvey, J. Omarzu & E. Miller (Eds), *Perspectives on loss: A sourcebook* (pp. 63-79). Washington: Taylor & Francis, Ltd.
- SPSS Incorporated. (1983). *SPSS user's guide*. New York: Author.
- Steinberg, M., Kinghorn, A., Söderlund, N., Schierhout, G. & Conway, S. (2000). HIV/AIDS – facts and figures. *South African Health Review*. Retrieved November 23, 2001 from the World Wide Web: <http://www.hst.org.sa/sahr/2000/chapter15.html>



- Steiner, H. & Feldman, S. (1995). Two approaches to the measurement of adaptive style: Comparison of normal, psychosomatically ill and delinquent adolescents. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry*, 34, 180-190.
- Sternberg, R.J. (1997). *In search of the human mind*. New York: Harcourt Brace College Publishers.
- Stevens, G. & Lockhat, R. (1997). 'Coca-Cola kids' - Reflections on black adolescent identity development in post-apartheid South-Africa. *South African Journal of Psychology*, 27, 250-257.
- Steyn, H.S. (1999). *Praktiese beduidendheid: Die gebruik van effekgroottes*. Potchefstroom: Publikasiebeheer Komitee, PU vir CHO.
- Strümpfer, D.J.W. (1990). Salutogenesis: A new paradigm. *South African Journal of Psychology*, 20(4), 265-276.
- Strümpfer, D.J.W. (1995). The origins of health and strength: from 'salutogenesis' to 'fortogenesis'. *South-African Journal of Psychology*, 25(2), 81-89.
- Strümpfer, D.J.W. (1999). Psychosocial resilience in adults. *Studia Psychologica*, 41, 89-104.
- Strümpfer, D.J.W. (2000). *Psychofortology: Review of a new paradigm marching on*. Unpublished manuscript, Department of Human Resources Management, Rand Afrikaans University, Johannesburg.
- Stuart, B. (1999a). New calls for death penalty. *The Citizen*, 29 June, p. 1.
- Stuart, B. (1999b). SAPS killings: get tougher say many. *The Citizen*, 6 May, p. 4.

Stuart, B. (1999c). Shocking figures of crimes on children. *The Citizen*, 29 September, p. 3.

Survey shows school crime most common in EC, KZN. (2001, June 13). *Daily Dispatch*, p. 2.

Taylor, S.E., Peplau, L.A. & Sears, D.O. (2000). *Social psychology* (10<sup>th</sup> ed.). New Jersey: Prentice-Hall Inc.

Teen tragedy. (2000, November 13). *Cape Argus*, p.11.

Thom, D.P., Louw, A.E., Van Ede, D.M. & Ferns, I. (1998). Adolescence. In D.A. Louw, D.M. Van Ede & A.E. Louw (Eds), *Human Development* (2<sup>nd</sup> ed.) (pp. 383-468). Kagiso Publishers.

Thoresen, C.E. & Eagleston, J.R. (1985). Counselling for health. *The Counselling Psychologist*, 13, 15-87.

Thorson, J.A. & Powell, F.C. (1993). Relationship of death anxiety and sense of humour. *Psychological Reports*, 72, 1364-1366.

Turner, J.S. & Helms, D.B. (1987). *Lifespan development*. New York: Holt, Rinehart & Winston.

Turner, R. (1994). AIDS threat leads some U.S. women to change their sexual behaviour. *Family Planning Perspectives*, 26(2), 93-96.

Vaillant, G.E. (2000). Adaptive mental mechanisms. *American Psychologist*, 55(1), 89-98.

Vaillant, G.E., Bond, M. & Vaillant, C.O. (1986). An empirically validated hierarchy of defence mechanisms. *Archives of General Psychiatry*, 43, 786-794.

- Van der Walt, H.S. (1980). Die wetenskaplike gebruik van inligting by voorligting en keuring vir vakleerlingopleiding. *Humanitas*, 6(2), 85-96.
- Van der Westhuizen, G.J., Monteith, J.L. & Steyn, H.S. (1989). Relative contribution of different sets of variables to the prediction of the academic achievement of black students. *South African Journal of Education*, 9(4), 769-773.
- Van Eeden, C. (1996). *Psigologiese welstand en koherensiesin*. Ongepubliseerde proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Potchefstroom.
- Van Ijzendoorn, M.H. (1989). Moral judgement, authoritarianism and ethnocentrism. *Journal of Social Psychology*, 129, 37-45.
- Van Zyl Slabbert, F. (1989). *The system and the struggle: Reform, revolt & reaction in South Africa*. Parklands: Jonathan Ball Publishers.
- Verhage, H.M. (1982). *Stabiliteit en verandering van persoonlikheid tydens vroeë adolessensie*. Pretoria: Vereniging van Technikons in die RSA.
- Verkuyten, M. (1998). Attitudes in public discourse. *Journal of Language and Social Psychology*, 17, 302-323.
- Vernuwing in die kerk. (1997). *Hervormer*, 90(13), 1-6.
- Victor, C., Kostyla, S. & Jones, R. (1985). Conservatism as a factor of sexual responding to a Word-Association Test. *Journal of Social Psychology*, 125, 275-276.
- Vigne, R. (1997). *Liberals against apartheid*. London: Macmillan Press.
- Von Glasserfield, G. (1991). Theoretical issues in research and reflexivity. In F. Steier (Ed.), *Research and reflexivity* (pp. 12-29). London: Sage.

Vygotsky, L.S. (1978). *Mind in society*. Cambridge, MA: MIT Press.

Walker, H.J. (1999). *Clarifying the affective component of psychological well-being*. Unpublished dissertation, University of Potchefstroom, Potchefstroom.

Walker, R.J. (1995). *Resiliency in adult children of alcoholic parents: Use of structural equation modelling*. Dissertation submitted to The University of Utah, Utah.

Wallace, J. & Forman, T. (1998). Religion's role in promoting health and reducing risk among American youth. *Health Education & Behaviour*, 25(6), 721.

Werner, E.E. (1985). Stress and protective factors in children's lives. In A.R. Nicol (Ed.), *Longitudinal studies in child psychology and psychiatry* (pp. 335-355). New York: John Wiley and Sons.

Werner, E.E. (1986). Resilient offspring of alcoholics: A longitudinal study from birth to age 18. *Journal of Studies on Alcohol*, 47, 34-40.

Werner, E.E. & Smith, R.S. (1982). *Vulnerable but invincible: A longitudinal study of resilient children and youth*. New York: McGraw-Hill.

We simply have to do better than this. (1999, October 13). *The Daily News*, p. 14.

Whitelaw, K. & Lovgren, S. (2000). AIDS in the classroom. *U.S. News and World Report*, 128(6), 32.

Wiggett, D. (2001). Let them hang, say our readers. *The Citizen*, 15 June, p. 1.

Wiggins, J.A., Wiggins, B.B. & Vander Zanden, J. (1994). *Social psychology* (5<sup>th</sup> ed.). New York: McGraw-Hill.

- Wilson, G.D. (1970). Is there a general factor in social attitudes? Evidence from a factor analysis of the Conservatism Scale. *British Journal of Social and Clinical Psychology*, 9, 101-107.
- Wilson, G.D. (1973). *The psychology of conservatism*. London: Academic Press.
- Wilson, G.D. & Iwawaki, S. (1980). Social attitudes in Japan. *Journal of Social Psychology*, 112, 175-180.
- Wilson, G.D. & Lee, H.S. (1974). Social attitude patterns in Korea. *Journal of Social Psychology*, 94, 27-30.
- Wilson, G.D. & Patterson, J.R. (1970). *The Conservatism Scale*. Windsor, England: National Foundation for Educational research.
- Wilson, G.D. & Schutte, P. (1973). The structure of social attitudes in South-Africa. *Journal of Social Psychology*, 90, 323-324.
- Wissing, M.P. (2000). *Wellness: Construct clarification and a framework for future research and practice*. Paper delivered at the First South African National Wellness Conference in Port Elizabeth, 2-5 May 2000.
- Wissing, M.P. (2001). *Lesing oor psigologiese welstand aangebied aan Universiteit van Bloemfontein*, Junie.
- Wissing, M.P. & Van Eeden, C. (1998). Psychological well-being: A fortigenic conceptualisation and empirical clarification. In L. Schlebusch (Ed.), *South Africa beyond transition: Psychological well-being* (pp. 379-393). Proceedings of the 3<sup>rd</sup> Annual Congress of the Psychological Society of South Africa. Pretoria: PsySSA.

- Witmer, J.M. & Sweeney, T.J. (1992). A holistic model for wellness and prevention over the life span. *Journal of Counselling and Development*, 71, 140-148.
- Wolin, S.J. (1991). *Paper presented at the Protecting Vulnerable Children Project, Children of Alcoholics Foundation, Inc.* Princeton University, Princeton, New Jersey, November, 1991.
- Wolin, S.J. & Wolin, S.J. (1993). *Bound and determined: Growing up resilient in a troubled family.* New York: Villard Press.
- Wolin, S. & Wolin, S.J. (1996). Beating the odds. *Learning*, 25(1), 66-68.
- Woods, P. (1990). Humour. In R.M. Thomas (Ed.), *The encyclopaedia of human development and education theory, research, and studies* (pp. 304-308). New York: Pergamon Press.

# BYLAE A

Tabel: Oblique geroteerde faktormatriks rakende items van konserwatisme

Items	Faktore					
	I	II	III	IV	V	VI
Item 2	0,422					
Item 5	0,333					
Item 11	-0,378					
Item 15	0,381					
Item 19	0,657					
Item 22	0,434					
Item 27	0,478					
Item 35	0,712					
Item 44	0,350			0,376		
Item 46	0,369					
Item 49	0,691					
Item 51	0,460					
Item 54	0,414	0,360				
Item 63	0,633					
Item 66	0,542					
Item 8		0,388				
Item 10		0,305				
Item 17		0,593				
Item 30		0,406				
Item 33		0,549				
Item 36		0,422				
Item 40		0,590				
Item 42		0,568				
Item 48		0,450				
Item 50		0,372		0,311		
Item 52		0,308				
Item 55		0,320				
Item 57		0,340			0,345	
Item 4			0,492			
Item 6			0,442			
Item 20			0,320			

Items	Faktore					
	I	II	III	IV	V	VI
Item 24			0,585			
Item 34			0,525			
Item 60			0,446			
Item 64			0,385			
Item 14				0,302		
Item 16				0,362		
Item 26				0,386		
Item 32				0,458		
Item 58				0,546		
Item 61				0,308		
Item 68				0,411		
Item 70				0,479		
Item 13					0,616	
Item 23					0,387	
Item 29					0,416	
Item 31					0,308	
Item 39					0,324	0,343
Item 41					0,412	
Item 43					0,359	
Item 53					0,450	
Item 59					0,321	
Item 7						0,432
Item 9						-0,340
Item 18						0,341
Item 47						0,477
Item 56						0,503
Item 69						0,359
Eigenwaardes:	6,667	4,074	2,963	2,025	1,995	1,705

N = 1238



## BYLAE B

Tabel: Totale ondersoekgroep se persentasie response op al die items van die Konserwatismeskaal

No	Item	Persentasie (%) response		
		Ja	Onseker	Nee
1.	Skooluniforms	71,3	4,4	24,3
2.	Evolusieteorie	20,6	36,1	43,3
3.	Patriotisme	46,2	35,8	18,0
4.	<b>Ontkleedanse (Striptease Shows) (Faktor III)</b>	<b>22,6</b>	<b>15,1</b>	<b>62,3</b>
5.	<b>Sabbatsheiliging (bv. Nie sport beoefen op Sondag nie) (Faktor I)</b>	<b>30,9</b>	<b>18,3</b>	<b>50,8</b>
6.	<b>Beatniks (Vroeë skool-verlaters) (Faktor III)</b>	<b>7,7</b>	<b>12,8</b>	<b>79,5</b>
7.	<b>Doodstraf (Faktor VI)</b>	<b>69,4</b>	<b>12,8</b>	<b>17,8</b>
8.	Moderne kuns	56,3	26,9	16,8
9.	Selfontneming (Weerhou van dinge wat vir jou plesier verskaf)	13,7	12,9	73,4
10.	Werkende moeders	74,9	12,5	12,6
11.	Sterrevoorspelling	29,2	21,8	49,0
12.	Geboortebepערking	71,5	10,6	17,9
13.	<b>Militêre dril (Militêre dissipline) (Faktor V)</b>	<b>39,8</b>	<b>21,8</b>	<b>38,4</b>
14.	gemengde geslag skole	86,2	6,7	7,1
15.	Goddelike geregtigheid/Divine Law	56,7	33,7	9,6
16.	Sosialisme	61,7	19,7	18,6
17.	<b>Wit superioriteit (Blanke oorheersing) (Faktor II)</b>	<b>18,6</b>	<b>16,9</b>	<b>64,5</b>
18.	Ondertrou van neefs/niggies	6,7	9,6	83,7
19.	<b>Morele opvoeding (Bv. Sondagskool) (Faktor I)</b>	<b>78,8</b>	<b>9,8</b>	<b>11,4</b>
20.	Selfmoord	4,2	7,1	88,7
21.	Chaperones (Derde persoon op 'n afspraak)	10,0	19,4	70,6
22.	Wettige aborsie	33,2	16,0	50,8
23.	<b>Magsopbouing (Empire-building) (Faktor V)</b>	<b>35,5</b>	<b>39,0</b>	<b>25,5</b>
24.	<b>Studentepret /-gekskeerdery (Faktor III)</b>	<b>51,6</b>	<b>22,1</b>	<b>26,3</b>
25.	Lisensiëringswetgewing	67,5	22,1	10,4
26.	<b>Rekenaar musiek (Faktor IV)</b>	<b>64,3</b>	<b>18,1</b>	<b>17,6</b>
27.	Kuisheid (Maagdelikheid/virginity)	65,1	18,4	16,5
28.	Fluoridasie (Die byvoeging van fluoried in water vir tandesorg)	46,5	29,5	24,0
29.	<b>Koninklikheid (Royalty) (Faktor V)</b>	<b>37,9</b>	<b>20,0</b>	<b>42,1</b>
30.	Vroueregters	77,7	10,6	11,7
31.	Konvensionele kleredrag	59,6	25,5	14,9
32.	<b>Tiener motorbestuurders (Faktor IV)</b>	<b>74,0</b>	<b>10,9</b>	<b>15,1</b>
33.	<b>Apartheid (Faktor II)</b>	<b>13,9</b>	<b>9,2</b>	<b>76,9</b>
34.	<b>Nudistekampe (Faktor III)</b>	<b>25,9</b>	<b>21,6</b>	<b>52,5</b>
35.	<b>Kerk (Faktor I)</b>	<b>62,0</b>	<b>18,0</b>	<b>20,0</b>
36.	Ontwapening	35,3	32,0	32,7
37.	Sensorskap	46,0	30,0	24,0
38.	Witleuens	36,6	22,7	40,7

No	Item	Persentasie (%) response		
		Ja	Onseker	Nee
39.	<b>Lyfstraf (Faktor VI)</b>	<b>52,0</b>	<b>11,9</b>	<b>36,1</b>
40.	<b>Gemengde huwelike (Veelrassige huwelike) (Faktor II)</b>	<b>50,4</b>	<b>10,9</b>	<b>38,7</b>
41.	<b>Streng reëls (Faktor V)</b>	<b>48,5</b>	<b>24,5</b>	<b>27,0</b>
42.	Jazz	43,3	16,5	40,2
43.	Dwangbaadjies (Strait jackets)	41,9	24,8	33,3
44.	Saamwoon voor die huwelik	62,6	12,2	25,2
45.	Studies in Latyn	44,5	18,5	37,0
46.	Egskeiding	20,4	15,9	63,7
47.	<b>Aangebore gewete (Faktor VI)</b>	<b>48,7</b>	<b>34,8</b>	<b>16,5</b>
48.	<b>Veelrassige immigrasie (Faktor II)</b>	<b>34,9</b>	<b>32,8</b>	<b>32,3</b>
49.	<b>Bybelse waarhede (Faktor I)</b>	<b>83,5</b>	<b>10,6</b>	<b>5,9</b>
50.	Pyjamapartytjies	75,0	9,0	16,0
51.	Slegs een seksuele maat	82,2	6,7	11,1
52.	Anti-depressante	37,2	31,1	31,7
53.	<b>Nasionale Diensplig (Faktor V)</b>	<b>50,5</b>	<b>25,9</b>	<b>23,6</b>
54.	Homoseksuele verhoudings	16,6	11,9	71,5
55.	<b>Gedwonge hervestiging van gemeenskappe (Faktor II)</b>	<b>12,5</b>	<b>20,8</b>	<b>66,7</b>
56.	<b>Regstellende aksie (Faktor VI)</b>	<b>26,2</b>	<b>19,4</b>	<b>54,4</b>
57.	Weerhouing van VIGS medikasie	23,2	11,5	65,3
58.	<b>Raveklubs (Faktor IV)</b>	<b>52,1</b>	<b>18,8</b>	<b>29,1</b>
59.	Inisiasie	51,5	25,0	23,5
60.	<b>Gebruik van alkohol deur minderjariges (Faktor III)</b>	<b>20,5</b>	<b>15,5</b>	<b>64,0</b>
61.	Verbied van rook in openbare plekke	57,7	8,0	34,3
62.	Akupunktuur	42,9	34,3	22,8
63.	<b>Kerkmusiek (Faktor I)</b>	<b>63,9</b>	<b>18,6</b>	<b>17,5</b>
64.	Wettiging van dagga	27,5	12,1	60,4
65.	Sentrale registrasie vir VIGS lyers	53,6	23,7	22,7
66.	Voorhuwelikse seks	32,3	18,4	49,3
67.	Die weiering van stemreg vir immigrante	39,8	23,9	36,3
68.	<b>Tatoëring (Faktor IV)</b>	<b>46,8</b>	<b>20,3</b>	<b>32,9</b>
69.	<b>Weerhou van parool vir kriminele oortreders (Faktor VI)</b>	<b>61,8</b>	<b>17,9</b>	<b>20,3</b>
70.	<b>Geperokside hare (Faktor IV)</b>	<b>54,7</b>	<b>17,9</b>	<b>27,4</b>

## BYLAE C

### Aanbieding van die Konserwatismeskaal vir Adolessente

Watter van die volgende verkies jy of hou jy van?

(Omsirkel "Ja" of "Nee". As jy absoluut onseker is, omsirkel "?". Daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie; moenie die vrae bespreek nie; gee net jou eerste reaksie. (Beantwoord alle items).

No	Items	Ja	Onseker ?	Nee
1	Streng reëls	2	1	0
2	Apartheid	2	1	0
3	Nasionale Diensplig	2	1	0
4	Weerhou van parool vir kriminele oortreders	2	1	0
5	Tatoeëring	0	1	2
6	Sabbatsheiliging (bv. Nie sport beoefen op Sondag nie)	2	1	0
7	Beatniks (Vroeë skool-verlaters)	0	1	2
8	Doodstraf	2	1	0
9	Tiener motorbestuurders	0	1	2
10	Kerkmusiek	2	1	0
11	Studentepret /-gekskeerdery	0	1	2
12	Magsopbouing (Empire-building)	2	1	0
13	Rekenaar musiek	0	1	2
14	Morele opvoeding (Bv. Sondagskool)	2	1	0
15	Nudistekampe	0	1	2
16	Militêre dril (Militêre dissipline)	2	1	0
17	Gemengde huwelike (Veelrassige huwelike)	0	1	2
18	Koninklikheid (Royalty)	2	1	0
19	Veelrassige immigrasie	0	1	2
20	Lyfstraf	2	1	0
21	Raveklubs	0	1	2
22	Gedwonge hervestiging van gemeenskappe	2	1	0
23	Gebruik van alkohol deur minderjariges	0	1	2
24	Kerk	2	1	0
25	Ontkleedanse (Striptease Shows)	0	1	2
26	Wit superioriteit (Blanke oorheersing)	2	1	0
27	Geperoksiede hare	0	1	2
28	Regstellende aksie	2	1	0
29	Aangebore gewete	2	1	0
30	Bybelse waarhede	2	1	0

## BYLAE D

### Subskale van die Konserwatismeskaal vir Adolessente

Subskaal	Items
Godsdienstige fundamentalisme	6,10,14,24 en 30
Etnosentrisme	2,17,19,22 en 26
Anti-hedonisme	7,11,15,23 en 25
Tienergedrag	5,9,13,21 en 27
Konformerende houding teenoor outoriteit	1,3,12,16 en 18
Aandrang op straf/reëls	4,8,20,28 en 29

WVU BIBLIOTEK